


DIE BESKRYWING VAN KAAPSE AFRIKAANS
AS 'N
VARIËTEIT VAN AFRIKAANS

HESTER CATHARINA DREYER (GEBORE VAN HEERDEN)

VOORGELEË OM TE VOLDOEN AAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD
MAGISTER ARTIUM
IN DIE
FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE
DEPARTEMENT AFRIKAANS EN NEDERLANDS
AAN DIE
UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT
STUDIELEIER: PROF. M.C.J. VAN RENSBURG
JANUARIE 1986

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHED E UIT DIE
BIBLIOTEK VERWYDER WORD NIE



Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN

13-5-1986

T 439.367 DRE

BIBLIOTEK

OPGEDRA AAN MY OUERS

INHOUDSOPGAWE

	Bladsy
HOOFSTUK 1	1
1. Inleiding	3
1.1 Hoekom Kleurling-Afrikaans	3
1.2 Spesifieke doelwitte van die studie	5
1.2.1 Samevatting van bestaande studies oor Kleurling-Afrikaans	5
1.2.2 Die daarstelling van 'n navorsingsmodel	5
1.2.3 'n Inventaris van verskynsels in Kleurling-Afrikaans	6
1.3 Die verloop van 'n taalvariasie-ondersoek	7
1.3.1 Dataversameling	9
1.3.2 Sistematisering	9
1.3.2.1 Variasietaalkunde en Sociolinguistiek	9
1.3.2.2 'n Basis vir variasietaalkunde: 'n inventaris van moontlike variante	10
1.3.2.3 Die implikasies van so 'n inventaris	12
1.3.2.3.1 Taalverandering	12
1.3.2.3.2 Sinchronie en diachronie	12
1.3.3 Interpretasie van die resultate	13
HOOFSTUK 2	15
2. Kort opsommings van vorige ondersoeke na Kleurling-Afrikaans (en verwante variëteite) en 'n evaluering daarvan	17
2.1 S.J. Bothma (1962), <u>'n Algemene Karakteristiek van die Taalgebruik van die Kleurlinge aan die Rand</u>	17
2.2 T.H. Links (1983), <u>Die Afrikaans van Kharkams</u>	18
2.3 W.J.C. Boonzaier (1982), <u>Die Spreektaal van Piketberg</u>	19
2.4 R.M. Klopper (1976), <u>Sosiaal Gestratifiseerde Taalgebruik in die Kaapse Kleurlinggemeenskap - 'n Fonologiese Onderzoek</u>	20
2.5 R.M. Klopper (1983), <u>Kaapse Afrikaans</u>	24
2.6 E.F. Kotzé (1983), <u>Variasiepatrone in Maleier-Afrikaans</u>	27
2.7 C. van Schalkwyk (1969), <u>Konvergensietendense in die Afrikaans en Engels van dubbeltalige Kleurlinge van Bellville-Suid soos gemanifesteer in die sinsklankvorm</u>	30

2.8	I. van Rheede (1983), <u>n Sosiolinguistiese ondersoek na taalgebruik in Bellville-Suid</u>	33
2.9	D.J. van Schalkwyk (1983), <u>Fonetiese variasie in die taal van die Rehoboth-basters</u>	38
2.10	n Opsommende oorsig van hierdie studie gemeet aan die maatstawwe in Hoofstuk 1 uiteengesit	46
2.10.1	Doelwitte	
2.10.1.1	Uiteensetting en samevatting van vorige ondersoeke	46
2.10.1.2	Modelvorming	46
2.10.1.3	n Inventaris	47
2.10.1.3.1	Ontsluiting	47
2.10.1.3.2	Sistematisering van die data	48
2.10.2	n Kritiese bespreking	49
	HOOFSTUK 3	53
3.	Navorsingsmodel as riglyn vir taalnavorsing uit n variasie-oogpunt	55
3.1	Inleiding	55
3.2	Onderskei van n eksplisiete doelwit met die ondersoek	57
3.3	Die ondersoekmetode	59
3.3.1	Seleksie van sprekers, omstandighede en linguistiese veranderlikes	62
3.3.2	Versameling van tekste	73
3.3.2.1	Samestelling van die korpus	73
3.3.2.2	Vraelyste en n voorlopige ondersoek	76
3.3.2.3	Die rol van die veldwerker en die onderhoud-situasie	86
3.3.3	Identifisering van variante en linguistiese veranderlikes	93
3.3.3.1	Transkripsie van die bandmateriaal	94
3.3.3.2	Identifisering van variante	95
3.3.4	Verwerking van die gegewens	97
3.3.4.1	Die wenslikheid van omvattende statistiese verwerkings	97
3.3.4.2	Die data word statistiek	98
3.3.5	Interpretasie van die resultate	102
3.4	Samevatting van navorsingsmodel	103

	Bladsy
3.5 'n Nota by die gebruik van hierdie model	103
Voetnotas	105
HOOFSUK 4	107
4. Kleurling-Afrikaans - 'n weergawe van eie en verwante navorsingsresultate	111
4.1 Versamelde databasis	111
4.1.1 Inleidend	111
4.1.2 Transkripsies en ontsluiting van die bandmateriaal	114
4.2 Sistematisering en klassifisering van die data	116
4.2.1 Inleidend	116
4.2.2 Oorsig oor die hoofkategorieë van verskynsels wat voorkom	118
4.2.2.1 Klankpatrone	118
4.2.2.2 Morfologiese verskynsels	119
4.2.2.3 Sintaktiese verskynsels	120
4.2.3 Die subkategorieë	121
4.2.3.1 Klankpatrone	121
4.2.3.1.1 Vokale	121
4.2.3.1.2 Konsonante	124
4.2.3.2 Morfologiese verskynsels	126
4.2.3.3 Sintaktiese verskynsels	131
4.2.4 'n Inventaris van verskynsels in Kleurling- Afrikaans	140
4.2.4.1 Klankpatrone	140
4.2.4.1.1 Vokale	140
4.2.4.1.2 Konsonante	156
4.2.4.2 Morfologiese verskynsels	174
4.2.4.3 Sintaktiese verskynsels	200
4.3 Sosiologiese veranderlikes as determinante vir taalgebruik	216
4.3.1 Determinante by die voorkoms van variasie	216
4.3.2 Sosiologiese veranderlikes	216
HOOFSUK 5	225
5. Slotbeskouing	227
BYLAE A	231
Transkripsies en ontsluiting van die bandmateriaal	233

	Bladsy
HOOFSUK 6	461
6. Bibliografie	463
6.1 Verhandelings, proefskrifte, verslae, referate en boeke	463
6.2 Tydskrifte en T.V.-onderhoude	467
OPSOMMING VAN VERHANDELING	468
Opsomming van verhandeling: <u>Die beskrywing van Kaapse Afrikaans as 'n variëteit van Afrikaans</u>	468
1. Inleidend - doelwitte	468
2. Inhoud	468
2.1 Uiteensetting en samevatting van vorige ondersoeke	468
2.2 Modelvorming	468
2.3 'n Inventaris	469
3. Slot	469

1. INLEIDING

1.1 Hoekom Kleurling-Afrikaans?

1.2 Spesifieke doelwitte van die studie

1.2.1 Samevatting van bestaande studies oor Kleurling-Afrikaans

1.2.2 Die daarstelling van 'n navorsingsmodel

1.2.3 'n Inventaris van verskynsels in Kleurling-Afrikaans

1.3 Die verloop van 'n taalvariasie-onderzoek

1.3.1 Dataversameling

1.3.2 Sistematisering

1.3.2.1 Variasietaalkunde en Sociolinguistiek

1.3.2.2 'n Basis vir variasietaalkunde: 'n inventaris van moontlike variante

1.3.2.3 Die implikasies van so 'n inventaris

1.3.2.3.1 Taalverandering

1.3.2.3.2 Sinchronie en diachronie

1.3.3 Interpretasie van die resultate

1. INLEIDING

1.1 HOEKOM KLEURLING-AFRIKAANS?

Kleurling-Afrikaans kom in hierdie studie onder die vergrootglas binne die breër studieveld van Kaapse Afrikaans as 'n variëteit van Afrikaans (die gebruik van bg. term kom later ter sprake).

Verskeie faktore het aanleiding gegee tot die aanpak van hierdie studie. In die eerste plek word Kleurling-Afrikaans hier beskou as een van die belangrikste variëteite van Afrikaans - 'n waarneming wat o.a. ook besliste implikasies vir die voortbestaan van Afrikaans het, en wat nie altyd gemaak is nie. So 'n variasiestudie oor Kleurling-Afrikaans is dus belangrik as die sprekerstal van dié variëteit in ag geneem word. Links (T.V.-onderhoud, 6 Augustus 1984) meen dat die Kleurling in Afrikaans, wat hy as sy eie taal beskou, lewe en selfs droom. Hy wys ook op die feit dat daar in 1984 reeds 9800 Kleurling-matrikulante in Suid-Afrika was met Afrikaans as eerste taal. Aan die Universiteit van Wes-Kaapland was terselfdertyd 1700 studente wat Afrikaans bestudeer het. Uit 'n taalbeplannings-oogpunt is dit dus essensieel om betrokke te raak by die voorkoms en wese van Kleurling-Afrikaans.

Ook Prinsloo (Prinsloo, K.P., in Linguistevereniging - Kongresreferate, 1983, p. 249) beklemtoon die wedersydse respek tussen kultuurgroepe vir mekaar se taalvariëteite: "In South Africa the development of language tolerance is an ideal to which the whole community could well contribute. Respect for the languages of other cultural groups in the country does not mean neglect of one's own language. On the contrary, it means affording the same opportunities in language expression to others as you yourself would like."

As gevolg van die feit dat daar nog geen eenvormige basis vir navorsing t.o.v. Kleurling-Afrikaans daargestel is nie, is studies wat tot dusver op dié gebied onderneem is, nog in die meerderheid van die gevalle idiosinkraties van aard. Hoewel Labov se navorsingsbeginsels neerslag vind in die betrokke ondersoeke (bv. Klopper, 1976 en 1983), kan dié norme nie

noodwendig oorgedra word op die Suid-Afrikaanse-, en spesifiek die Wes-Kaapse situasie nie. Met hierdie behoefte aan 'n eenvormige navorsingsmodel wat in ondersoek oor Kleurling-Afrikaans gebruik kan word voor oë, word in hierdie studie o.a. gepoog om d.m.v. die daarstelling van so 'n model toekomstige studies binne dié veld te konsentreer tot op 'n vergelykbare en kontroleerbare vlak (soos in Hoofstuk 3 uiteengesit).

'n Verdere behoefte wat blootgelê is, is die gebrek aan 'n breë (so volledig as moontlike) inventaris van verskynsels/veranderlikes wat in Kleurling-Afrikaans voorkom. So 'n databasis kan die inisiëring en strukturering van toekomstige studies heelwat vergemaklik, deurdat dit 'n riglyn neerlê vir die seleksie van spesifieke verskynsels wat verdere intensiewe ondersoek regverdig. Verder kan so 'n inventaris (soos dit in Hoofstuk 4 voorkom) 'n breë beeld gee van wat tipies is aan Kleurling-Afrikaans, hoewel dit nog nie so ver gaan as om byvoorbeeld die frekwensie en die herkoms van spesifieke verskynsels te bepaal nie. So 'n inventaris gaan m.a.w. net tot op 'n sistematiseringsvlak en dring nie deur tot op 'n interpretasievlak nie.

Om bg. doelwit te bereik, word in hierdie studie ingeskakel by die RGN se navorsingsprojek oor die Afrikaans van Kaapstad en omstreke (Verslag aan die RGN, N/6/11, 1985, 'n onderdeel van die groter projek oor die landstale van Suid-Afrika.) Die data wat in hierdie projek beskikbaar gestel is, het ook die voltooiing van hierdie studie vergemaklik. 'n Verdere uiteensetting van die verloop van die projek word onder 1.2.3 gegee.

Die term Kleurling-Afrikaans word nie allerweë as 'n gelukkige benaming beskou nie. Dié mening word ook hier onderskryf. Gerwel (Gerwel, in Graffier 5, 1982, p. 3) beskou die term Kleurling as 'n kru term om 'n subspesie te kategoriseer. Hy voel dat so 'n term so min as moontlik gebruik moet word, maar tog kan hy steeds nie 'n duidelike alternatief bied nie. Met die wete dat hierdie benaming nie ideaal is nie, sal in hierdie studie dus nóg van die term gebruik gemaak moet word a.g.v. die gebrek aan 'n meer aanvaarbare en minder etiketterende term.

1.2 SPESIFIEKE DOELWITTE VAN DIE STUDIE

Die spesifieke doelwitte van hierdie studie val drieledig uiteen: eerstens 'n samevatting van bestaande studies oor Kleurling-Afrikaans; tweedens die daarstelling van 'n basiese navorsingsmodel as riglyn vir toekomstige navorsing oor Kleurling-Afrikaans en derdens die opstel van 'n inventaris van verskynsels in Kleurling-Afrikaans.

1.2.1 SAMEVATTING VAN BESTAANDE STUDIES OOR KLEURLING-AFRIKAANS

Met hierdie kriptiese uiteensetting van die verloop van vorige ondersoeke oor Kleurling-Afrikaans, word beoog om 'n breë beeld te gee van wat reeds op hierdie gebied gedoen is en hoe sulke ondersoeke aangepak en deurgevoer is. Met 'n kort, kritiese bespreking van elke studie, word moontlike leemtes dan uitgewys wat nog kan bestaan (t.o.v. byvoorbeeld die ondersoekprosedure).

Die belang van hierdie samevattings lê daarin dat die navorsingsmetodes en -resultate van verbandhoudende studies oor Kleurling-Afrikaans saamgevat en geëvalueer word om 'n geheelbeeld te kry en om die resultate te integreer. In die verlede is nog nie soveel ondersoeke aangepak dat 'n groot volume materiaal telkens beskikbaar gestel kon word nie. Elke ondersoeker het ook sy eie navorsingsmodel gevolg aan die hand van 'n beperkte hoeveelheid beskikbare data. Hierdie sametrekking van vorige, idiosinkratiese studies kan dus lei tot 'n konsentrasie van suksesvolle voorstelle vir toekomstige, eenvormige ondersoeke.

1.2.2 DIE DAARSTELLING VAN 'N NAVORSINGSMODEL

Met die huidige stand van navorsing oor Kleurling-Afrikaans as agtergrond en met die ondervinding wat hierdie betrokke studie bied, is die volgende noodwendige stap die daarstelling van 'n navorsingsmodel. So word stap vir stap 'n basis saamgestel waarvolgens enige variasieonderzoeker (veral van Kleurling-Afrikaans) 'n navorsingsprojek kan beplan en deurgevoer. Met die verskillende kontrolelyste en diagramme in die hand, behoort so 'n ondersoek se strukturering in die beplanningsfase nie probleme op te lewer nie.

Dit bly egter belangrik om te beklemtoon dat so 'n model slegs

as riglyn bedoel word om idiosinkratiese studies te konsentreer. Dit mag m.a.w. nie voorskriftelik aangewend word nie (elke afsonderlike studie sal noodwendig unieke behoeftes en probleme na vore bring), maar bloot om studies oor bv. Kleurling-Afrikaans vergelykbaar en kontroleerbaar te maak.

1.2.3 'N INVENTARIS VAN VERSKYNSELS IN KLEURLING-AFRIKAANS

Met bg. navorsingsmodel as uitgangspunt en die data uit bestaande studies oor Kleurling-Afrikaans beskikbaar, word hier 'n individuele ondersoek geloods ten einde 'n lys van ooglopende verskynsels in Kleurling-Afrikaans op te stel. Vir hierdie doel word ingeskakel by die genoemde RGN-projek oor die Afrikaans van Kaapstad en omstreke (RGN N/6/11, 1985). Hier behoort dus sprake te wees van 'n volskaalse ondersoek met 'n beplannings- en dataversamelingsfase, 'n sistematiseringsfase en 'n verdiepings-/interpretasiefase (soos vollediger onder 1.3 uiteengesit).

Vir hierdie doel is van die versamelde bandmateriaal wat deur die RGN beskikbaar gestel is, gebruik gemaak. Die respondente se taalgebruik word getranskribeer en daaruit volg 'n ontsluiting van die materiaal in terme van die klankpatrone, morfologiese verskynsels en sintaktiese verskynsels wat ooglopend in die transkripsies voorkom.

Die sistematisering van bg. data behels die indeling van die verskynsels in taksonomiese kategorieë. Saam met die verskynsels wat in bestaande studies geïdentifiseer is, word hierdie data nou opgeneem in 'n gestruktureerde inventaris wat onderverdeel in subkategorieë en fyner besonderhede. Op dié manier word dit vir 'n ondersoeker moontlik gemaak om 'n geheelbeeld te kry van die taalverskynsels wat in Kleurling-Afrikaans voorkom. Omdat nie noodwendig gepoog word om verskynsels met 'n hoë gebruiksfrekwensie neer te pen nie, kan volgende ondersoekers(en) kontrolestudies uit die breë inventaris uittreksels maak en verder die voorkoms van die verskynsels en die indelings daarvan bevestig of weerlê. Daar word ook aandag gegee daaraan om elke verskynsel m.b.v. variasie-terminologie op so 'n eenvoudige wyse as moontlik uiteen te sit.

Ook die sosiologiese veranderlikes kry as taalgebruiksdeterminante aandag. Hoewel in dié studie nie daarop gekonsentreer word nie, word ook verskeie van hierdie veranderlikes wat die taalgebruik van die Kleurlinge kan beïnvloed, getabelleer.

In hierdie studie word dus hoofsaaklik gekonsentreer op die eerste twee fases van die ondersoekproses. Die interpretasiefase word nie intensief aangeraak nie - die navorsingsmodel en die inventaris van verskynsels skep juis verskeie verdere moontlikhede vir intensiewer navorsing en studie rondom die geïdentifiseerde verskynsels, hul voorkoms en hul herkoms. Ook ander variante soos bv. prosodiese en semantiese variante vereis nog verdere aandag.

1.3 DIE VERLOOP VAN 'N TAALVARIASIE-ONDERSOEK

Soos reeds uiteengesit, word 'n taalvariasie-ondersoek in drie fases afgehandel: 'n dataversamelingsfase, 'n sistematiseringsfase en 'n interpretasiefase. By die besinning oor hierdie proses is dit belangrik om 'n aantal vertrekpunte in ag te neem:

- Variasie in natuurlike tale kom sistematies voor.

Die wetenskaplike bestudering van taalvariante hang van hierdie stelling af. In bestaande variasieondersoeke word dié vertrekpunt dan ook algemeen aanvaar (vgl. o.a. Baily, 1973, p. 34; Bickerton, 1975, p. 66; Labov, 1971, 1972; Tarone, 1983; Vidos, 1956, p. 43 e.v.; Van Rensburg, 1985, p. 19).

Webb (Webb, 1985, p. 46 - 48) beredeneer hierdie stelling verder so: die taalwetenskap besef vandag dat linguistiese heterogeniteit 'n noodsaaklike, inherente kenmerk van menslike tale is, al sou geen eksterne faktore op hulle inwerk nie. Met linguistiese analyses is in die sewentigerjare bevind dat daar linguisties geen verskil is tussen "afwykende taal" en die sogenaamde standaardvorme nie. Albei vorme is ewe sistematies en kompleks en sprekers kan onderskeidelik in dieselfde mate uitdrukking gee aan hul kommunikatiewe behoeftes. Die sistematiek van nie-standaardvariëteite kan geïllustreer word deur die verlede tyds-konstruksie

in Griekwa-Afrikaans (GA) teenoor Standaard-Afrikaans (p.47):

- ek het hier begin x ek het hier gebegin (GA)
- hy het kom werk x hy't gekom werk (GA)
- die wou ons toe (loop) skiet x die't ons toe wil loop geskiet (GA)
- hy is 'n man wat werk gehad het x hy is 'n man wat werk gehet het (GA)

In Standaard-Afrikaans (SA) kom die verlede tyd oor die algemeen voor as het + ge- + werkwoordvorm en dan kom ook heelwat ander uitsonderings (soos bg. 4 gevalle illustreer) voor. In die GA-voorbeelde kom slegs 'n eenvoudige veralgemening van die SA-reël voor, deurdat bg. verlede tydskonstruksie ook op uitsonderlike gevalle toegepas word. In der waarheid is GA hier "meer sistematies" as SA - daar is van al die uitsonderings op reëls ontslae geraak.

- Taalvariëteite en -variante is prinsipiëel gelykwaardig. Die variante wat binne 'n variëteit van 'n taal voorkom, kan nie op grond van normatiewe oorwegings beoordeel en geëtiketteer word nie. 'n Variëteit behels 'n waarneembare verskil van 'n kontrasterende, konstante taalvorm. Die variëteit word willekeurig gekies uit verskeie moontlikhede, en word gemeet aan die Standaardvorm van die betrokke taal. Laasgenoemde vorm word egter bloot om gerieflikheidsoorwegings so gekies op grond van kenmerke soos bv. algemene bekendheid.

Omdat taalgebruik sosiaal gedetermineer is (sprekers se taalgebruik verskil omdat hulle tot verskillende sosiale lae behoort - vgl. o.a. Labov, 1971, 1972) bestaan daar onder nie-taalkundiges die neiging om nie-standaard variëteite van 'n taal as minderwaardig te beskou. In der waarheid behoort alle terme wat lg. siening ondersteun, vermy te word. Die term vereenvoudiging sal dus nie met 'n (variasie)taalkunde benadering versoenbaar kan wees nie. So sal bv. Afrikaans se werkwoordstelsel nié 'n vereenvoudiging van die Nederlandse stelsel wees nie, maar bloot 'n variëteit wat van lg. vorm verskil op 'n gelykwaardige basis. Dié verskil kan dan ook in die interpretasiefase van so 'n variasiestudie verklaar word.

Vorme van Kleurling-Afrikaans kan m.a.w. ook nie as "foutiewe" vorme van (Standaard-)Afrikaans beskou word nie, maar bloot as variante wat náás die Standaard-vorme voorkom en ook in dié terme verklaar kan word. Webb (Webb, 1985, p. 48) beklemtoon hier dat, hoewel tale in beginsel as gelyk beskou kan word, hulle tog in die praktyk radikaal kan verskil t.o.v. byvoorbeeld aansien. Hoewel Standaard-Afrikaans en Kleurling-Afrikaans as variëteite dus gelykwaardig is, kan hulle nie as gelyk beskou word nie. Hierdie beginsel van gelykwaardigheid is belangrik by die deurvoer van 'n variasieonderzoek.

1.3.1 DATAVERSAMELING

In die breë gesien, het hierdie fase te doen met die beplanning van die betrokke ondersoek/projek en die versameling van die materiaal waarmee verder gewerk gaan word. Dit behels o.a. die aanvanklike beplanning/strukturering, die loodsondersoek(e), die veldwerk (indien van toepassing), die seleksie van respondente/segsmanne, die seleksie (en opleiding) van veldwerkers, die opname van gesprekke (indien van toepassing) en die opberg van dié gegewens, transkripsies en transkripsietegnieke, opnametegnieke, ensovoorts.

In Hoofstuk 2 word die dataversamelingsfase van hierdie betrokke studie vollediger uiteengesit.

1.3.2 SISTEMATISERING

Die sistematiseringsfase behels die identifisering, klassifisering en uiteindelijke kategorisering van die versamelde data in taksonomiese kategorieë.


In hierdie studie word hoofsaaklik gekonsentreer op hierdie tweede van die drie ondersoekfases, omdat die opstelling van 'n inventaris een van die spesifieke doelwitte uitmaak. By die sistematiseringsfase is verskeie basiese beginsels en riglyne van belang:

1.3.2.1 VARIASIETAALKUNDE EN SOSIOLINGUISTIEK

In 'n taalvariasiestudie moet onderskei word tussen die grammatiese taalgebruiksvariante en die eksterne faktore wat verantwoordelik is vir die voorkoms van die betrokke

variante en variëteite. Die onderlinge verhouding tussen 'n spreker se sistematiese grammatika en die faktore wat hom as mens vorm, help om die voorkoms van sy idiosinkratiese taalgebruiksvariante te verklaar. Albei hierdie komponente kom sistematies voor en kan as sodanig deur taalondersoekers geïdentifiseer word. Daar kan dus onderskei word tussen variasietaalkunde (die ondersoekterrein van die grammatikapatrone van taalvariasie) en sosiolinguistiek (één van die terreine waarvolgens taalvariasie verklaar kan word en wat tot dusver die meeste aandag van variasietaalkundiges gekry het).

In hierdie studie word hoofsaaklik gekonsentreer op die sistematiese grammatiese variasie, terwyl die sosiolinguistiese determinante net kortliks aangeraak word (soos volledig in Hoofstuk 4 uiteengesit).



1.3.2.2 'N BASIS VIR VARIASIETAALKUNDE: 'N INVENTARIS VAN MOONTLIKE VARIANTE

Deur middel van die insig wat tydens die sistematiseringsfase na vore kom, word latere geldige verklarings tydens die interpretasiefase moontlik gemaak. Om 'n beeld van die totale variasie in Afrikaans te gee, sou 'n inventaris van al die variëteite binne Afrikaans en die variante binne elke variëteit afsonderlik saamgestel moet word.

'N INVENTARIS VAN DIE MOONTLIKE VARIANTE IN AFRIKAANS

Variëteit	Komponent
Standaard-Afrikaans	
Kleurling-Afrikaans	
Griekwa-Afrikaans	
Voorstad-Afrikaans	
Voortrekker-Afrikaans	
⋮ ∨	⋮ ∨

Nie-grammatiese faktore (bv. sociolinguistiek)

In hierdie studie word egter gekonsentreer op die variëteit Kleurling-Afrikaans. Verder kan variasie in verskeie komponente voorkom, bv. in 'n klankkomponent (fone en foneme), 'n morfologiese-, leksikale-, sintaktiese- (sins- en woordgroeppatrone), semantiese- en suprasegmentele komponent, ensovoorts.

DIE KOMPONENTE WAARIN TAALVARIËTEITE ONTLEED KAN WORD

Variëteit	Komponent
	Klanke Morfeme Woorde Woordgroepe
A	
B	
C	
⋮	

By die inventaris wat in hierdie studie opgestel word, word hoofsaaklik op klankpatrone, morfologiese verskynsels en sintaktiese verskynsels gekonsentreer. Die patroonmatigheid binne elke komponent word m.a.w. in so 'n inventaris vasgelê.

1.3.2.3 DIE IMPLIKASIES VAN SO 'N INVENTARIS

1.3.2.3.1 TAALVERANDERING

Die voorkoms van variante naas mekaar impliseer dat die tradisionele siening van taalverandering bevraagteken kan word.

As 'n variëteit A na 'n variëteit B verander, beteken dit dat die B-elemente nie meer in A teruggevind kan word nie. Volgens die tradisionele siening van taalverandering (sterk Darwinisties beïnvloed in die negentiende eeu) word talle voorbeelde van dié sg. taalverandering gegee, maar nêrens word aan bg. voorwaarde voldoen nie. Afrikaanse voorbeelde van "verandering" uit Nederlands word dikwels aangehaal (vgl. bv. Raidt, s.j.), terwyl dié Afrikaanse vorme ook (meestal) as nie-standaardvorme ("volkstaalvorme") voorkom. Wat egter wel soms bedoel word as daar van taalverandering gepraat word, is die vervanging van die toonaangewende sprekerslaag van die standaardtaal met 'n ander variëteit. Laasgenoemde variëteit is dus nie 'n nuwe standaardtaal nie - dit kry net standaardtaalstatus.

Ook Wessels (Nienaber, 1984, p. 32) beklemtoon die voorkoms van Afrikaans as nie-standaard variëteit in Nederlands:

"...Cape Cutch, whether barbarous or not; is nothing more than a Dutch dialect - than a veritable patois, whose origin must be sought in the Dutch writers of the seventeenth century, and the black slums of Amsterdam two hundred years ago! ... its origin was to be sought for not merely in the Dutch as spoken and written in the seventeenth century, but also among the lower classes of Amsterdam, as they were two hundred years ago."

Taalverandering kom slegs voor by bv. analogiewerking, die vorming van Intertale, by taalaanleerprosesse, beïnvloeding deur ander tale, ensovoorts (vgl. ook Hay, I.S. en Uys, I.C. (red.), 1985, p. 22 - 24).

1.3.2.3.2 SINCHRONIE EN DIACHRONIE

Die voorkoms van verskillende variante naas mekaar in 'n variantinventaris impliseer nou ook dat daar nie sprake kan wees van 'n ouer vorm wat oorgegaan het tot 'n jonger

vorm nie. Die sg. "ouer" en "jonger" vorme kom beide gelyktydig in hierdie inventaris voor, hoewel die gebruiksfrekwensie van die onderskeie variante mag verskil. Op dié wyse word ook die toepassings van die genealogiese metode (waarop die tradisionele siening van sinchronie en diachronie hom beroep) op variasiedata weerlê. Taalverwantskap (i.t.v. moeder-, suster- en dogterstale, ens.) blyk dus minder van toepassing te wees op die verklaring van variasiepatrone, as die hipoteses van die golfslagteorie. Ongelukkig het lg. teorie in die negentiende eeu heelwat veld verloor teenoor die genealogiese beskouings.

1.3.3 INTERPRETASIE VAN DIE RESULTATE

Wanneer die inventaris van variante (wat tydens die sistematiseringsfase gestalte kry) geïnterpreteer word, behels dit die poging om die sistematiese verskille met die betrokke standaardvariëteit te verklaar. Hierdie verklaring word gedoen in terme van o.a. die herkoms van die voorkoms van elke verskynsel. Dit geskied hoofsaaklik aan die hand van insigte uit nie-grammatikale faktore wat met menslike taal saamhang. Die verklaringswaarde kan selfs verhoog word deur meer as een nie-grammatikale faktor te kombineer om die wyse van die voorkoms van variante te verklaar (vgl. Hoofstuk 4 vir getabelleerde voorbeelde van dergelike soiolinguis-tiese determinante en kombinasies van sulke faktore).

In hierdie studie word (soos reeds onder 1.2.3 uiteengesit) nie volledig oorgegaan tot die interpretasiefase nie. Hoewel soms terloops verklarende aantekeninge gemaak word, is dié studie hoofsaaklik beperk tot die sistemativering van versamelde data (teen die agtergrond van bestaande studies en 'n navorsingsmodel as riglyn) met die oog op verdere interpretasie en verdieping in die toekoms.

2. KORT OPSOMMINGS VAN VORIGE ONDERSOEKE NA KLEURLING-AFRIKAANS (EN VERWANTE VARIËTEITE) EN 'N EVALUERING DAARVAN
- 2.1 S.J. Bothma (1962), n Algemene Karakteristiek van die Taalgebruik van die Kleurlinge aan die Rand (M.A., U.P.)
- 2.2 T.H. Links (1983), Die Afrikaans van Kharkams (D.Litt., U.W.K.)
- 2.3 W.J.C. Boonzaier (1982), Die Spreektaal van Piketberg (M.A., U.S.)
- 2.4 R.M. Klopper (1976), Sosiaal Gestratifiseerde Taalgebruik in die Kaapse Kleurlinggemeenskap - n Fonologiese Onderzoek (M.A., U.S.)
- 2.5 R.M. Klopper (1983), Kaapse Afrikaans (D.Litt., U.P.)
- 2.6 E.F. Kotzé (1983), Variasiepatrone in Maleier-Afrikaans (D.Litt., U.W.)
- 2.7 C. van Schalkwyk (1969), Konvergensietendense in die Afrikaans en Engels van dubbeltalige Kleurlinge van Bellville-Suid soos gemanifesteer in die sinsklankvorm (D.Litt., UNISA)
- 2.8 I. van Rheede (1983), n Sosiolinguistiese ondersoek na taalgebruik in Bellville-Suid (M.A., U.W.K.)
- 2.9 D.J. van Schalkwyk (1983), Fonetiese variasie in die taal van die Rehoboth-basters (D.Litt., R.A.U.)
- 2.10 n Opsommende oorsig van hierdie studie gemeet aan die maatstawwe in Hoofstuk 1 uiteengesit

2. KORT OPSOMMINGS VAN VORIGE ONDERSOEKE NA KLEURLING-AFRIKAANS (EN VERWANTE VARIËTEITE) EN 'N EVALUERING DAARVAN

In hierdie opsommings word die betrokke studies vergelyk ten opsigte van hulle doelwitte, die materiaal waarop die studies toegespits is, en die ondersoekmetode wat gevolg is.

2.1. S.J. Bothma (1962), 'n Algemene Karakteristiek van die Taalgebruik van die Kleurlinge aan die Rand (M.A., U.P.)

Die doel van die taalondersoek wat Bothma aangepak het, is om 'n algemene karakteristiek van die taal van die Kleurlinge aan die Rand te gee. Bothma meld ook dat sy persoonlike belangstelling in dié Kleurlinge se taal tot die ondersoek gelei het - in 1962 was daar reeds 63 816 Kleurlinge in dié gebied!

As ondersoeker het Bothma die volgende metode gevolg: hy was 'n dosent aan die Randse Onderwyskollege en kon sodoende met die Kleurling-studente (wat almal diensdoende onderwysers was) in aanraking kom. Bothma kon ook onopgemerk na gesprekke luister waar hy in die Coronationville Koshuis tuisgegaan het. Verder het hy skole besoek vir proefonderwys en baie onderhoude met skoolhoofde, onderwysers en ouers gevoer. Hy het ook bandopnames en draadopnames by die Ouethuis te Newclare gemaak. Die personeel en inwoners is na 'n vooraf besoek om vertroue in te boesem, ingespan. Laastens het hy ook woonbuurte (bv. Albertsville, Sophiatown, ens.) besoek en allerlei gesprekke aangeknoop.

Op grond van hierdie versameling van data maak Bothma sy betrokke gevolgtrekkings. Verskeie faktore dra daartoe by dat dié ondersoek nie as 'n oorwegend empiries-wetenskaplike ondersoek beskou kan word nie. Eerstens is geen vaste basis, uitgangspunt of probleemstelling as grondslag vir die ondersoek geneem nie - bloot persoonlike belangstelling. Daar is m.a.w. geen onderskeibare struktuur betrokke nie. Die informante is willekeurig gebruik vir onderhoude - daar is dus nie gepoog om met 'n ewekansige steekproef te werk nie (wat die resultate moontlik meer geldig

sou gemaak het). As gevolg hiervan het dit so gebeur dat die informante meerendeels uit die "hoër", intellektuele laag (onderwysers, studente, skoolhoofde en ouers wat wel hul kinders skool toe stuur) gekom het. Die feit dat daar nie gestruktureerde onderhoude gevoer is nie, maak die data wat verkry is, ook minder vergelykbaar en kontroleerbaar. Die data wat sodoende bekom is (foneties, morfologies en sintakties), is ook nie verder verwerk om fynere gevolgtrekkings moontlik te maak nie, maar bloot gelys. Die feit dat daar ook nie deurgaans bandopnames gemaak is van die taalgebruik van die Kleurlinge nie, maak die data nog minder kontroleerbaar.

Nog 'n faktor wat moontlik 'n invloed kon hê op die data (omdat die segsmanne se houding altyd 'n rol speel), is die feit dat die ondersoeker-veldwerker 'n Blanke was. Dit is 'n noodwendigheid dat Kleurlinge se taalgebruik geïnhibeer sal word in die teenwoordigheid van 'n Blanke. Dit is ook moontlik dat die bekendheid van sy "tietser"-skap (p.5) die sprekers laat opgradeer het omdat hulle opsien na hom. Laastens val dit op dat die ondersoeker sommige respondente (bv. die oumense) ingelig het omtrent die doel van die ondersoek, terwyl ander sprekers (bv. die studente) waargeneem is sonder hulle medewete. Daar was m.a.w. nie 'n konstante bewustheid van hul eie taalgebruik by die respondente nie en dit beïnvloed beslis die data wat verkry word.

Nogtans kan hierdie studie as't ware as 'n stukkie pionierswerk beskou word binne die studieterrein van Kleurling-Afrikaans as 'n variant van Afrikaans.

2.2. T.H. Links (1983), Die Afrikaans van Kharkams (D.Litt., U.W.K.)

Die rede vir die interessantheid van hierdie variant van Afrikaans as ondersoektema lê opgesluit in die feit dat die Basters, Khoi-Khoi en San geïsoleerd woon in die Kharkams. Dit het die gevolg dat dié sprekers van Afrikaans a.g.v. min taalkontak nog sg. "ouer" taalvorme besig wat nie meer vandag algemeen voorkom nie.

Links volg die volgende metode in sy ondersoek: net respondente bo 70 jaar is betrek by die ondersoek, omdat die jonger sprekers se taal reeds verander het a.g.v. stadskontak, die massamedia, ens. In onderhoude met dié betrokke respondente is informele gesprekke i.v.m. historiese interessantheide van die omgewing opgeneem. Die veldwerker het voorgegee dat die historiese data van belang is vir die ondersoek en sodoende is meer spontane taalresponse verkry as wat die geval sou gewees het indien die respondente omtrent die ware doel van die ondersoek ingelig sou gewees het. Eers na afloop van die opnames het die ware doel aan die lig gekom.

Ongelukkig gee die ondersoeker geen besondere detail-gegevens rondom die praktiese uitvoer van die ondersoek deur nie en dit bemoeilik die evaluering van die wetenskaplike betroubaarheid van die projek. (Vgl. bv. die ondersoek van Klopper.)

Omdat net in die sg. ouer vorme belang gestel is, kan daar nie gesê word dat die data en resultate algemeen verteenwoordigend van die Kleurling-Afrikaans van vandag in die Kharkams is nie. Daar word wel melding gemaak van informele onderhoude, maar dit is nie duidelik in watter mate die ondersoek gestruktureer is nie. Die response wat verkry is, is dus nie noodwendig vergelykbaar nie. Uit die voorwoord kan afgelei word dat die ondersoeker goed bekend is met die ondersoekgebied. Daaruit volg dat die segsmanne se response 'n hoë graad van natuurlikheid/egtheid behoort te hê.

2.3. W.J.C. Boonzaier (1982), Die Spreektaal van Piketberg (M.A., U.S.)

Dit is belangrik dat die bestek van hierdie ondersoek beperk was tot die Blankes van Piketberg. Daar is slegs hier en daar verwys na iets "uit die mond van die Kleurling" wat "in Blanke-Afrikaans bestendig is".

Boonzaier meld verder dat hy gekonsentreer het op die taalgebruik van die vissers en dat die oppervlakte van die studiegebied plus

minus 3 600 km² beslaan het.

Dit sou interessant wees om hierdie ondersoekmateriaal as kontrole te vergelyk met Kleurling-Afrikaans, omdat die twee variëteite nié gelykgestel kan word nie. Die twee variëteite sou slegs onder 'n oorkoepelende term soos "Kaapse Afrikaans" saam kon tuishoort. Hierdie studie dui wel op ooreenkomste tussen sprekers uit die verskillende groepe se variasie t.o.v. Standaard-Afrikaans.

Die ondersoeker brei ongelukkig glad nie uit oor die ondersoekmetode wat gevolg is en die navorsingsprosedure wat deurgevoer is nie. Daarom kan daar moeilik verdere opmerkings gemaak word rondom die betrokke studie met 'n oog op 'n vergelyking van die onderskeie ondersoeke.

2.4. R.M. Klopper (1976), Sosiaal Gestratifiseerde Taalgebruik in die Kaapse Kleurlinggemeenskap - 'n Fonologiese Onderzoek (M.A., U.S.)

Die doel van hierdie ondersoek is om vas te stel in watter mate die taalgebruik van die Kaapse Kleurlinge deur sosiale faktore soos status, geloofsverband en ouderdom beïnvloed word.

Die materiaal waarmee gewerk word, is die vier foneme /r; æ i; j; k/, elk met 'n hoë-status-allofoon en 'n gestigmatiseerde allofoon.

As metode van ondersoek kies Klopper die navorsingsprosedure van Labov. Daarvolgens moet

- natuurlike taalgebruik nagevors word,
- binne die onderhoudsituasie formele taalgebruik, 'n prosalesstyl, informele taalgebruik en die styl by die lees van minimale woordpare ontlok word,
- die gebruiksfrekwensie van die betrokke foneme by die verskillende style bepaal word en
- gebruiksfrekwensiegrafieke getrek word waarop gebruiksfrekwensie teenoor spraakstyl gestel word.

Klopper ondersoek bg. vier allofone en ken aan elke variant 'n statistiese waarde toe:

- /r/ - 0: glad nie geartikuleer nie
 1: swak geartikuleer
 2: duidelik geartikuleer

- /œ i/ - 0: ontronde [əi]
 1: halfronde [œi]
 2: ten volle gerond

- /j/ - 0: [dʒ] duidelik geartikuleer
 - 1: ligter [dʒ] (soms [dz])
 - 2: gewone [j]

- /k/ - 0: [tʃ] duidelik geartikuleer
 1: [tʃ] swak geartikuleer
 2: [k] soos in Standaard-Afrikaans

In samewerking met die Departement van Gemeenskapsbou word respondente op grond van beroep, inkomste, besittings en behuising uitgesonder. Dit val op dat die soort behuising 'n groot korrelasie met die sosiale klas van die inwoners vertoon. 'n Honderd persone word ewekansig geselekteer uit 2 834 adresse op die adreslyste van ouers by drieskole. Slegs 70 word uiteindelik gebruik a.g.v. verskeie faktore (bv. foutiewe opnames/weiering om deel te neem).

'n Bekendstellingsbrief in Engels word aan die geselekteerde persone gestuur (Engels om nie agterdog/teenstand te wek nie). In die brief word voorgegee dat die navorsing gaan oor die evaluering van opvoedkundige materiaal. Verder word die anonimiteit van informante gewaarborg. (Eers aan die einde van die onderhoude word aan die respondente bekend gemaak waarom die ondersoek in werklikheid gaan.)

In die onderhoude wat gevoer word, word opnames van 40 minute tot 1 uur lank gemaak. Ses taalgebruikstyle word ontlok en

vasgelê:

- verduidelikend
- beskrywend
- informeel
- prosa-leesstyl
- lees van 'n woordelys
- spontane spraakstyl op versoek (nadat doel van ondersoek bekend is).

Met die verwerking van die materiaal wat so verkry word, word verdere statistiese berekeninge gemaak. Die gebruiksfrekwensie van die verskillende allofone word bereken (slegs waar die allofoon se voorkoms beduidend is, m.a.w. waar dit minstens 10 tot 20 keer voorkom) en daarna word gebruiksfrekwensietabelle opgestel t.o.v. die volgende sosiologiese veranderlikes:

- klas (hoë-; middel-; lae klas)
- geloof (Christene; Moslems)
- ouderdom (jonk; middeljarig)
- geslag (manlik; vroulik)
- agtergrond (demografiese gegewens)

Gebruiksfrekwensiegrafieke toon verder aan of die verskynsels duidelik sosiaal gestratifiseer is of nie. Verder word verbande getrek tussen bv. geloof en klas en ook tussen ouderdom en geloof.

Wat interessant is, is dat die respondente se onsekerheid i.v.m. hulle taalgebruik (wat regstreeks op 'n aspek van taalevolusie dui) uitgedruk kan word in terme van die verskil in die gebruiksfrekwensie van onbevange, algemene spraak en dié van versigtige, gemoduleerde spraak. Die hiperkorrekte taalgebruik veral onder die middelklas dui ook op taalevolusie.

Klopper se aanhaling van Hymes se woorde som die kern van die motivering agter dié tipe ondersoek raak op: "In sum, if one analyses the language of a community as if it should be homogeneous, its diversity trips us up around the edges. If one starts with

analysis of the diversity, one can isolate the homogeneity that is truly there" (p.115).

Uit Klopper se ondersoek blyk dit duidelik dat Labov se navorsingsprosedure byval vind vir spesifiek navorsing oor Kleurling-Afrikaans. (Aanpassings sal egter nodig wees vir ander unieke ondersoeke met hulle eie vereistes en omstandighede.

Klopper se ewekansige steekproef bestaan slegs uit ouers wie se kinders skoolgaan. So 'n groep kan egter nie heeltemal verteenwoordigend wees nie, omdat daar tóg sprekers kon wees wat glad nie kinders het nie, of wat nie (op daardie stadium) kinders op skool het nie. Verder is die ewekansigheid beperk omdat net van jongmense en middeljariges se taalgebruik gebruik gemaak word. Sodoende kan daar nie werklik 'n volledige beeld verkry word van die taalgebruik van daardie afgebakende snit uit die samelewing nie.

Dit is bekend dat 'n spreker se bewustheid van en hoeveelheid aandag aan sy eie taalgebruik, sy uiteindelijke taalgebruik beïnvloed. Waar Klopper na die taalgebruik ná bekendmaking van die ware doel van die ondersoek verwys, praat hy van "spontane styl op versoek" (p.61). Dit is egter te betwyfel of die respondent op hierdie stadium op versoek werklik spontane taalgebruik sal kan besig - hy behoort nou juis vir die eerste keer intensief bewus te wees van sy eie taalgebruik.

Verder werk Klopper in sy ondersoek slegs met die verskynsels wat beduidend voorkom. Dié onderskeiding is wel goed om statistiese geldigheid en betroubaarheid in die hand te werk, maar sou 'n remskoen kon wees indien 'n breë inventaris (wat so 'n volledige beeld as moontlik kan gee) van verskynsels en inwerkende faktore opgestel moet word.

Wat van belang is, is dat Klopper 'n praktiese metode verskaf om die simptome van "taalevolusie" (wat mens ook "taalvervanging" sou kon noem) kwantitatief weer te gee; nl. om die verskil in die gebruiksfrekwensie van formele- en informele taalgebruik

te bereken. Nog 'n vereiste vir 'n suksesvolle projek binne dié studieveld (wat duidelik blyk uit Klopper se hantering van die betrokke projek), is die feit dat 'n deeglike beplanning essensieel is om dit te laat slaag. Dié tipe navorsing behels m.a.w. as't ware 'n proses wat sekere onweglaatbare elemente bevat.

2.5. R.M. Klopper (1983), Kaapse Afrikaans (D.Litt., U.P.)

Klopper omskryf in sy tesis twee ondersoekmetodes waarvan die navorser in variasie-ondersoeke gebruik kan maak. Waar die induktiewe valideringsprosedure neerkom op teorievorming na afloop van die ondersoek (gegrond op 'n ontwerpte navorsingsprosedure), behels die deduktiewe valideringsprosedure die aanvanklike formulering van 'n hipotese wat bewys/weerlê moet word. Klopper verkies lg. prosedure omdat die hipotese/teorie wat so gevorm word, wel verifieerbaar is (indien die hipotese verkeerd bewys word, word die aanvanklike hipotese bloot gewysig en die res van die stappe word weer gevolg totdat die uiteindelijke teorie bevredig), terwyl eg. prosedure geen selfevalueringsprosedure bevat waarvolgens die teorie getoets kan word nie.

In hierdie ondersoek word m.a.w. 'n hoofhipotese en ondersteunende hipoteses geformuleer en daarna word Labov se navorsingsprosedure met sekere aanpassings (soos in Klopper se M-verhandeling uiteengesit) gebruik. Eerstens moet die agterdog by die Kleurlinge (weens politieke minagting en 'n gevoel van onmag en frustrasie) in ag geneem word deur die beklemtoning van vrywillige deelname, 'n waarborg van anonimiteit en 'n waarborg dat die opnames slegs vir taalkundige navorsing (en geen politieke doel nie) aangewend sal word.

Die veldwerker sorg vir die verloop van die onderhoud. Deurdat die navorser self al die veldwerk doen, word die konteks van die taalgebruik konstant gehou. Verder word slegs met een geslag onderhoude gevoer omdat verskillende statusmerkers by die

verskillende geslagte voorkom. Die veldwerker sorg ook vir 'n konstante tydruimtelike oriëntasie vir die onderhoude - al die respondente word bv. aan huis en in min of meer dieselfde omstandighede besoek. Soos in Klopper se verhandeling uiteengesit, word die onderhoud patroonmatig gerig en die genoemde 6 spreekstyle ontlok. Klopper vind dan ook dat ander aanwesiges tydens die onderhoud in werklikheid die gesprek kataliseer.

Die respondentekorpus wat geïdentifiseer word, sien so daar uit:

Geloofsverband	Christen		Moslem	
Sosiale netwerk	Blank	Kleurling	Kleurling	Maleier
Sosiale stand:				
hoë klas	10	8	8	10
middelklas	16	10	9	7
werkersklas	17	18	14	12
	43	36	31	29
	79		60	
TOTAAL	139			

'n Gemiddeld van 4 opnames word per dag gemaak - elk 45 minute tot 1 uur lank. Die data word d.m.v. verdere verwerking gekwantifiseer en op grond van statistiese toetsing kry verskeie faktore wat taalgebruik kan beïnvloed, gestalte:

- kovariasie kom voor tussen taalgebruik en sosiale klas
- 'n geloofsverband kan aangedui word
- ouderdomstratifikasie kom voor
- verskillende sosiale netwerke se taal kom gestratifiseer voor
- die spraaklandskapsherkoms van elke spreker beïnvloed sy taalgebruik .

Deur die ondersteunende hipoteses waar te bewys, word die aanvanklike hoofhipotese as teorie aanvaar: variasie-binne-'n-taalsisteem onderlê sowel sosiaal gestratifiseerde taalgebruik as taalsisteemverandering in Kaapse Afrikaans.

'n Positiewe bydrae wat dié navorsingsprojek lewer, is die uitgespelde aanpassings van Labov se navorsingsprosedure om aan te pas by die spesifieke milieu van Kleurling-Afrikaans. Vir toekomstige navorsers kan dit baie beteken.

Omdat Blankes egter by die steekproef ingesluit is, kan die projek se resultate nie net so van toepassing gemaak word op Kleurling-Afrikaans as sulks nie. Klopper gebruik dan ook die oorkoepelende term "Kaapse Afrikaans". Hoewel Klopper redes verskaf daarvoor, beteken die feit dat slegs vroue in die steekproef opgeneem is dat die data nie altyd algemeen-geldend kan wees nie. Omdat die steekproef m.a.w. nie volkome verteenwoordigend is nie, sal 'n volledige beeld van verskynsels in 'n inventaris ook nie saamgestel kan word nie. In der waarheid dui die term "variasiestudie" juis op die blootlê van verskeidenheid om 'n taal in al sy fasette oor die breë spektrum waaroor dit binne 'n spraakgemeenskap voorkom, weer te gee.

Klopper beklemtoon die agterdog wat onder die Kleurlinge jeens Blankes en hul taal heers (hierdie kwessie word meer kere aangeraak). Dit is belangrik om dit deurgaans in ag te neem. Tog kan daar moontlik 'n wending kom indien die Suid-Afrikaanse situasie verbeter onder 'n nuwe bedeling. Heelwat vooroordeel en wantroue kan uitgeskakel word.

Laastens is dit belangrik om daarop te wys dat ander aanwesiges by onderhoude nie noodwendig die gesprek positief sal stimuleer nie. Agtergrondsgeraas en ontydige onderbrekings (bv. wanneer 'n kwaai eggenoot die respondent in die rede val; 'n gelag; kinders wat raas; hoenders/diere wat lawaai) kan nie alleen die sprekers se konsentrasie verbreek nie, maar ook die latere transkripsie en ontleding van die data oneindig bemoeilik.

In Klopper se verhandeling en tesis is 'n besondere deeglike grondslag gelê vir die uitbou van variasie-ondersoeke - spesifiek waar die Kaapse variante van Afrikaans ter sprake is.

2.6. E.F. Kotzé (1983), Variasiepatrone in Maleier-Afrikaans
(D.Litt., U.W.)

Daar word van verskillende veronderstellings uitgegaan by die onderneming van hierdie ondersoek. Daar word aanvaar dat die Maleiergemeenskap 'n hegte eenheid vorm a.g.v. die Maleiers se gemeenskaplike Islamitiese geloofsoortuigings. Verder: 'n Kleurling wat 'n Moslem word, aanvaar 'n stel gedragpatrone van die Maleiergemeenskap, maar Moslems wat Christene word, word blootgestel aan verwerping deur hul voormalige geloofsgenote. Die maatskaplike struktuur van die Moslems en die Christene verskil in 'n groot mate - by die Moslems is daar geen afgebakende klassesgrense bepaalbaar volgens Westerse norme nie. Sosiale klas word eerder volgens afkoms en vreemdheid bepaal. Laastens kom taalverandering minder geïnhibeerd voor by die Maleiers, omdat die prestige-waarde van Standaard-Afrikaans hier nie soveel tel nie.

Die ondersoekmetode in dié ondersoek kom baie ooreen met dié van Labov. Die ondersoeker kom aanvanklik met persone met kennis van die Maleiergemeenskap in aanraking (bv. I.D. du Plessis en die veldwerker Ishaak Abrahams). Die respondente word vooraf getelefoneer om afspraak te maak, maar indien die mense nie tuis is nie, word hulle wel nog later sonder afspraak besoek.

Die veldwerker se invloed op die sukses van die projek word as baie groot beskou. Hy moet sprekers kan gerusstel en verkieslik dieselfde dialek as die respondente praat om ongeïnhibeerde spraak te ontlok. Kotzé verkies die deduktiewe navorsingsmetode omdat die voorspellingskrag van die aanvanklike model geleidelik verhoog kan word d.m.v. toetsing van die hipoteses.

Die sosiale veranderlikes wat ondersoek word, sluit in geslag, ouderdom, sosio-ekonomiese en sosiale groepe (op grond van beroep, woongebied, opvoeding en die oordeel van die plaaslike veldwerker), religieuse faktore en die geografiese plasing binne die Kaapse Skiereiland. Die veldwerker rig dié onderhoude min of meer sodat die sprekers meestal omgangstaal gebruik in die

teenwoordigheid van die Kleurling-veldwerker (informele konteks) en 'n meer formele styl in die teenwoordigheid van die Blanke-navorsers (meer formele konteks). Die onderhoude word m.a.w. deur die navorsers alleen, saam met die veldwerker ('n Maleier) en soms deur die veldwerker alleen opgeneem. Die informante is wel deurentyd bewus van die doel van die ondersoek. Kotzé beskryf verder die heimlike opnames met 'n Sony TCS 300-stereokassetopnemer wat ongewenste klanke kan uitdoof. Die opnemer word soms in die veldwerker se sak versteek en 'n Electret-kondenseermikrofoon aan sy mou vasgespeld. Dit alles moet die ontspanne, informele atmosfeer vergemaklik.

Die ondersoek word so gestruktureer dat die volgende taalgebruikstyle ontlok word:

- informele gesprek
- formeler styl wanneer die taalondersoek en die bandopnemer verduidelik word
- formeel wanneer woordelys gelees word
- meer ontspanne wanneer leesstuk oor interessante, aktuele onderwerp gelees word
- spontane styl as vrae oor 'n onderwerp wat die respondent na aan die hart lê, beantwoord word

Sekere voorwaardes word ook by die keuse van die linguistiese veranderlikes in ag geneem:

- die verskynsel moet 'n kontroleerbare gebruiksfrekwensie binne die datakorpus toon
- die verskynsel moet immuun wees teen die bewustelike vermyding van die gestigmatiseerde variant daarvan
- die verskynsel moet deel van 'n groter struktuur uitmaak
- die verskynsel moet kwantifiseerbaar wees op 'n linieëre skaal

Slegs 15 opnames word volledig getranskribeer nadat dit 3 keer beluister is om die fonologiese, morfologiese en later sintaktiese data te selekteer. In die statistiese verwerking van bg.

veranderlikes word die verskille tussen gemiddeldes in der waarheid bereken. So word rekenkundige gemiddeldes uitgewerk, die standaardafwyking bepaal en verskeie ander statistiese toetse aangelê om die vlak van beduidendheid van die voorkoms van die verskynsel te bereken.

Verskillende interessante aspekte kom na vore uit die vorige ondersoeke waarna Kotzé verwys. Herkoms as sosiologiese veranderlike kan moontlik nuwe lig bring op veranderlikes wat in 'n spreker se taalgebruik geïdentifiseer word. (Trudgill, as navorser, was self 'n inwoner van dié ondersoekgebied.) Hierdie opset gee onmiddellik aan sy betrokke taalondersoek diepte t.o.v. kennis en die aanvoeling vir die variasie wat voorkom. Trudgill gebruik die bestaande kieserslyste vir die universum van persone waaruit die seleksie van respondente gemaak moet word. Binne die nuwe bedeling in Suid-Afrika behoort sulke kieserslyste ook handig te pas te kom, hoewel dit steeds nie verteenwoordigend kan wees van al die sprekers wat binne die spraakpektrum van die betrokke gebied voorkom nie. Sensuslyste behoort op hierdie stadium nog die volledigste weergawe te wees van die totale aantal sprekers binne 'n sekere gebied.

In Kotzé se ondersoek is dit belangrik om te onthou dat respondente maklik die veldwerker kan napraat in hul antwoorde in 'n poging om "reg" te praat. So kom hul eie, egte taalgebruik nie na vore nie. In gevalle waar die veldwerker min of meer dieselfde variëteit as die respondente praat, sal hulle nie voel dat hulle eie variëteit minderwaardig is nie. Sodoende word die egtheid van die data verseker. Omdat van verskillende veldwerkers gebruik gemaak is (o.a. die navorser self) kan die ontlokking van response en die waarneming van die data nie konstant wees nie. Die verskillende veldwerkers sal ook aparte subjektiewe oordele kan uitspreek oor die sosiale klas waartoe 'n segsman behoort. Mense wat breedweg tot dieselfde klas behoort, kan té maklik binne die finale interpretasie van die data in uiteenlopende klasse/kategorieë geplaas word.

Kotzé meen verder dat die veldwerker die onderhoud moet rig sodat 'n omgangstyl en ander style by die sprekers ontlok word, maar die veldwerker sou tog nie altyd intuïtief kan weet watter spesifieke styl van die respondent sy spontane/informele taalgebruik is nie. So 'n besluit bly dus relatief.

Omdat die ware doel van die taalondersoek reeds vroeg in die onderhoud bekend gemaak word, kan die taalgebruik wat daarna gebesig word, as (in 'n mate) geïnhibeerd bestempel word. Die respondent is nou heelwat meer bewus van sy taalgebruik en 'n ware spontane spraakstyl sal ook met moeite ontlok kan word.

In Kotzé se ondersoek word 'n bandopnemer gebruik wat ongewenste klanke kan uitskakel. Hierdie voordeel is baie belangrik as dit by die transkripsie van die bande kom. Die akkuraatheid van die transkripsies hang wel in 'n mate af van die hoeveelheid agtergrondsgeraas wat die waarneming van die taalgebruiksmateriaal bemoeilik. In dié ondersoek word slegs 15 bande volledig getranskribeer en die ander verskynsels wat raakgeloop word, word bloot neergestip. Die behoefte aan 'n breër konteks waarbinne betroubare resultate verkry kan word, bly dus steeds voorop. Ook op die statistiese vlak word slegs verskynsels met 'n beduidende gebruiksfrekwensie betrek. Daar is dus ook nog ruimte vir 'n breër inventaris van verskynsels wat in hierdie variant van Afrikaans voorkom. Ten slotte is dit belangrik om te onthou dat hierdie ondersoek hom nie oor Kleurling-Afrikaans in die breë uitspreek nie, maar slegs oor die Maleier-gedeelte daarvan.

2.7. C. van Schalkwyk (1969), Konvergensietendense in die Afrikaans en Engels van dubbeltalige Kleurlinge van Bellville-Suid soos gemanifesteer in die sinsklankvorm (D.Litt., UNISA)

Die oogmerk van hierdie studie is om 'n ontleding van die sinsklankvorm (dit omsluit toonhoogte, duur en klemverskille) van die Kleurlinge in die Bellville-Suid gemeenskap te maak. Hieruit kan dan konvergensietendense t.o.v. die Afrikaans en Engels in die taalgebruik van dié sprekers blootgelê word.

Wat die ondersoekmetode betref, word die proefpersone én die verskynsels wat betrek word, aansienlik beperk, hoofsaaklik a.g.v. die feit dat daar relatief min dubbeltalige Kleurlinge bestaan. Die opnames van die ondersoekmateriaal word in die musiekluisterkamer van die Bellvillese stadsbiblioteek gedoen t.w.v. die latere akkurate waarneming van die klanktendense. Die Afrikaanse en Engelse sinne word opeenvolgend "ineengevleg" op 'n dubbelband-magnetiese band, sodat die verskillende tale direk na mekaar beluister kan word:

Afrikaans: sin a _____ sin b _____ sin c _____
 Engels: sin a _____ sin b _____ sin c _____

Die ondersoeker gee stimulasiesinne deur, wat dan deur die respondent op 'n natuurlike wyse geles moet word. Hierdie sinne sluit in:

- groetsin
- antwoordsin
- aanroepsin
- uitroepsin
- versoeksin
- bevelsin
- vraagsinne met vraagwoorde (inversie- én ja/nee-vrae)
- vraagsinne met inversie van die onderwerp en die gesegde
- vraagsinne wat met ja/nee beantwoord kan word
- vraagsinne wat nie met ja/nee beantwoord kan word nie
- vraagsinne in die vorm van 'n stelling
- sin met bysinne as bepalers
- opvolgsinne

Slegs 6 proefpersone word gebruik en maatskaplik-geografiese agtergrondsbesonderhede word verkry om te kan bepaal of Afrikaans of Engels hul sekondêre taal is. Die opnames word verwerk met die hulp van elektroniese klankinstrumente soos 'n toonhoogtemeter en 'n osilloport. Van Schalkwyk beklemtoon egter dat die balans tussen die gebruik van instrumentele hulpmiddele en die persoonlike perseptuele metodes uiters belangrik is vir die beste resultate.

Van Schalkwyk bevind: "Elke persoon radbraak die landstale op sy eie, dikwels onnavolgbare manier". Hy kom dan ook tot die slotsom dat daar 'n hoë korrelasie bestaan tussen die vergelykbare Afrikaanse en Engelse uitings op 'n fisiese vlak. Daar bestaan dus 'n ooreenstemmende (ééntonige) intonasiesisteen vir albei tale. Wat wel opval, is dat die intervalle tussen die segmente van spraak verleng word in die sprekers se sekondêre taal.

Die ondersoeker kan homself nou afvra in hoe 'n mate die betrokke, afgebakende studiegebied funksioneel kan wees indien die ondersoek soveel inperkings t.o.v. proefpersone en die verskynsels wat bekyk word, behels. Ses proefpersone se taalgebruik sou nie as verteenwoordigend beskou kan word van 'n groter universum van dubbeltaliges nie. In so 'n geval kan die geografiese beperking waarop besluit is, miskien uitgebrei word om 'n groter steekproef teweeg te bring.

Die feit dat die proefpersone as't ware aangesê word om die tekste op 'n natuurlike wyse voor te lees, maak miskien ook die data minder betroubaar. Onmiddellik gee die spreker meer aandag aan sy eie taalgebruik en kan sy spraak nie meer natuurlik en ongeïnhibeerd wees nie. Hierdie probleem bly 'n dilemma vir ondersoekers van die prosodiese laag van taal. Ook die feit dat dit nodig gevind word om die opnames in 'n formele ateljee-atmosfeer te maak, behoort die egte taalgebruik van die respondente te beïnvloed - en so ook die betroubaarheid van die data in die algemeen.

Die stelling dat die sprekers die tale "radbraak" (reeds in 1969 gemaak) blyk ook vandag meer onaanvaarbaar te wees. Binne die gebied van Taalvariasie word aanvaar dat enige variant van 'n standaard-taalvorm op 'n gelyke basis daarnaas voorkom en geen waardeoordeel met betrekking tot die standaardvorm regverdig nie.

Wat belangrik is, is dat Van Schalkwyk dit beklemtoon dat die balans tussen die bevindinge van elektroniese meting en die

perseptuele metode van evaluering bewaar moet word. Elektroniese apparaat (op sigself nie-lewend en strak ingestel) kan nie die fyner nuanses van menslike waarneming vervang nie en net so kan die mens nie by die fyn tegniese voordele van die apparaat kers vashou nie. Albei metodes bly dus noodsaaklik vir 'n wetenskaplike waarneming.

Ongelukkig spesifiseer Van Schalkwyk nie in detail watter patrone kenmerkend van die intonasie van die betrokke verskillende soorte sinne is nie. Hy konsentreer slegs op die verskille tussen dié patrone in Afrikaans en Engels. Sy finale slotsom sou dus dieper kon gesny het en minder beperkinge ingehou het, indien die materiaal en resultate kontroleerbaar en vergelykbaar kon wees. Hoe dit ook al sy - so 'n ondersoek van die musiese laag van taalgebruik hou heelwat nuwe probleme en beperkinge in waaraan aandag gegee moet word naas die tradisionele Taalvariasie-ondersoeke, wat op materiaal uit die fatiese laag konsentreer.

2.8. I. van de Rheede (1983), 'n Sosiolinguistiese ondersoek na taalgebruik in Bellville-Suid (M.A., U.W.K.)

Die doelstelling van hierdie ondersoek is om vas te stel of daar m.b.t. die taalgebruik van 'n proefgroep respondente in die omgewing van Bellville-Suid 'n korrelasie bestaan tussen taalstruktuur en die sosiale veranderlikes waaraan die spreker onderhewig is.

Wat die ondersoekmetode betref, meld Van de Rheede dat Taalvariasie nié soos die TGG intuïsie as ondersoekmetode aanvaar nie, maar eerder 'n empiries kontroleerbare navorsingsprosedure. Hy onderskryf dan ook Labov se 5 "metodologiese aksiomas":

- Daar is geen taalgebruiker met 'n enkele spraakstyl nie - die taalgebruiksvorme verander konsekwent soos wat bv. die onderwerp van bespreking verander.
- Die spraakstyl word afgewissel n.a.v. die (on)bewuste aandag wat die spreker aan sy taalgebruik gee.

- Die omgangstaal waarin 'n spreker die minste aandag aan sy taalgebruik gee, verskaf die mees gesistematiseerde data vir linguistiese ondersoeke.
- Enige formele waarneming van 'n spreker se taalgebruik veroorsaak reeds meer as die gewone aandag aan sy spraak.
- Persoonlike onderhoude op band is die enigste manier om 'n groot hoeveelheid spraakdata van hoogstaande gehalte te bekom. Omdat die formaliteit van die onderhoudsituasie egter die sprekers inhibeer, moet die situasie so ontspanne moontlik gehou word d.m.v. tegnieke waarvan die veldwerker gebruik moet maak.

Wat die onderhoudsituasie self betref, beklemtoon Van de Rhee de weer Labov se 10 oogmerke vir 'n geslaagde onderhoud:

- Die taalgebruik van respondente moet met redelike klankgetrouheid op band vasgelê word - ongeveer 1 tot 2 uur se bandmateriaal per persoon.
- Demografiese gegewens oor die respondente is belangrik sodat sosiolinguistiese patrone ontleed kan word.
- Vergelykbare reaksies moet ontlok word met behulp van vrae om kontrasterende houdings en ervarings onder die subkulture te reflekteer.
- Vertellings oor persoonlike ervarings moet ontlok word om 'n stylverskuiwing na spontane omgangstaal teweeg te bring.
- Groepinteraksie moet gestimuleer word om gesprekke wat nie tot die navorser gerig is nie, vas te lê.
- Die veldwerker moet die grootste belangstelling van die respondent uit 'n reeks onderwerpe selekteer en hom stimuleer om self onderwerpe te definieer.
- Kommunikasiepatrone onder lede van 'n buurt moet vasgelê word om die posisie van die respondent binne die kommunikasienetwerk te bepaal.
- Die respondente se houding t.o.v. taal en linguistiese stereotipes moet blootgelê word.
- Inligting oor die linguistiese strukture word verkry d.m.v. 'n woordelys en leestekste wat 'n formele taalgebruikstyl ontlok.

- Deur middel van veldwerkeksperimente word 'n subjektiewe reaksie verkry t.o.v. die waarneming van linguistiese vorme.

Die vraestruktuur van die onderhoud ontlok verskillende taalgebruikstyle:

- onderhoudstyl
- informele styl
- styl by die lees van 'n prosastuk (formeler)
- woordelys (nog formeler)
- demografiese gegewens verkry na afloop van die onderhoud

In dié ondersoek is die keuse van respondente beperk tot die geografiese gebied van Bellville-Suid - die name word verkry van die lysie van standerd 3, 4 en 5-leerlinge in dié gebied. Die soort huis waarin die persone bly, word as vertrekpunt geneem om sosiale status aan die betrokkenes toe te ken (m.a.w. ook volgens inkomste). Die steekproef uit die universum (bv. 150 respondente) word verkry deur die verlangde aantal (bv. 15 proefpersone) in die universum te deel. So word die steekproefverhouding (bv. 10) verkry. Die eerste respondent word dan willekeurig geselekteer (bv. 9); dan bestaan die steekproef uiteindelik uit bv. respondente nommer 9; 19; 29; 39; ...; 149. Die aantal volwassenes word egter beperk tot 24 omdat ook adolessente en pre-adolessente in die groep verteenwoordig moet word.

In die bekendstellingsbrief i.v.m. die komende besoek word melding gemaak van skolastiese prestasies as die voorgenome onderwerp van bespreking. Die onderhoude word gevoer en daarna word die gegewens verwerk. Daar word 'n numeriese waarde (0; 1 en 2) aan elke variant van 'n verskynsel toegeken en deur daarvan gebruik te maak word die volgende bereken:

- die gebruiksfrekwensie van die voorkoms van die verskynsels
- die gemiddelde gebruiksfrekwensie van die verskillende sosiale groepe
- die standaardafwyking vir die subgroepe (dit bepaal of die variasie homogeen of heterogeen is)
- die geldigheid en betroubaarheid van die resultate d.m.v.

die F-ratio en t-toets.

Die sosiologiese faktore wat taalgebruik hipoteties beïnvloed is:

- sosiale struktuur
- ouderdom
- geslag
- stylvariasie

Verder word die tegniek "analise van variasie" gebruik om die verband tussen linguistiese- en ekstra-linguistiese veranderlikes te bepaal. Ook gebruiksfrekwensietabelle en -grafieke word opgestel. Op grond van al die bevindinge word taalteoretiese gevolgtrekkings gemaak.

Van de Rhee de toon ook die voorkoms van taalevolusie aan deur na 3 bevindinge te verwys - 'n hoër frekwensie van hoëklas-variante kom voor by adolessente, pre-adolessente van die arbeidersklas en die vrou (wat op hul beurt 'n groot invloed op die kinders het). Verder help die hiperkorrekte taalgebruik by die formeler style evolusie aan - dit lyk of die middelklas gestigmatiseerde vorme heeltemal vermy by die lees van die prosastuk en woorde-lys. Laastens bewys die linguistiese patrone taalevolusie - dit blyk duidelik dat bv. die gestigmatiseerde vorme van /c/ en /j/ besig is om vervang te word deur die ongestigmatiseerde variante daarvan.

In kommentaar op hierdie studie kan gevra word of die omgangstaal van sprekers (soos Labov sê) dan werklik die enigste gesistematiseerde data bied. Vir 'n beskrywing van die respondentegroep se natuurlike spraakstyl is dit so, maar die "doelbewuste" formeler style wat in ander afdelings van die onderhoud gebesig word, lewer natuurlik ook gesistematiseerde data vir spesifiek daardie gedeelte van die respondent se spraakspektrum op.

Van de Rhee de beskou bandopnames as die enigste manier om bevredi-

gende spraakdata vir navorsing te verkry. Ander waarnemings (bv. deur bloot te luister of data uit die nuusmedia) kan egter nie heeltemal geïgnoreer word nie, aangesien dit die breë kennis i.v.m. die verskynsel waarin belanggestel word, verdiep. Bandopnames bly egter wel verreweg die mees praktiese metode vir die verdere, wetenskaplike ontleding van die data.

Die steekproef-seleksie wat hier gebruik word, is wel heeltemal arbitrêr en prakties uitvoerbaar, maar met die seleksie van bv. elke tiende spreker, kan die steekproef té maklik uiteindelik eensydig wees. Daar moet eerder vooraf 'n breë evaluasie van die moontlike sprekers gemaak word t.o.v. bv. ouderdom, geslag en klas, sodat die uiteindelijke steekproef so verteenwoordigend as moontlik kan wees. Ook die feit dat die lysie wat gebruik word vir die seleksie so beperk is (net dié van standerd 3, 4 en 5-leerlinge), maak die steekproef minder verteenwoordigend.

Die gebruik van gestruktureerde onderhoude alleen, kan ook 'n inhiberende nadeel inhou - moontlike heimlike opnames van meer natuurlike taalgebruik rondom die onderhoud kon ook gemaak gewees het. Verder lyk dit asof linguistiese struktuur in hierdie ondersoek net in die formele spraakdele gesoek word. Dit is belangrik om te onthou dat linguistiese struktuur dwars oor die hele spraakspektrum voorkom.

Die gebruik van skoolprestasies as onderwerp wat voorgehou word vir bespreking, is miskien goed, omdat die steekproef alleenlik uit ouers van leerlinge en leerlinge self bestaan. Ander respondente wat nié so nou betrokke is by skoolaktiwiteite nie (en wat in der waarheid t.w.v. verteenwoordiging in die steekproef opgeneem moes gewees het), sou moontlik nie dié onderwerp so aktueel of interessant gevind het nie.

'n Laaste, algemene opmerking: die toekenning van numeriese waardes aan variante om vir statistiese doeleindes as't ware die graadverskil in die verskillende variante van 'n verskynsel weer te gee, kan moontlik minder van toepassing wees by morfologiese- en sintaktiese verskynsels. Waar 'n klank (bv. /œ i/)

bv. in verskillende grade gerond voorkom ([æi;æi;æy]), kan aan sinsvariasie gewoonlik net 2 waardes toegeken word - òf die verskynsel kom voor as A, òf dit kom as B voor (bv. die sinsvolgorde van 'n bysin is òf Subjek + Objek + Verbum, òf dit is Subjek + Verbum + Objek). Dit bly dus 'n ope vraag in hoe verre hierdie statistiese metode buite die terrein van klankvariasie van toepassing gemaak kan word.

2.9. D.J. van Schalkwyk (1983), Fonetiese variasie in die taal van die Rehoboth-basters (D.Litt., R.A.U.)

Van Schalkwyk sit aanvanklik die beginsels van die dialektologie uiteen. Hier word nou eerder gekonsentreer op sy verdere uiteensetting van die sosio-linguistiek omdat dit in hierdie projek oor Kleurling-Afrikaans meer oor die sosiale sy van taal gaan.

Volgens Van Schalkwyk onderskei Hudson 5 fases in so 'n taalondersoek:

- seleksie van sprekers, omstandighede en linguistiese veranderlikes
- versameling van tekste
- identifisering van linguistiese veranderlikes en variante in tekste
- verwerking van gegewens
- interpretasie van resultate¹

Sekere gevaarpunte t.o.v. bg. model moet egter in die oog gehou word. Dit is eerstens belangrik dat alle faktore wat taalgebruik moontlik kan beïnvloed, geïnkorporeer moet word indien foute nie begaan wil word nie. So kan mans en vrouens miskien 'n

1. Hierdie uiteensetting van Hudson word oorgeneem in die finale model wat in hierdie studie opgestel word as riglyn vir toekomstige navorsing m.b.t. Kleurling-Afrikaans.

spesifieke veranderlikes verskillend uitspreek en dit kan maklik verklaar word n.a.v. geslag as sosiolinguistiese faktor. In werklikheid behoort dié betrokke mans en vrouens tot verskillende beroepe, m.a.w. dié agtergrond is die belangrikste sosiolinguistiese faktor wat hul taalgebruik laat verskil. Die ondersoeker moet verder seker maak dat die hipotetiese veranderlikes ondubbel-sinnig gestel word. Hy moet ook sorg dat die sprekers vry-willig deelneem. Verder mag die bandopnemer nie die onderhouds-toneel oorheers nie, sodat die taalgebruik wat opgeneem word, nie soveel geïnhibeer word nie.

Labov onderskei verder 5 probleme wat in gedagte gehou moet word. Stylwisseling kom by 'n enkele spreker voor. Stylwisseling hang verder saam met die hoeveelheid aandag wat 'n spreker aan sy taalgebruik gee. Elke spreker het 'n "moedertaal styl" (naastebly 'n literêre vorm) én 'n min oorwoë styl. Die formeelheid van die spraak wissel daarby n.a.v. die konteks (bv. die bewustheid van die bandopnemer). Laastens is dit belangrik om te onthou dat die belangrikste data verkry word deur na sprekers te luister terwyl hulle praat sonder om formeel waargeneem te word. So ontstaan die waarnemersparadoks - die navorser moet ongelukkig in 'n mate sigbaar besig wees met waarneming van die respondent se taalgebruik, al word dit so onopvallend moontlik gedoen.

Van Schalkwyk sê verder dat 'n bruikbare, spontane styl gewoonlik verkry word as die gesprek gaan oor dood, gevaar en geweld, of geslag en interaksie (veral huweliksaansoeke), of morele verontwaardiging. Hy meld ook dat ander vorme van dataversameling behalwe bandopnames van onderhoude ook gebruik kan word, nl. data uit die massamedia en onsistematiese waarneming (bv. in 'n bus of trein). Wolfson het ook reeds bevind dat die blote invul van vraelyste of 'n blote willekeurige geselsie nie geskik genoeg is vir dié tipe taalondersoek nie. Sy beweer dat mense reeds gewoon is aan onderhoude en juis dān natuurlik sal praat.

Binne so 'n sosio-linguistiese model word verskynsels vooraf uitgesoek en na aanleiding daarvan word die gevalle in die tekste geselekteer waar dié verskynsels voorkom. Subjektiwiteit

kom egter wel voor waar navorsers hierdie variante moet uitken. Die linguistiese omstandighede (hoe die respondent die situasie ervaar) beïnvloed ook sy keuse van 'n variant.

Na die versameling van bg. data word die voorkoms van die variante tot 'n vergelykbare persentasievorm (gebruiksfrekwensie) verwerk en verdere statistiese toetse (bv. die rangordekorrelasie, t-toets en chikwadraattoets) dui die beduidendheid van die verskil- le in voorkoms aan. Dit is belangrik dat die regte toetse vir die gepaste verwerking aangewend moet word. Daarom moet die navorsers op hoogte bly van die nuutste statistiekteorieë van die dag. Op hierdie stadium kan nou 'n taalteoretiese raamwerk opgestel word n.a.v. die resultate.

Pride onderskei verskillende tipes veranderlikes wat taalgebruik kan beïnvloed:

- Linguistiese veranderlikes: grammatika; woordeskat; semantiek; fonetiek; paralinguistiek en grafologie
- Kulturele, sosiologiese- en interpersoonlike veranderlikes: sosiale groep, bv. beroep; platteland
rolverhouding, bv. voorsitter; leser
statusverhoudings, bv. werkgewer; werknemer
solidariteitsverhoudings
- Konteks van die situasie: fisiese omstandighede, bv. aantal teenwoordig
omgewing, bv. klaskamer
kommunikasiekanaal, bv. gesproke taal; radio

- Inhoud: onderwerp
 spraakfunksie
 verstaanbaarheid
- Persoonlike faktore: persoonlikheid
 gemoedstoestand
- Dinamiek van kommunikasie: wedersydse gedagte wyses
- Bedreweheid van gespreksgenote: vermoë om taal voor
 bring/te verstaan,
- Houdings, opvattinge t.o.v. gebruikers, bewustheid v.
 diversiteite (bv. selfbewustheid) en dryfvere (bv. b
 om te leer)

In Van Schalkwyk se ondersoek onder die Rehoboth-basters twee afdelings in die vraelys geïnkorporeer om alfabete en analfabete te akkomodeer:

Vir alfabete en analfabete:

- Afdeling A: Verkry inligting oor - Baster/nie
 - Afrikaans as " 1/
 nie
 - Kan lees/nie
- Afdeling B: Sosio-ekonomiese en geografiese besond
- Afdeling C: analfabete - spesifieke antwoorde ontli v.
 onder andere prente
 alfabete - paragrafe, woordelys en " re
- Afdeling D: Morfologiese gegewens
- Afdeling E: Sintaktiese gegewens
- Afdeling F: Informele gesprek
- Afdeling G: Bepaal variasiekeuse van die informante

Ongelukkig word die respondente se beroep nêrens gevra t
die sosiologiese agtergrondsgegewens onvolledig maak.

In die proses van dataversameling word 'n voorlopige ondersoek gedoen d.m.v. 5 proefonderhoude om die vraelys, tegniek van onderhoudvoering en die opname-apparaat te toets. Die opnames word d.m.v. 'n Silver RT 330 S-radio-bandopnemer-kombinasie met 'n versteekte mikrofoon gedoen. Die navorser doen die veldwerk self, howel sy spraak van die informante s'n verskil. Hy gee voor dat taalprogramme vir die Basters opgestel moet word (selfs nā die onderhoud ook nog). Omdat die navorser self in die ondersoek-omgewing grootgeword het, het hy ervaring van die Basters. Hy maak dan ook 'n punt daarvan om informeel geklee te wees tydens die onderhoude, om sodoende 'n ontspanne atmosfeer te bevorder. Hy vra ook selfs nie die sprekers se name en adresse nie, sodat die response van die sprekers meer ontspanne en sonder agterdog kan wees.

Die steekproef bestaan uit analfabete, laerskoolleerlinge, hoërskoolleerlinge, naskoolse persone tot 40 jaar en naskoolse persone bo 40 jaar. Mans én vrouens word geïnkorporeer en opnames word op die platteland, op Rehoboth en in Khomasdal gemaak. N heelwat probleme om opnames by elke derde huis/plaas te maak, word die gebied in 4 dele verdeel, waarin elk ewe veel opnames gemaak word. Die opnames word so informeel as moontlik in huise (sitkamer of kombuis) en soms in die motor of onder 'n boom gedoen. Die navorser vind dan ook dat ander teenwoordiges die respondente en die gesprek wel inhibeer eerder as stimuleer.

Probleme kom tydens die onderhoude voor wanneer die analfabete bv. (n.a.v. die prente wat aan hulle gewys word) nie die verlangde response maak nie. In so 'n geval word maar 'n paar variante aan hom voorgedou, waaruit hy die gepaste een (vir hom) moet kies. Ook wanneer die alfabete soms met die uitspraak van woorde soos bv. suutjies sukkel, word keuses aan hulle voorgedou. Soms lees die respondente heeltemal iets anders as wat in die leesstukke geskryf staan (bv. ek vir ons) en dit gebeur selfs dat van die respondente se oë te swak is om te kan lees.

Slegs die data wat in elkeen van die vraelyste voorkom, word verder gebruik sodat die materiaal vergelykbaar bly. Die transkripsie daarvan word gedoen deur na die opnames te luister en dan agterna te sê totdat 'n perfekte weergawe neergeskryf kan word.

Van Schalkwyk onderskei verskeie faktore wat die respondente se taalgebruik beïnvloed:

- ouderdom
- kwalifikasies
- tale magtig
- woonplek
- geslag
- inkomste
- etnisiteit van vader
- etnisiteit van moeder
- besit van 'n radio
- variasiekeuse
- lewensfeer
- informantgroepe
- geletterdheid

Met die statistiese verwerking van die gegewens word 'n indeksyfer (gebruiksfrekwensie) bereken. Deur middel van verdere analise word 'n eenrigtingklassifikasie-variasieanalise gemaak en daarna word die F-toets vir meer as 2 groepe vergelyk. 'n Rekenaarprogram word ook ingespan om met die statistiese analise te help. Uiteindelik vergelyk Van Schalkwyk meer as 2 faktore statisties - hy bring o.a. gebruiksfrekwensie, geslag en kwalifikasie, gebruiksfrekwensie en nie-talige faktore en klanksegmente saam met nie-talige faktore in verband.

Hoewel die Rehoboth-basters se taal noodwendig nie al dieselfde tendense as Kleurling-Afrikaans kan toon nie, is hierdie studie van Van Schalkwyk om meer as een rede belangrik. Hy gaan in meer besonderhede (as ander navorsers) in op die model waarvolgens sy studie uitgevoer is en dit kan in 'n groot mate ook as riglyne dien vir navorsing onder Kleurlinge. Verder kan die data wat hy

verkry het (as deel van die breë spektrum van Afrikaans soos dit deur verskillende groepe gepraat word) as kontrole dien vir die verskynsels wat in 'n Kleurling-onderzoek geïdentifiseer word. Ook Hudson se fases vir so 'n onderzoek word deur Van Schalkwyk beklemtoon - dit kan baie werd wees vir 'n onderzoeker wat 'n dergelike projek wil aanpak.

Die genoemde waarnemersparadoks is die groot dilemma van die navorser wat by die egte taalgebruiksvorm van sy groep respondente wil uitkom. 'n Balans sal gevind moet word tussen die formele onderhoud (wat taalgebruik inhibeer, maar verwerking en verdere hantering van die data vergemaklik) en onopgemerkte waarneming sonder enige bewustheid daarvan by die spreker (wat meer egte data voorsien, maar wat die verdere hantering daarvan bemoeilik). Wolfson se bewering dat mense gewoon is aan onderhoude en dan juis natuurlik sal praat, kan nié net so van toepassing gemaak word op Kleurlinge nie. Dié mense was nog nie almal blootgestel aan so 'n situasie nie en sal dus heel moontlik meer as gemiddeld bewus wees van hul taalgebruik tydens 'n onderhoud.

By die verskynsels wat ondersoek gaan word, en wat reeds finaal geselekteer word voor die werklike aanvang van die veldwerk (soos hier die geval is), kan baie interessante data tē maklik verlore gaan. Indien die moontlikhede egter oop bly tot na die afhandeling van die (volledige) transkripsies, kan 'n meer omvattende en interessante lys van verskynsels opgestel word, wat nuwighede kan bevat waarna nooit voorheen opgelet is nie. Dit bly egter belangrik om vooraf riglyne neer te lê.

Die proefopnames wat Van Schalkwyk vooraf doen, is van groot belang om die finale ondersoek glad te laat verloop. Teen die tyd dat die werklike veldwerk begin, is dit moontlik al te laat om foute reg te stel. Dit word ook duidelik dat elke stukkie detail belangrik is waar dit gaan om die uiteindelijke sukses van elke onderhoud. Selfs die kleredrag van die veldwerker moet inpas by die lewenstyl van die segsmanne.

Hoewel snitte uit die hoofgroepe van die Rehoboth-Basters-

samelewing (alfabete én analfabete; mans én vrouens; verskillende ouderdomsgroepe) gebruik word om die steekproef daar te stel, kan miskien verdere sosiologiese faktore (bv. sosiale klas; beroep; behuising; kwalifikasies) ook in ag geneem word t.w.v. ewekansigheid. Dit kan verseker dat die steekproef verteenwoordigend is van elke laag van die betrokke gemeenskap.

Dit is interessant dat Van Schalkwyk verskil van Klopper (Klopper, 1983, p.58) oor die invloed van ander teenwoordiges tydens die onderhoud. Van Schalkwyk meen dat sulke persone die gesprek inhibeer, terwyl Klopper meen dit kataliseer die gesprek. Dit hang natuurlik af van watter vorm die teenwoordigheid aanneem. Indien 'n positiewe bydrae tot die gesprek gelewer word, is dit goed, maar lawaaierige kinders en 'n eggenoot wat telkens beterweterig onderbreek, sal definitief nie die versameling van die teksmateriaal vergemaklik nie!

Dit is jammer dat dit nodig is om antwoorde soms voor te lê en die respondent dit te laat herhaal - sodoende is sy taalgebruik nie meer eg en heeltemal idiosinkraties nie. Dié probleem sal egter bly voortbestaan solank as wat analfabete betrek is by 'n ondersoek en ook wanneer alfabete uitgelok moet word om iets spesifiek te lê - en so 'n segsman dan heeltemal iets anders lê!

Laastens kan gemeld word dat elke variant van Afrikaans deur verskillende tale beïnvloed kan word (a.g.v. geografiese ligging en taalkontak). Vir die Afrikaans van die Rehoboth-Basters is Nama, Ovambo, Herero en Duits die invloed-tale, maar vir die Kaapse Kleurlinge bestaan dié taalkontaksituasie natuurlik nie. Nogtans bly hierdie studie oor die Rehoboth-Basters se Afrikaans 'n spieël vir die ondersoeker van Kleurling-Afrikaans.

2.10 'N OPSOMMENDE OORSIG VAN HIERDIE STUDIE GEMEET AAN DIE MAATSTAWWE IN HOOFSTUK 1 UITEËNGESIT

2.10.1 DOELWITTE

Die doelwit van hierdie ondersoek kan drieledig uiteengesit word. Eerstens dien 'n kriptiese uiteensetting van vorige ondersoeke oor Kleurling-Afrikaans (en ander naverwante studies) as 'n beeld van wat reeds op hierdie gebied gedoen is. Tweedens word 'n model opgestel waarop taalnavorsing op variasievlak in die toekoms gebaseer kan word (en in die besonder navorsing oor die taal van die Kleurlinge). Die derde doelstelling behels die opstel van 'n inventaris van verskynsels waardeur die Kleurling-variëteit van Afrikaans gekenmerk word.

2.10.1.1 UITEENSETTING EN SAMEVATTING VAN VORIGE ONDERSOEKE

Omdat daar nog nie soveel ondersoeke aangepak is waardeur 'n groot volume materiaal oor Kleurling-Afrikaans beskikbaar gestel is nie, is dit noodwendig dat elke ondersoeker sy eie navorsingsmodel sou volg aan die hand van 'n klein hoeveelheid beskikbare data. Om 'n geheelbeeld te kry en om die resultate te integreer, word die navorsingsmetodes en -resultate van vorige soortgelyke studies saamgevat en geëvalueer.

2.10.1.2 MODELFORMING

Met hierdie agtergrond en vorige persoonlike ervaring, tesame met nuwe insigpunte wat uit hierdie studie self na vore kom, word 'n model (die tweede doelstelling) stap vir stap saamgestel. Die essensie van hierdie poging is om 'n riglyn daar te stel, wat in die hand van elke toekomstige variasieondersoeker (veral op die gebied van Kleurling-Afrikaans) iets kan beteken. 'n Uiteensetting van die fynere besonderhede rondom elke navorsingstap lei tot verskillende kontrolelyste waaraan die ondersoeker telkens kan meet of hy die belangrikste faktore in ag geneem het. 'n Diagram aan die einde vat die navorsingsproses saam en behoort as uitgangspunt vir 'n nuwe ondersoek algou struktuur te gee aan 'n projek. Hierdie model poog dan ook om losstaande idiosinkratiese studietjies te konsentreer en sodoende die navorsingsresultate van die toekoms

meer kontroleerbaar en vergelykbaar te maak.

Dit is wel jammer dat persoonlike praktiese ervaring hier naas bestudering van ander navorsingsprojekte, nie 'n groter rol kon speel nie. Dit beklemtoon net weer die feit dat so 'n model geensins 'n rigiede voorskrif mag wees nie. Elke afsonderlike ondersoek is uniek en sal sy eie eise stel en behoeftes na vore bring. Hierdie model wil niks meer wees as 'n rigtingaanduidende raamwerk nie - 'n raamwerk afgelei uit die huidige stand van die navorsing oor die betrokke onderwerp, en geensins voorskriftelik nie.

2.10.1.3 'N INVENTARIS

Die derde doelstelling sentreer rondom die opstel van 'n inventaris van Kleurling-Afrikaanse verskynsels in die omgangstaal. Om dit te vermag, moet in werklikheid 'n volledige ondersoek geloods word - soos in bg. model uiteengesit. Hier behoort dus sprake te wees van 'n volkskaalse beplanning, praktiese uitvoer en verdere verdieping van die ondersoek. In hierdie geval word aangesluit by die ondersoek wat die RGN reeds 'n aantal jare gelede uitgevoer het en waarvan taalgegewens 'n onderdeel uitmaak het. Die beplanning rondom die versameling van bruikbare taalmateriaal en die veldwerk is reeds deur RGN-medewerkers gedoen (vgl. Webb, 1982, p. 18 e.v.). Hierdie ondersoek gaan dus van dié punt af verder met die transkribering van die bandmateriaal wat verkry is, en die verdere ontleding daarvan met die oog op sistematisering en uiteindelijke interpretasie.

2.10.1.3.1 ONTSLUITING

Die taalgebruik van 96 sprekers word vir hierdie ondersoek geïnkorporeer (waarvan net 86 bruikbaar is as gevolg van foute met die kassetbande self, of met die opnames, ensovoorts). Die navorsers en medewerkers werk saam om die materiaal in transkripsies vas te lê. Die opnames bestaan uit verskeie gedeeltes. Dit is belangrik dat slegs die "vertel-" en gesprekgedeeltes getranskribeer word, aangesien hier duidelik meer sprake is van 'n natuurlike en spontane taalgebruik. (Stylaspekte hiervan word later bespreek.) Die prosalesstukke, woordelyste en selfs die demografiese

vraelyste laat die sprekers meer as gewoonlik aandag aan hul spraak gee, en daarom kan dié gegewens nie sonder meer gebruik word as voorbeelde van spontane omgangstaalgebruik nie. Vir kontroledoeleindes, en om voorbeelde te hê van taalgebruik onder sulke omstandighede, is die materiaal wel bruikbaar. 'n Goeie diktafoon met 'n voetkontrole word gebruik en die transkribeerders poog om eers 'n perfekte weergawe van elke klein greep wat beluister word, te kan nasê, voordat dit neergeskryf word. Die navorser self kontroleer die medewerkers se transkripsies om te verseker dat dieselfde norm deurgaans toegepas word.

Na afloop van die transkribering, word die data ontsluit. Die inventaris wat ten doel gestel word, bevat onderskeidelik 'n afdeling oor klankpatrone, morfologiese- en sintaktiese verskynsels. Daarom word by die ontsluiting 'n drieledige lys opgestel van soveel as moontlik van die verskynsels wat in elke respondent se taalgebruik voorkom. Dit is belangrik om hier daarop te let dat die doel nie is om noodwendig verskynsels met 'n hoë gebruiksfrekwensie uit te sonder nie. Die inventaris, wat op grond hiervan opgestel gaan word, poog juis om sover moontlik alle klank-, woord- en sinsverskynsels wat raakgesien word, neer te pen. Die doelwit is om uiteindelik 'n inventaris van al die moontlike variante in Afrikaans op te stel. Uit so 'n relatief volledige lys kan 'n volgende ondersoeker nou 'n uittreksel maak om te kontroleer met sy eie bevindinge.

2.10.1.3.2 SISTEMATISERING VAN DIE DATA

Na afloop van die samestelling van bogenoemde lyste in die volgorde waarin die veranderlikes in die respondente se taalgebruik voorkom, word indelings gemaak om die genoemde verskynsels uit 'n taalvariasie-oogpunt te kategoriseer in taksonomiese kategorieë. Daarmee saam word 'n weergawe gegee van al die verskynsels wat in vorige verbandhoudende- (Kleurling-ondersoeke in die Kaap) en kontrolestudies (ander verwante variasie-ondersoeke) uitgesonder is. So kry die ondersoeker 'n beeld van wat reeds oor Kleurling-Afrikaans gedoen is en watter veranderlikes intensiewer bestudeer behoort te word.

Die verskillende kategorieë van veranderlikes wat ooglopend voorkom, word nou vir die eerste keer deurgaans in variasie-terminologie uiteengesit. Om dië kategorieë te versigbaar, word 'n gekonsentreerde tabel daarvan opgestel. Daarop volg dan die volledige lysing van die voorkoms van die spesifieke verskynsels binne die materiaal wat deur ander ondersoekers waargeneem is en spesifiek in hierdie ondersoek voorkom. So 'n indeling kan nou lei tot verdere verdieping t.o.v. opvallende interessantheid wat op dië manier blootgelê is.

2.10.2 'N KRITIESE BESPREKING

Die opstel van 'n navorsingsmodel bly natuurlik 'n geïdealiseerde norm wat daargestel word om riglyne deur te gee aan elke toekomstige taalvariasie-navorsers. 'n Aangepaste vorm van wat hier voorgestel word, behoort tog van waarde te wees in die beplanning, uitvoering en kontrole van 'n navorsingsprojek.

Wat die praktiese navorsingsafdeling van hierdie studie betref, sou dit baie moeilik wees om dië aspek te meet aan die maatstawwe wat in die model voorgehou word. Die rede hiervoor is die feit dat die verwerker van die data nie betrokke was by die aanvanklike beplanning van die studie nie. Ook die veldwerk is afgehandel voordat dië navorsers te doen gekry het met die betrokke data. Daarom kan dië navorsers nie die verantwoordelikheid aanvaar vir al die fasette van die dataversameling van die ondersoek nie.

Wat wel uit die kassetbande duidelik word, is dat die kwaliteit van die opnames nie baie goed is nie. Beter apparaat tydens die veldwerk sou dalk 'n verskil kon maak. Noggans is genoeg materiaal verkry (ten spyte van die feit dat slegs die klein, spontane gesprekgedeeltes van die onderhoude van toepassing is in hierdie ondersoek) en kan die materiaal met 'n goeie diktafoon wêl goed genoeg beluister word om klankpatrone te onderskei. Ongelukkig is ook van heelwat verskillende veldwerkers gebruik gemaak wat elk sy eie benadering tydens die onderhoud gevolg het (soos duidelik geword het uit die beluistering van die bande). Dit maak die vergelykbaarheid van die data van elke spreker kleiner, aangesien daar nie deurgaans van dieselfde norm en patroon uitgegaan is en sodoende vergelykbare response verkry kon word nie.

Ook die inkonstantheid van die hoeveelheid agtergrondsgeraas wat tydens elke onderhoud voorgekom het, maak die data in 'n mate minder vergelykbaar - dit beteken weer konsentrasie, aandag en spontaniteit wat in die slag bly.

Omdat hierdie ondersoeker self nie eerstehandse ervaring het van die veldwerk wat gedoen is nie, kan dit funksioneel wees om Webb (Webb, 1982, p. 18-19), wat self meegewerk het in die veldwerk wat in 1979 tydens die Kleurlingondersoek gedoen is, se kritiek daarop te bespreek. Hy wys daarop dat hierdie ondersoek in die eerste plek daarop ingestel was om sosiologiese data te bekom. Daarom is 'n sosiologiese ondersoektegniek aangewend. Hierdie tegniek behels ongelukkig juis dat die natuurlike afstand wat tussen die veldwerker en die respondente bestaan, bewaar moet word. Dit druis reëlreg in teen die beginsels van variasienavorsing - om die natuurlikste/spontaanste moontlike taalmateriaal te bekom. Daarom moet die veldwerker juis moeite doen om die segsman se vertrouwe te wen en hom op sy gemak te stel. Die situasie behoort na regte heeltemal ontspanne en informeel te wees. Verder wys Webb daarop dat té min vrye spraak voorkom, omdat die leesstukke en woordelyste die onderhoude heeltemal oorheers het. Dit kom dan daarop neer dat die meerderheid data wat op band vasgelê is, 'n weergawe van die Kleurlinge se Standaard-Afrikaans is, en nié hulle egte omgangstaal nie. Gelukkig kan hierdie probleem in 'n mate uitgeskakel word deur in hierdie ondersoek slegs van die gesprekgedeeltes van die onderhoude gebruik te maak. In dié redenasie word egter reeds weer buite rekening gelaat dat die formaliteit rondom bg. leesstukke ensovoorts ook die res van die onderhoud se taalmateriaal indirek kan beïnvloed. Webb meld ook die relatief swak opnames wat gemaak is a.g.v. die swak hantering van die opneemapparaat en die feit dat daar nie van 'n eksterne mikrofoon gebruik gemaak is nie. Dat die opnames veel te wense oorlaat, is 'n feit, maar tóg was voldoende beluistering (met goeie apparaat) moontlik om die veranderlikes te kan uitsonder.

Webb raak ook 'n ander beginsel aan - volgens hom is 'n ewekansige steekproef (as informantekorpus) uit 'n universum wat 'n hele spraakgemeenskap omvat, nié die ideale ondersoekgroep vir die aanvanklike projekte binne die betrokke studieveld nie. Hy meen

dat die spraakgemeenskap verteenwoordigend moet wees van 'n geweldige wye sosiologiese en geografiese gebied. Daar kom dus sōveel sekondêre faktore in gedrang, dat sommige van die determinante maklik buite rekening gelaat kan word. In diē proses word 'n steekproef saamgestel wat verteenwoordigend is van sekondêre faktore en niē noodwendig van taalgebruik nie! Eers, wanneer heelwat meer van so 'n taalgroep bekend is, behoort 'n ewekansige steekproef moontlik te wees. Webb meen dus dat 'n kleiner sosiale netwerk (heg gebind d.m.v. vriendskap, norme, familie ens.) meer funksioneel as universum gebruik kon gewees het binne diē Kleurling-ondersoek.

So 'n redenasie het meriete - die ewekansigheid van die steekproef wat in diē ondersoek aangewend is, word reeds verwater deur die feit dat net respondente bo 18 jaar oud gebruik is - terwyl 65,2 % (volgens Webb, 1982, p. 18) van die Kleurlingbevolking in 1975 onder 24 jaar oud was! Sodoende word enige verteenwoordigende ouderdomsgradering en -stratifikasie onmoontlik gemaak. In die toekoms sal dit dus belangrik wees om in die eerste plek op te let na die taaldeterminante binne 'n universum waarbinne geopereer word, en eers daarna na die ander sekondêre, o.a. sosiologiese faktore,

Die transkripsie van die bandmateriaal kon verder meer op 'n span-basis aangepak gewees het. Sodoende sou dit nie vir die navorser self nodig gewees het om soveel aanpassings aan te bring nie.

Met die opstel van die inventaris kan ook nie verwag word dat dit 'n volledige lys van verskynsels uit Kleurling-Afrikaans sal bevat nie. In die eerste plek is dit hoogs waarskynlik dat veranderlikes misgekyk kon gewees het. Verder is die navorsers se begrip van standaard en variasie (soos by die uiteensetting van die navorsingsmodel bespreek) ook nie noodwendig dieselfde as die volgende ondersoeker se oordeel nie. Elke ondersoeker se inventaris kan dus in 'n mate van die volgende een s'n verskil. Daarby moet in die oog gehou word dat hier slegs met 'n steekproef van respondente gewerk is. Die elemente van hierdie inventaris kan dus nie voor die deur van elke Kleurling in die Kaap gelê word nie. Heelwat nuwe data kan nog gevind word en die voorkoms van die gelyste veranderlikes is nie verteenwoordigend van diē verskynsels binne hierdie gemeenskap nie. Juis op diē wyse moet die inventaris as

basis dien vir verdere (vergelykende) ondersoeke.

Ook die kernagtige lys van sosiologiese veranderlikes (wat taalgebruik beïnvloed) wat geïdentifiseer word, mag uitgebrei én verfyn word.

Oor die algemeen kan dus gesê word dat hierdie ondersoek die riglyne lê en deure oopmaak vir die bestudering van 'n groot braakland. Gegrand op wat reeds in dié verband aangepak is, en gesistematiseer in 'n navorsingsmodel waarbinne uiteenlopende benaderings verenig is, kan die massa data wat nou beskikbaar is, nog baie interessante vondse oplewer.

NASKRIF

By die inhandiging van hierdie verhandeling het ook die ongepubliseerde verhandeling van J.J. Fourie (Fourie, J.J., Ongepubliseerde M.A., PU vir CHO) onder my aandag gekom as 'n verdere bron om die bibliografie van werke oor Kleurling-Afrikaans uit te brei.

3. NAVORSINGSMODEL AS RIGLYN VIR TAALNAVORSING UIT 'N VARIASIE-OOGPUNT

3.1 Inleiding

3.2 Onderskei van 'n eksplisiete doelwit met die ondersoek

3.3 Die ondersoekmetode

3.3.1 Seleksie van sprekers, omstandighede en linguistiese veranderlikes

3.3.1.1 Sprekers

3.3.1.2 Omstandighede

3.3.1.3 Linguistiese veranderlikes

3.3.2 Versameling van tekste

3.3.2.1 Samestelling van die korpus

3.3.2.2 Vraelyste en 'n voorlopige ondersoek

3.3.2.3 Die rol van die veldwerker en die onderhoudsituasie

3.3.3 Identifisering van variante en linguistiese veranderlikes

3.3.3.1 Transkripsie van die bandmateriaal

3.3.3.2 Identifisering van variante

3.3.4 Verwerking van die gegewens

3.3.4.1 Die wenslikheid van omvattende statistiese verwerkings

3.3.4.2 Die data word statistiek

3.3.5 Interpretasie van die resultate

3.4 Samevatting van navorsingsmodel

3.5 'n Nota by die gebruik van hierdie model

3. NAVORSINGSMODEL AS RIGLYN VIR TAALNAVORSING UIT 'N VARIASIE-OOGPUNT

3.1 INLEIDING

Binne die wetenskaplike navorsingspraktyk is die oorweging van die wisselwerking tussen inter-afhanklike faktore wat op die tema onder bespreking inwerk, belangrik.


Soos aangedui in die Navorsingsbulletin van die RGN (Volume 14, no. 1, 1984) is die (intellektuele) klimaat waarbinne hierdie tipe ondersoek uitgevoer word, bepalend vir die strategie wat gevolg moet word. Gesien binne 'n breëre intellektuele konteks, moet dus gebruik gemaak word van alle moontlike intellektuele hulpbronne tot die navorser se beskikking om 'n werkbare model daar te stel. So 'n raamwerk dien dan as ontwerp vir toekomstige navorsingsprosedures wat binne die spesifieke terrein uitgewerk word.

'n Aangepaste (vereenvoudigde) weergawe van die genoemde skematiese voorstelling in die RGN-Navorsingsbulletin, dui die breë terrein aan waarop navorsing in die algemeen beweeg. (Vgl. diagram 1.) Aan die beskrywing van Kleurling-Afrikaans as 'n variant van Afrikaans is daar in die loop van die afgelope aantal jare taamlik intensief aandag gegee (vgl. Hfst. 2).

Wanneer mens die studies hieroor van nader bekyk, word dit al gou duidelik dat hulle onderling baie van mekaar verskil, veral wat die metode betref wat gevolg is, die data wat bestudeer is, die manier waarop dit versamel is en die interafhanklike faktore (van verskillende aard), wat in die beskrywing daarvan ter sprake kom.

Die opstel van 'n werkbare model as riglyn vir die uitvoering van verbandhoudende navorsingsprojekte rondom die beskrywing van Kleurling-Afrikaans, is dus 'n noodsaaklikheid. So 'n model kan moontlik die beëindiging van verskillende klein, idiosinkratiese

DIE WETENSKAPLIKE NAVORSINGSPRAKTYK (INTRA-DISSIPLINÊRE KONTEKS)



studietjies, wat nie kontroleerbaar is t.o.v. 'n bepaalde norm nie, teweegbring.

Hierdie model kan nou opgebou word deur by die vroeë aanvang en beplanning te begin en met afsonderlike stappe te vorder tot die uiteindelijke praktiese uitvoering van 'n projek en dan 'n teorieverfyning op grond daarvan.

3.2 ONDERSKEI VAN 'N EKSPLISIETE DOELWIT MET DIE ONDERSOEK

Die doelwit van hierdie tipe ondersoek sal afhang van die materiaal waarmee gewerk word; moontlik 'n vergelykende studie tussen verskillende elemente in Kleurlingtaal (bv. in die trant van Van Schalkwyk, 1969, wat die konvergensietendense tussen die Afrikaans en Engels van dubbeltalige Kleurlinge ondersoek). Vir dié ondersoek gaan dit om die opstel van 'n (volledige) inventaris¹ van tipiese fonetiese, morfologiese en sintaktiese verskynsels in die taal van die Kaapse Kleurling.^{a)} (Vir alfabetiese voetnotas, sien einde van hierdie hoofstuk.)

Dit is belangrik om daarop te let dat dié verskynsels (variante) aan 'n bepaalde norm gemeet moet word. Omdat taalgebruiksverskynsels oor 'n breë spektrum in die samelewing voorkom en elke spreker dus op sy manier subjektief ingestel kan wees oor wat nou eintlik Standaard-Afrikaans is en wat nie, is dit uiters moeilik om so 'n norm daar te stel. Wat "wyk" nou eintlik "af" van die standaard; m.a.w. watter vorme is nou eintlik die tipiese Kleurling-Afrikaanse variante? Hier sal die oordeel van die ondersoeker self gebruik moet word om te onderskei tussen standaard

1. So 'n inventaris van tipiese verskynsels wat binne 'n bepaalde variëteit van 'n taal voorkom, kan natuurlik nie allesomvattend wees en elke moontlike taalgebruiksverskynsel beskryf nie. Die inventaris kan alleenlik poog om so 'n volledige beeld as moontlik te gee van verskynsels waarvan die gebruiksfrekwensie beduidend is binne die spesifieke steekproef van respondente wat by die projek betrek is.

en nie-standaard (vergelyk Van Rensburg e.a., 1984, p.48). (Dië probleem word hier nie verder bespreek nie.)^{b)}

Dit is egter belangrik om te onthou dat die Kleurling-Afrikaanse variëteit nié ondergeskik is aan die standaardvariëteit nie,^{c)} maar dat die twee variante op gelyke basis naas mekaar voorkom. Bogenoemde inventaris van moontlike variante van Afrikaans kan sodoende as basis dien vir die vergelyking van verskillende snitte uit die breë spektrum van die voorkoms van Afrikaans.

Hierdie tipe ondersoek kan 'n verdere uitbreiding ten doel hê, naamlik om op 'n statistiese basis verskillende sosiale veranderlikes wat tot die voorkoms van die genoemde verskynsels bydra, met mekaar te vergelyk. Sodoende kan byvoorbeeld gesien word of informante se geloofsverband enige invloed het op die voorkoms van 'n sekere verskynsel in hul taalgebruik (vergelyk Klopper, 1983, p.162: Die Moslems lewe streng volgens godsdienstige voorskrifte en daarom kom daar geloofstratifikasie voor - hulle gebruik relatief min normatiewe vorme). Verder kan verbande oorkruis getrek word tussen meer as een sosiale veranderlike. So stel Klopper (Klopper, 1976, p.91) byvoorbeeld geloof teenoor klas en D.J. van Schalkwyk (Van Schalkwyk, 1983, p.139) geslag teenoor kwalifikasie (soos in Hoofstuk 4 aangedui). Die wenslikheid van intensiewe statistiese verwerkings word later in hierdie hoofstuk bespreek.

In watter mate die beskrywing van hierdie variasieverskynsels tot 'n herbesinning oor die begrip taalevolusie^{d)} aanleiding gee, kan ook bespreek word, hoewel dit nie die hoofdoelwit van hierdie ondersoek is nie.


Samevattend dus: Die doel en motivering van 'n ondersoek na 'n variëteit soos byvoorbeeld Kleurling-Afrikaans, moet duidelik uitgespel word om die riglyne neer te lê waarvolgens die beskrywing sal plaasvind. Sodoende kan al die medewerkers aan die navorsingsprojek elk op hul uitgestippelde studieterrein bly, sonder dat die ondersoek naderhand uitrafel en 'n algemene, nie-geankerde rondsoekery word.

3.3 DIE ONDERSOEKMETODE

Die ondersoekmetode moet vervolgens oordeelkundig beplan word n.a.v. die behoeftes, moontlikhede en beperkings van die materiaal waarmee gewerk gaan word (vgl. ook Bell, 1976, p.15 e.v.).

Klopper (Klopper, 1983, p.10-13) maak melding van 'n induktiewe en deduktiewe ondersoekmetode waarvolgens gewerk kan word.


Eersgenoemde valideringsprosedure verloop soos volg:



Hierdie prosedure omvat ongelukkig geen selfevalueringsprosedure om die teorie te toets nie. Afhangende van wat alles met die ondersoek bereik wil word, kan dié prosedure met minder of meer sukses toegepas word. Met die huidige gebrek aan 'n samevattende en uitbreidende inventaris van alle tipiese verskynsels in Kleurling-Afrikaans, kan bogenoemde prosedure wel gebruik word om hierdie eerste groot baken in die breër studieterrrein van Kleurling-Afrikaans agter die rug te kry. 'n Basiese teorie wat die voorkoms van klank-, woord- en sinsverskynsels in Kleurling-Afrikaans naas Standaard-Afrikaans bespreek, kan dus reeds geformuleer word. Ook die sistematisering en verwerking van die data om die sosiologiese veranderlikes wat daarop inwerk te onderskei, kan reeds gedoen word, maar op hierdie vlak word geldige toetsing nodig. Slegs 'n tweede vergelykende ondersoek van dieselfde aard, maar met ander materiaal, sal dié gevolgtrekkings kan valideer.

Die deduktiewe valideringsprosedure verloop egter anders in dié sin dat dit selfevaluerend is en sodoende interne aanpassings

aan 'n moontlike foutiewe/onvolledige/oortollige teorie moontlik maak:



Hierdie prosedure vereis dus van die ondersoeker om op grond van vorige ondervinding of voorlopige kennismaking met die beskikbare data, 'n algemene gevolgtrekking te maak in die vorm van 'n hipotese met ondersteunende hipoteses wat daaruit voortvloei. Met die verloop van die ondersoek behoort dit dus duidelik te word of so 'n hipotese geldig is.

'n Probleem wat in hierdie studie met die prosedure ondervind is, is die vraag na watter mate heeltemal nuwe en uiteenlopende taalbevindinge (wat nie noodwendig verband hou met die oorspronklike hipotese nie) nou nie tot hul reg sal kom nie, omdat heel aan die begin reeds tot 'n groot mate besluit is watter faktore die ondersoek moet bepaal. Sou dit nie in sekere gevalle meer gepas wees om maar 'n meer voorlopige, breër doel met die ondersoek af te baken en dan binne daardie breër veld te werk met al die inligting wat met die verloop van die ondersoek uit die data duidelik word nie? Menslike taal kan nie werklik rondom een punt vasgepen word nie (en daarmee word nié bedoel dat die ondersoek steeds sy grense moet oorskry nie). Die gevaar bestaan dat die baba saam met die badwater uitgegooi kan word. In sulke gevalle moet gewag


word totdat iemand anders eendag toevallig weer dié baba optel en grootmaak.

In variasie-ondersoeke word van albei bogenoemde prosedures gebruik gemaak. Klopper (Klopper, 1983, p.35) verkies die deduktiewe metode en D.J. van Schalkwyk (Van Schalkwyk, 1983) gebruik weer die induktiewe metode. Dit hang dus uitsluitlik van die aard van elke ondersoek af in watter mate die onderskeie metodes suksesvol sal wees. 'n Bevredigende beskrywing kan blykbaar uit die volg van verskillende benaderings voortvloei. Wat egter belangrik is, is om nie navorsingsbeginsels van die Labov-tipe ondersoek (Klopper, 1976, p.36-47) uit die oog te verloor nie. Klopper wys daarop dat Labov die Transformasioneel-Generatiewe Grammatika se intuïtiewe oordele oor 'n geïdealiseerde taalvorm kritiseer. Die navorser behoort met die taalvorm te werk wat in die daaglikse omgangstaalsituasie gebruik word. Die begrip Taalvariasie behels in der waarheid dat taalstruktuur gedeeltelik konstant is, maar ook gedeeltelik ordelik gevarieerd. Verandering word dus teen die agtergrond van konstansie beskou. Nog 'n punt wat Labov beklemtoon is dat sosiale struktuur verband hou met ordelike taalvariasie. Hierdie stelling kan dan ook (soos in Labov se ondersoek) d.m.v. variasiestudies verder bewys of weerlê word. Die navorsing moet egter op grond van natuurlike taalgebruik gedoen word.

Labov (Klopper, 1976, p.40) se navorsing in New York is 'n voorbeeld van die "klassieke" uitvoer van so 'n ondersoek. Dit het gesentreer rondom 1 250 huisgesinne wat ewekansig t.o.v. beroep, ras, behuising, ens. in 'n Hoë-, Hoë Middel-, Lae Middel- en Arbeidersklas geklassifiseer is. Uit die 1 250 gesinne is net 122 persone se taalgebruik opgeneem. Om die bandmateriaal van die begin af te sistematiseer, word spesifieke spreekstyle deur die onderhoudvoerder ontlok. Labov onderskei 'n formele styl, 'n prosa-lesstyl, 'n informele styl en 'n leesstyl wanneer minimale woordpare gelees word. Die gebruiksfrekwensie van die verskillende verskynsels wat ondersoek word, word nagegaan en statisties weergegegee in persentasievorm (later vollediger bespreek onder 3.4.2). Daarna word taalgebruiksgrafieke vir elke sosiale klas

getrek om die verband tussen die gebruiksfrekwensie van die betrokke verskynsels en die betrokke stylsoort uit te druk. Hieruit kan dan gevolgtrekkings afgelei word.

Oorkoepelend kan Hudson (Van Schalkwyk, 1983, p.54) se vyf navorsingsfases as 'n samevattende raamwerk vir die praktiese werk beskou word:



3.3.1 SELEKSIE VAN SPREKERS, OMSTANDIGHEDE EN LINGUISTIESE VERANDERLIKES

3.3.1.1 Uit die aard van die saak sal navorsing onder Kaapse Kleurlinge (wie se taalgebruik die studieonderwerp van hierdie model is) 'n seleksie van Kleurlingsprekers vir bandopnames noodsaak. Dit is belangrik om die studiegebied (geografies gesproke) duidelik te onderskei, aangesien Kleurlinge gevestig is tot ver in die Oos-Kaap en ander gebiede ver van die Skiereiland. (Yler verspreid kom hulle dwarsoor Suid-Afrika voor.)

2. Die nommers wat hier aan elke navorsingstap toegeken is, verwys na die paragrawe waaronder elke stap later onder punt 3 bespreek word.

Hier gaan dit egter nie om geografiese ligging as bepaalde determinant t.o.v. taalgebruik nie, maar eerder om die omlyning van 'n prakties beheerbare studieterrein/groep. 'n Beperkte geografiese studiegebied sal ook in 'n mate ver uiteenlopende data kan uitskakel en verdere vergelykende studies moontlik maak. Vir die doel van so 'n ondersoek moet die grens dus getrek word - word die taal van die Kleurlinge rondom die Skiereiland alleen, of ook dié verder Noord, of al die Kaapse Kleurlinge bestudeer? Dit is logies dat verskillende invloede in 'n mate die Afrikaans van die Oos-Kaapse- en Wes-Kaapse sprekers sal beïnvloed. Dit sou dus 'n studie meer prakties uitvoerbaar maak om min of meer by een geografiese area te bly. 'n Tweede studie binne 'n ander area sou funksioneel aangewend kan word om die verskillende areas se Kleurling-Afrikaans te vergelyk en sodoende bogenoemde stelling te bewys of te weerlê. Daar moet ook onderskei word tussen Maleier-studies en Kleurlingstudies. Dié groepe kan egter binne dieselfde studie geakkommodeer word indien geloof en kultuur as duidelike sosiologiese veranderlikes beklemtoon word.

Die hele kwessie rondom die ewekansige seleksie van sprekers het nog altyd 'n groot probleem ingehou. Om wetenskaplik en volkome ewekansig te werk te gaan, sou dit onlogies wees om net in 'n gebied in te stap en byvoorbeeld elke vierde huis uit te kies. In die eerste plek moet 'n volledige lys van inwoners van die betrokke omlynde geografiese gebied verkry word. Dit is egter nie so 'n maklike taak nie. Om die adreslyste van die laer- en hoërskole se leerlinge te gebruik, kán nie volledig genoeg wees nie (soos Klopper in sy ondersoek gedoen het - Klopper, 1976, p.54). Dit sou beteken dat gesinne wie se kinders nié op skool is nie (hoewel deesdae min Kleurlinge glad nie hul kinders skool toe stuur nie) en bejaardes met geen kinders op skool nie, glad nie in die ondersoek verreken word nie. Kinders wat vanuit 'n ander geografiese area na 'n betrokke skool toe gestuur word, bemoeilik ook die statistiese seleksie van proefpersone. (Vgl. p. 50 e.v. vir 'n bespreking van Webb, 1982, se siening van dié probleem.)

Selfs as die vorige sensusopname se "volledige" lysste van Kleurling-inwoners geraadpleeg word, is die universum nóg nie volledig nie. Prof. W.J. de Klerk (UNISA) het in 'n persoonlike mededeling beweer dat die mees onlangse sensus-lyste t.o.v. die Kleurlinge nóg nie volledig is nie, aangesien sommige ouers byvoorbeeld nie al hulle kinders se name opgee nie, omdat die hele idee van 'n sensusopname vir hulle nog nie heeltemal bekend is nie en hulle dus ongegronde vrese en agterdog koester.

Wat is dus die oplossing vir hierdie dilemma? Die enigste hoop wat die navorser kan hê, is dat die Kleurlinge met die volkskaalse registrasie (as kiesers, ens.) onder die nuwe bedeling almal fewers "opgeskryf" sal wees. 'n Volgende sensuslys (hopelik dan ook meer volledig a.g.v. minder agterdog en ongegronde vrese), kieserslyste, geboortelyste en registrasielyste kan dus vergelyk word. Sodoende kan miskien tot so na as moontlik aan 'n honderd persent verteenwoordigende universum gevorder word.

Ook Webb (Webb, 1982, p.4-5) het 'n moontlike oplossing vir hierdie dilemma. Hy meen naamlik dat die hele kwessie rondom die uitsondering van 'n hele spraakgemeenskap as universum, en daaruit 'n ewekansige steekproef, nié die aangewese seleksie is vir (veral) vroeë ondersoeke nie. Té veel sekondêre, sosiologiese determinante figureer binne so 'n groot universum, met die gevolg dat die steekproef uiteindelik meer verteenwoordigend van sekondêre faktore as van taalgebruik is! 'n Kleiner sosiale netwerk is volgens hom 'n beter universum - binne so 'n netwerk is daar hegte bande t.o.v. vriendskappe, geloof, familie en (sosiale) norme. Die veranderlikes wat voorkom sal dus meer rondom taalgebruik self sentreer. Die veldwerker kan nou ook op 'n meer persoonlike vlak met die mense gaan kennis maak en so later self agterkom wie die "taalleiers" is en watter respondente se taalgebruik vrugbaar gebruik kan word. Eers wanneer heelwat meer kennis rondom die betrokke taalvariant en -gebruikers bekend is, sal 'n ewekansige steekproef

as navorsingsgroep van waarde wees. Hierdie metode sal noodwendig nie altyd gepas wees nie.

Indien die grondslag van ewekansige steekproefneming verder uitgebou word, behoort 'n verdere verdeling t.o.v. geslag, ouderdom, sosiale klas en geloof ook funksioneel te wees om die uiteindelijke steekproef so verteenwoordigend moontlik te maak. Schuring (Van Rensburg, 1983, p.30) sê dat die universum sō in subgroepe/strata verdeel moet word, wat elkeen meer homogeen behoort te wees as die universum. Hierdie onderskeidings vereis egter dat ander veranderlikes in ag geneem moet word om 'n konklusie te bereik oor wat byvoorbeeld nou eintlik hoë- en wat middelklas is. Vir elke afsonderlike studie sou die onderafdelings waarin elke subgroep ingedeel word, kan verskil. 'n Praktiese riglyn waarvan uitgegaan kan word, kan egter baie help. Uit kennis-making met ander variasiestudies kan moontlik die volgende basiese onderskeidings gemaak word (vergelyk ook tabel in Hoofstuk 4 van die sosiologiese veranderlikes wat reeds in studies verreken is en ook diē wat moontlike determinante blyk te wees):^{e)}

'n Onderskeid manlik teenoor vroulik is belangrik in soverre dit kan verklaar waarom 'n man en 'n vrou dieselfde verskynsel verskillend hanteer. Daar moet egter op gelet word dat diē man en vrou dalk byvoorbeeld tot verskillende beroepe behoort en daarom ook anders praat. (Vgl. o.a. Brouwer en Gerritsen, 1980.)

Ouderdom speel 'n belangrike rol om te onderskei tussen groepe wat op verskillende stadiums van hul lewens met verskillende invloede in aanraking kom en dus uiteenlopende tendense in hul taalgebruik kan toon. Daarom sal dit funksioneel wees om ruweg te onderskei tussen skoolgaandes; studente en jong werkendes; jong gevestigde ouers; middeljariges; vroeë bejaardes en ou bejaardes.

± 0-20 jr.
21-25 jr.
26-35 jr.
36-50 jr.
51-65 jr.
66 jr. en ouer

Vir statistiese doeleindes sou dit egter makliker kon wees om 'n eweredige verdeling te maak:

0-20
21-40
41-60
61→

Verskillende navorsers sal elk 'n eie motivering kan hê vir sy eie verdeling. Dit is egter belangrik om te onthou dat so 'n indeling in werklikheid geen strak grense kan en mag trek nie, maar slegs naastenby 'n aanduiding probeer gee van die verskillende "geslagte" sprekers wat betrokke is. Daarby sal die verskillende ouderdomsgroepe mekaar se taal wedersyds beïnvloed en verder 'n strak omlýning verwater.

'n Sosiale status kan nie sonder meer vooraf aan 'n spesifieke respondent "toegeken" word nie. Dit kan die aanvanklike sistematiesering baie help om soos Klopper (Klopper, 1976, p.52) faktore soos beroep, inkomste, besittings en behuising in ag te neem om beoogde respondente in 'n hoë-, middel- en arbeidersklas te verdeel. (Dit is interessant dat die soort huiseienaarskap van die segsman uit die oogpunt van die sosiologie 'n belangrike klasseverdelers is. Dit is 'n duidelik onderskeibare norm wat sterk verband hou met beroep en inkomste. Behuising kan dus as 'n breë onderskeiding gebruik word.) Dit is egter belangrik dat die veldwerker self tydens die onderhoudsessies met die respondente oplet en 'n eie, subjektiewe oordeel maak oor die gepastheid van die vooraf

"toegekende" sosiale status. Die uiteindelijke verdeling sal dus definitief nie volkome wetenskaplik wees nie, maar tog 'n bruikbare aanduiding gee van die sosiale klas wat betrokke is. Dit word funksioneel aangewend by die verwerking van die data. Juis omdat die "toegekende" klas nie onweerlegbaar akkuraat kán wees nie, moet oormatig gewigtige gevolgtrekkings nie sommer op grond van hierdie sosiologiese veranderlike gemaak word nie.

Die vraag is ook of fyner onderskeidings t.o.v. klas nodig is (byvoorbeeld 'n hoë-, middelhoë-, middel-, middellae- en lae klas). Dit is moontlik dat die verwerking van die data hierdeur gekompliseer kan word, en die gevaar is groter dat 'n verreikende gevolgtrekking gemaak word op grond van 'n fyn onderskeiding wat nie volkome wetenskaplik gegrond is nie. 'n Kruiskontrolle met die resultate waar ander veranderlikes ter sprake is, bly steeds 'n vereiste.

Soos reeds tevore genoem, is dit belangrik om t.o.v. geloof te onderskei, omdat die Moslems byvoorbeeld 'n ander lewens-uitkyk as die ander Kleurlinge het en dus in 'n mate 'n ander kultuur beoefen. Dié faktore beïnvloed ook hul taalgebruik. Die volgende onderskeiding kan funksioneel wees:

Kleurlinge		
Moslems	Christene	Ander

Die finale besluit dus: sodra die universum met sy onderskeidende subgroepe omskryf is, kan al die beskikbare name vir 'n rekenaar gevoer word om d.m.v. 'n ewekansige seleksie-program die uiteindelijke steekproef uit te sonder. Waar 'n kleiner sosiale netwerk (soos deur Webb voorgestel - 1982, p.4) betrek word, sal die navorser sy eie oordeel moet gebruik om die finale steekproef se samestelling te beplan.

3.3.1.2 Die omstandighede waaronder so 'n praktiese ondersoek spesifiek onder Kleurlinge gedoen word, is belangrik. Dit moet verreken word in die hele benadering t.o.v. die mense wat self betrokke raak, en ook t.o.v. die verkryging en hantering van die data.

In die eerste plek moet aandag gegee word aan die sosiale en politieke situasie van die Kleurlinge binne die huidige bedeling in Suid-Afrika. Met die bestudering van vorige variasie-studies onder Kleurlinge, kry die ondersoeker die oorweldigende indruk dat agterdog en vooroordeel dié grootste faktor is wat die sprekers se houding (en daardeur ook sy taalgebruik) beïnvloed tydens onderhoude. Tot dusver is oor en oor gevind dat (veral die jonger) Kleurlinge Engels as prestigetaal verkies. Bothma het hierdie tendens ook aan die Rand waargeneem (Bothma, 1962, p.13). Kleurlinge se houding teenoor Afrikaans sou m.a.w. daardeur beïnvloed word.

In 'n TV-onderhoud met verskeie Kleurling-taalkenners (6 Augustus 1984 op TV1) wat hier as 'n voorbeeld genoem word, het dit duidelik geblyk dat die eiewaarde van die Kleurling direk betrokke is by sy houding teenoor Afrikaans. Mnr. L. Koza het dit pertinent gestel dat die Kleurling die "establishment" blameer vir die feit dat hy 'n rand-figuur bly. Ongelukkig is die politieke mag waardeur die "establishment" geskep word in die hande van die "besitters" van Afrikaans en daarom word die mense van dié taal met agterdog bejeën. Volgens hom help die Kleurling opbou aan Afrikaans, maar word geïgnoreer by byvoorbeeld taalfeeste. Mnr. P. Snyders het gesê dat daar t.s.v. die wantroue en vernedering 'n opbloei van Afrikaans onder die Kleurlinge plaasvind. Ook in die letterkunde word die Kleurling gefrustreer en voel hy verneder as hy skryf en geen mark/belangstelling geniet nie. Mnr. M. Witbooi het daarop gewys dat Kleurling-skrywers ook a.g.v. sensuur en gebrek aan belangstelling in die buiteland moet publiseer.

In Die Huisgenoot (24 Mei 1984) word egter reeds die indruk geskep dat hierdie tendens besig is om af te neem. Daar word beweer dat Afrikaans al meer die taal van hul politiek en selfs hul protes is. "Die bruin politikus 'hou vir hom wit' as hy net Engels praat en raak onaanvaarbaar vir die Kleurling. Dit terwyl Engels vroeër beskou is as die taal van 'n man wat geleerd was. Nou word sō 'n man gesien as iemand wat net wil spog." (Huisgenoot, 24 Mei 1984, p.43). Selfs die sogenaamde kleinserigheid t.o.v. sekere woorde soos hotnotsvy het verdwyn - mnr. C. Sidego, redakteur van Rapport-Ekstra kap terug: "Wat dan van bōerbokke?" Die voorbeelde kan natuurlik as los nie-verteenwoordigende opmerkings beskou word, maar agter hierdie rokie behoort ook tog 'n vuurtjie te skuil wat later wel hoër kan brand. Sidego wys ook daarop dat sy koerant se sirkulasiesyfer aansienlik gestyg het - so ook Die Burger-Ekstra en die bruin leserstal van Die Huisgenoot self (Huisgenoot, 24 Mei 1984, p.42; 43).

Hierdie moontlike gesindheidsverandering na Afrikaans toe kan myns insiens gedeeltelik (miskien grootliks) toegeskryf word aan die Nuwe Bedeling wat oor die afgelope jaar op elke terrein vir die Kleurling meer bestaansreg en trots gee. Ook Odendaal (Prinsloo en Van Rensburg, 1984, p.204) spreek sy mening hieroor uit. Hy weet ook dat die Kleurlinge in die reël Afrikaans as die "taal van die onderdrukker" beskou en daarom verkies sommige om hul kinders op Engels groot te maak (selfs al is hulle self Afrikaanssprekend). Hy hoop dat dié groter magte wat die nuwe grondwet aan die Kleurlinge gaan gee, 'n meer positiewe houding kan te weegbring. Die hele teenstrydigheid van taaltrots teenoor opstand word deur Gerwel (Graffier 5, 1982, p.4) beklemtoon. Hy wys daarop dat die opstandstaal in die Wes-Kaap in 1976 Afrikaans was, hoewel voorheen doelbewus Engels gepraat is!

Diē studie gaan nie verder in op die invloed van die nuwe Grondwet vir die talesituasie in Suid-Afrika nie - moontlik 'n interessante navorsingstema! Wat m.a.w. een van die grootste struikelblokke was om goeie, natuurlike, onbe-

vooroordeelde en gewillige segsmanne te kry, kan in die toekoms dalk geleidelik 'n al kleiner wordende faktor word. Tog sal die ondersoeker deurentyd moet besef dat die sprekers nog die skadu van agterdog teenoor die "wetgewer en onderdrukker" sal onthou, veral te midde van volgehoue intimidasie en soms opruiende optrede wat die hele kwessie weer aan die groot klok hang - soos bewys deur die lae stemper-sentasie in die algemene verkiesing van 1984.

Labov se vyf "metodologiese aksiomas" (Van de Rhee, 1983, p.29-31) gee meer agtergrond oor die navorsingsomstandighede wat ter sprake is by ondersoek soos bv. na die taal van die Kleurlinge.

- Daar is geen taalgebruiker met een enkele spreekstyl nie - sy taalvorme wissel konsekwent as byvoorbeeld die onderwerp van bespreking verander word.
- Tweedens word die spreekstyl gewissel n.a.v. die (on)bewuste aandag wat die spreker aan sy spraak gee.
- Dit is derdens belangrik om gesistematiseerde data vir 'n linguistiese analise te verkry uit die omgangstaal waarin die spreker die minste aandag aan sy spraak gee. Enige formele waarneming van 'n spreker se taal veroorsaak reeds dat die spreker meer as die gewone aandag aan sy spraak gee. Die waarneming van die spreker se taalgebruik moet dus so informeel en natuurlik moontlik gedoen word en hierin speel die veldwerker self die grootste rol.
- Die belangrikheid van die veldwerker se taak is ook ter sprake. Dit word onder 3.2.3 bespreek.
- Laastens beweer Labov dat onderhoude op band die enigste manier is om 'n groot hoeveelheid spreektaaldata van hoogstaande gehalte te verkry. Hierdie punt is belangrik om die ondersoek empiries wetenskaplik te hou - daar kan te eniger tyd deur enige persoon teruggegaan word op die data (op die bandopnames of transkripsies daarvan) vir enige verdere ondersoek en kontrole. Dit sou dus nie toereikend wees om staat te maak op persoonlike waarnemings in die alledaagse lewe, soos Bothma (Bothma, 1962,

p.4) in sy ondersoek onder Kleurlinge aan die Rand doen nie.

- 3.3.1.3 Die linguistiese veranderlikes wat uitgesonder word as materiaal waaroor die ondersoek gaan, sal by elke studie wissel. Klopper (Klopper, 1984, p. 38-39) bespreek byvoorbeeld net vier basiese klankverskynsels in Kaapse Afrikaans, terwyl Kotzé (Kotzé, 1983, pp. 143;151;159) se studieterrein fonologiese, morfologiese én sintaktiese verskynsels omvat. Elke navorser moet self besluit wat presies die doel van sy ondersoek is. Hy kan oorweeg om:
- 'n paar verskynsels intensief te bespreek
 - 'n vollediger lys op nét een subvlak (byvoorbeeld fonologiese verskynsels) te ondersoek
 - 'n volledige beeld van tipiese verskynsels in Kleurling-Afrikaans op elke vlak te beskryf.

Die navorser moet egter eksplisiet bly by sy doelwitomskrywing (en daarmee saam ook die seleksie van linguistiese veranderlikes wat bestudeer gaan word) sodat so 'n navorsingsprogram binne die afgebakende grense bly en nie los drade laat wat nie weer saamgebind kan word nie. Wanneer statistiese bewerkings op grond van die data gedoen gaan word, is dit belangrik dat die voorkoms van die verskynsels statisties beduidend moet wees (volgens Klopper (Klopper, 1976, p.69) minstens 10 tot 20 keer voorkom, maar as gekonsentreer word op 'n breë oorsig van alle verskynsels wat in die Kleurlinge se Afrikaans voorkom, is so 'n hoë gebruiksfrekwensie nie nodig nie.

Hierdie keuse van linguistiese veranderlikes sal natuurlik die hele verloop van die ondersoek vorentoe bepaal. Die aard van die ondersoekmateriaal sal byvoorbeeld bepaal hoe die tekste verkry kan word en die data verwerk moet word (d.m.v. watter statistiese ondersoeke, ens.).

By die seleksie van 'n universum, en daaruit 'n steekproef, is 'n breë konteks met verskeie rigtingwysers en gepaard-

gaande determinante betrokke (vgl. diagram 2).

DIAGRAM 2

SELEKSIE VAN NAVORSINGSMATERIAAL		
SPREKERS	OMSTANDIGHEDE	LINGUISTIESE VERANDERLIKES
1. <u>Geografiese studiegebied</u> As praktiese omlyning van universum 2. <u>Ouderdom</u> - 0 tot 20jr. - 21 tot 40jr. - 41 tot 60jr. - 60jr en ouer. 3. <u>Sosiale klas</u> Op grond van behuisingstipe en ander faktore - hoë klas - middelklas - arbeidersklas 4. <u>Geloof</u> - Moslems - Christene - Ander	1. <u>Sosiale en politieke klimaat</u> Hou rekening met: - agterdog - eiewaarde - verandering in 'n nuwe bedeling 2. <u>Labov se "metodologiese aksiomas"</u> ³ moet in ag geneem word: - spreekstyl wissel na gelang van omstandighede - spreekstyl wissel na gelang van (on)bewuste aandag aan eie spraak - informele, natuurlike waarneming van omgangstaal is noodsaaklik - rol van die veldwerker is belangrik - onderhoude moet op band opgeneem word	1. <u>'n Paar verskynsels intensief ondersoek of</u> 2. <u>'n Subgroep verskynsels op een grammatikale vlak vollediger ondersoek of</u> 3. <u>'n Volledige beeld van verskynsels op elke vlak</u>

3. (Van de Rhee, 1983, p.29 - 31) Hierdie uitgangspunte kom ook ter sprake in die oorsig wat van Van Rhee se werk gegee word in Hoofstuk 2.

3.3.2 VERSAMELING VAN TEKSTE

3.3.2.1 SAMESTELLING VAN DIE KORPUS

Ten spyte van die belangrikheid van die voorafbeplanning aan so 'n projek, is die praktiese dataversameling seker die naasbelangrikste voorwaarde vir die sukses van 'n ondersoek. Hier kry die ondersoeker direk te doen met die materiaal waarvanaf hy uiteindelik sy gevolgtrekkings wil maak en as een element nie verantwoordbaar tot die korpus hoort nie, kan die hele projek misluk of ongegronde teorievorming meebring.

Op hierdie stadium gaan die ondersoeker alleen, óf 'n veldwerker wat aangewys word, óf die navorser saam met die veldwerker(s) uit om monsters van die steekproef Kleurlinge se taalgebruik te versamel. Die belangrike rol van die veldwerker word verderaan in meer detail beskryf. Dit is nou eers belangrik om te besin oor die beste metode van dataversameling. Vroeër het mense soos Bothma (Bothma, 1962, p.4) grootliks staatgemaak op taalgebruiksverskynsels wat hy elke dag by sy studente en die mense om hom waargeneem het. (Vgl. ook Von Wielligh, 1925, wat sy gegewens gedurende landmeterwerkzaamhede versamel het.) Om so 'n ondersoek wetenskaplik meer betroubaar te maak, moet verkieslik van metodes gebruik gemaak word wat dit moontlik maak om terug te kom op wat gesê is en wat dié data ook aan ander ondersoekers oopstel vir aanvullende navorsing. Die kontroleerbaarheid van die data is dus 'n wesenlike voorwaarde vir die werklik wetenskaplike afhandeling van die navorsingsproses. Veel eerder as bogenoemde onsistematiese waarneming, aangevul deur bv. uittreksels uit die nuusmedia (byvoorbeeld uit 'n koerant of radionuusberig) of uit lukraak vraelyste, kan gebruik gemaak word van kontroleerbare bandopnames van gesprekke met die respondente. Heelwat variasiestudies is al op hierdie manier suksesvol deurgevoer (vergelyk byvoorbeeld die Griekwa-projek wat in 1984 aan die UOVS voltooi is).

Omdat hier egter van gespesialiseerde omstandighede sprake is, moet hierdie bandopnames aan verskillende eise voldoen. Die ondersoeker wil graag monsters van hoofsaaklik omgangstaal hê

en laasgenoemde taalvorm kom nêr in ontspanne, relatief informele omstandighede voor. Daarom mag die bandopnemer self nooit dominant wees in die gesprekke nie. Dit is onvermydelik dat die respondent die bandopnemer sal raaksien, maar dit is die taak van die veldwerker om die segsman gerus te stel, te verduidelik wat presies gebeur en hom te laat ontspan. So 'n bandopnemer moet van 'n baie goeie gehalte wees en 'n sensitiewe mikrofoon hê wat verkieslik geraas uit die omgewing in 'n mate kan uitskakel. Die mikrofoon self moet klein en onopvallend wees (indien moontlik moet dit versteek word), sodat die respondent as't ware kan "vergeet" dat daar heeltyd 'n "oor" is wat presies luister hoe hy praat. Die gewerskaf aan 'n bandopnemer wat nie wil werk nie, kan die spreker se taalgebruik totaal inhibeer. Daarom moet die apparaat vooraf nagesien word en nuwe batterye kry. (Daar is nie oral elektrisiteit beskikbaar nie en 'n lang elektriese koord maak die opnameproses net soveel ooglopend.)

Wat in bv. Kotzé (Kotzé, 1983, p.70) se ondersoek baie moes gehelp het, was die heimlike opnames wat hy kon maak met 'n bandopnemer in sy sak en 'n kondenseermikrofoon aan sy mou vasgespeld. As so 'n bandopnemer nie 'n afstandskakelaar vir onopsigtelike hantering het nie, moet die veldwerker sorg dat die (kasset)band self lank genoeg is om alles op die een kant op te kan neem. Dit skakel onnodige onderbrekings uit.

Met die onderstaande kontrolelys as uitgangspunt, behoort die aanvoorwerk m.b.t. die praktiese dataversameling nie onoorkomelike probleme op te lewer nie (vgl. diagram 3).

DIAGRAM 3KONTROLE BY SAMESTELLING VAN KORPUS

1. Aantal persone betrokke by dataversameling:

Onderlinge kommunikasie tussen die

- navorser self
- aangestelde veldwerker(s)
- navorser en veldwerker(s)

2. Metode by dataversameling:

- persoonlike waarneming
- nuusmedia
- bandopnames (verkieslik, omdat kontroleerbaar is)

3. Bandopnemer:

- ontspanne atmosfeer om omgangstaal te ontlok; bandopnemer dus op agtergrond
- veldwerker moet respondent gerusstel en die opset verduidelik
- goeie gehalte apparaat
- sensitiewe mikrofoon (omgewingsgeraas uitskakel)
- klein, onopvallende mikrofoon
- sien apparaat na
- maak voorsiening vir areas sonder elektrisiteit (lang koord ook onwenslik)
- afstandbeheer
- heeltemal versteekte apparaat (indien moontlik)
- lank genoeg kasset om onderbrekings uit te skakel

3.3.2.2 VRAELYSTE EN 'N VOORLOPIGE ONDERSOEK

Op hierdie stadium van die ondersoek begin die wiele eindelik rol. Die ondersoekspan moet nou direkte kontak maak met die geselekteerde steekproef van persone wat in die ondersoek betrek gaan word.^{f)} Omdat nie alle persone noodwendig sal instem om by 'n navorsingsprojek betrek te word nie, is dit belangrik om vooraf inligting oor die voorgenome ondersoek en veldwerk te versprei. Persoonlike besoeke kan afgelê word, pamflette kan versprei word en bekendstellingsbriewe kan gestuur word, om 'n paar moontlikhede aan te dui.

In die geval dat daar op 'n bekendstellingsbrief besluit word, moet dit vroegtydig aan die segsmanne geos word. Die inligting wat hierin vervat word, moet deeglik oorwoë wees. Elke stukkie inligting wat deurgevoer word, sal die proefpersoon se houding en gesindheid jeens die hele ondersoek beïnvloed. Die segsman moet positief ingestel bly en nooit enigsins bedreig voel nie. Agterdog kan sō maklik gewek word - die Kleurlinge sal byvoorbeeld onmiddellik terugdeins as die doel van die ondersoek enigsins 'n moontlike politieke kleur kry. Dié mense moet op hul gemak bly t.o.v. die navorsingsgroep wat hulle gaan besoek, die motief agter die ondersoek en die onderwerp waaroor die vrae handel. Indirek kan hierdie faktore 'n groot invloed hê op die segsman se taalgebruik wat uiteindelik opgeneem word. Sodra hy byvoorbeeld minderwaardig of bedreig voel, kan sy taal geïnhibeer word en sodoende kan die veldwerker nie monsters van sy omgangstaal (die ideale spraakkeuse as doelwit vir hierdie tipe navorsing) verkry nie.

Dit blyk belangrik om die proefpersone aanvanklik nie oor die ware belangstelling rondom sy taalgebruik in te lig nie. Sodra van 'n taalondersoek melding gemaak word, sal die spreker onbevoeg voel om as segsman op te tree, of selfbewus en onseker. Hy sal ook let op wat hy sê, en daarmee die hele ondersoekproses belemmer. 'n Ideale onderwerp van bespreking sou een wees waaroor die Kleurlinge maklik praat sonder inhibisies en agterdog. 'n Suiwer politieke- of taalgerigte navorsingstema sou dus nie wenslik wees nie - eerder 'n verbandhoudende onderwerp wat die

gesprek indirek en informeel sal stimuleer om die regte rigting in te slaan. In Klopper (Klopper, 1976, p.57) se ondersoek is in die bekendstellingsbrief voorgegee dat hulle opvoedkundige materiaal wil evalueer en Van de Rhee (Van de Rhee, 1983, p. 58) sê dat die komende besoek oor skolastiese prestasies gaan. Die opvoeding van die jong Kleurlinge lê vir die meeste betrokkenes na aan die hart, en sou die sprekers kon stimuleer tot 'n warm bespreking van hulle persoonlike siening rondom die onderwerp. Soos wat die gesprek vorder, sal die bespreking noodwendig breër kon word (afhangende van die onderhoudvoerder) - as die spreker eers so ver kom om van 'n eie ondervinding binne die oorkoepelende tema te vertel, kan die ondersoeker taamlik seker wees dat hy by die spreker se natuurlike, ongeïnhibeerde omgangstaal uitgekome het.

Weer eens moet beklemtoon word dat die besondere doelwit van elke studie afsonderlik die gepaste onderwerp wat in die brief voorgehou word, sal bepaal. Die onderwerp moet hom egter daartoe leen om leesstukke en woordpare in die onderhoud by te sleep sonder om die segsman agterdogtig te maak oor die ware doel van die ondersoek. Hierdie fasette hoef egter net bygebring te word indien spesifieke taalitems soos 'n besondere klank of woord op gelyke basis by elke spreker vergelyk moet word. Indien die ondersoeker bloot 'n algemene beskrywing van tipiese verskynsels in die omgangstaal van Kleurlinge wil gee, moet die gesprek juis meer op 'n verteltrant gehou word. Hier sal dus nie soveel sprake wees van die verskillende spreekstyle wat deur bv. 'n leesstuk, die lees van woordpare en die vertel van 'n verhaaltjie ontlok word nie. Opvoeding as navorsingstema behoort dus by uitstek geskik te wees, want bg. afdelings kan maklik onder dieselfde loep geneem word tydens die onderhoud.

Verder is dit belangrik om die sprekers se anonimiteit gedurende én na die ondersoek te waarborg. 'n Verdere punt wat meriete het, is die feit dat die sprekers na afloop van die ondersoek ingelig moet word in verband met die ware doel van die taalondersoek, sodat hulle toestemming verkry kan word om die opname as materiaal te gebruik. Dit word as eties nie-korrekt beskou om

die sprekersmateriaal in die taalondersoek te gebruik sonder dat die spreker weet dat dit nie werklik oor bv. die opvoeding gaan nie.

Hoe dit ookal sy - daar is ook 'n teenargument wat kan steek hou. Die belangrikheid van 'n respondent se anonimiteit en sy toestemming vir die gebruik van die taalgebruiksdata wat opgeneem is, is geleë daarin dat benadeling van hom as persoon uitgeskakel moet word. Sou so 'n spreker werklik benadeel word indien sy identiteit bekend sou raak en sy toestemming nie verkry word nie? Indien die vooropgestelde gesprekstema moontlik kan lei tot bv. 'n warm, politieke opmerking van sy kant, sou hy kon verkies dat dié dele nie onder sy naam bekend raak nie. Dit is te verstane, maar die feit bly staan dat die data slegs vir navorsingsdoeleindes aangewend sal word en nooit as menings bekend sal raak nie. Per slot van rekening kan gesê word dat 'n taalgebruiker nie werklik kopiereg op sy taal het nie - elke spreker se taalgebruik word tog elke dag almal se besit! Die onderwerp onder bespreking kan m.a.w. uiteindelik die sensitiwiteit rondom hierdie kwessie en die hantering daarvan deur die veldwerker, bepaal.

In Klopper se ondersoek (Klopper, 1976, p.57) is die houding van die betrokke Kleurlingsprekers sō belangrik geag, dat die bekendstellingsbrief in Engels opgestel is. Omdat dit lyk asof die agterdog jeens Afrikaans (teenoor Engels as prestigetaal - soos ander 3.1.2 bespreek) besig is om te verdwyn, sou hierdie fynere punt in die toekoms nie meer so belangrik hoef te wees nie. Hier kan net weer beklemtoon word dat Engels as prestigetaal blykbaar nog sterk staan, terwyl Afrikaans die taal van die gemeenskap is. In Scheffer se RGN-verslag (Scheffer, 1983, p.103) kom hy tot dié gevolgtrekking. Hy bevind dat die Kleurlinge steeds verkies om Engels op sekere terreine te praat, veral waar meer prestige-waarde (bv. in die onderwys, kultuur, ens.) betrokke is. Klopper neem dus in sy bekendstellingsbrief bloot in ag dat hierdie tendens nog bestaan, hoewel dit moontlik besig is om af te neem.

Die opstelling van die vraelys wat gebruik sal word, verg verder heelwat aandag. Hier moet beklemtoon word dat 'n ongestruktureerde onderhoud wél van waarde kan wees in soverre die ondersoek rondom die blote beskrywing van tipiese verskynsels in die Kleurlinge se mees spontane omgangs-spreekstyl gaan. Die data wat sō verkry word, sal nie intensief statisties verwerk kan word nie, aangesien die verskynsels nie noodwendig op 'n statisties vergelykbare basis sal voorkom nie.

Indien die taalgebruik van die verskillende sprekers egter duidelik vergelyk moet kan word en die materiaal verder verwerk moet word, is die strukturering van die onderhoud meer gewens. Die vraelys wat die veldwerker gebruik om vergelykbare data te ontlok, moet met oorleg beplan en opgestel word.

Eerstens is dit belangrik om in ag te neem dat die steekproef uit geletterdes, sowel as analfabete sal bestaan. 'n Vraelys wat bv. 'n leesstuk insluit, sal die analfabete noodwendig uitskakel. Van Schalkwyk (Van Schalkwyk, 1983, p.96) oorkom dié probleem deur verskillende afdelings by die vraelys in te sluit - twee afdelings vir analfabete en een vir alfabete.

Albei tipes vraelyste behoort 'n afdeling te bevat wat die demografiese gegewens t.o.v. die betrokke respondent naspeur. Vir die latere statistiese ontleding is dit belangrik om veral die spreker se ouderdom, herkoms, moedertaal, kwalifikasies, vorige omgewings waar hy woonagtig was, ens. uit te vind. Hierdie sosiologiese veranderlikes, wat almal 'n spreker se taalgebruik in 'n mate kan beïnvloed, word in Hoofstuk 4 uiteengesit. Dit is 'n goeie vraag of hierdie gegewens aan die begin van die onderhoud (wanneer die baie vrae nog die spreker se latere taalgebruik kan inhibeer), of na afloop van die hele onderhoud en voor die ware doel van die ondersoek bekend gemaak is of selfs na die onderhoud én lg. mededeling (wanneer die spreker dalk weer inligting kan weerhou of verdraai omdat hy weet dat dit eintlik om sy taal gaan) verkry moet word. Die tweede moontlik-

heid lyk die belowendste, aangesien die taaldata dan reeds verkry is, maar die respondent nog nie weet dat sy taalgebruik onder die vergrootglas is nie.

Afhangende van wat die spesifieke doel van die ondersoek is, kan die res van die vraelys opgestel word. Indien die ondersoek juis net ingestel is op taalverskynsels wat in die Afrikaans van die Kleurlinge in die alledaagse omgangsituasie voorkom, sou 'n natuurlike, informele (en selfs ook minder gestruktureerde) gesprek die aangewese spraakterrein wees om in te opereer. Die veldwerker kan wel die gesprekstema inisieer om die geselskap telkens min of meer in dieselfde rigting te stuur, maar die uiteindelijke "storie" sal van spreker tot spreker verskil. Hoewel klanke, woorde en sinne nou nie op 'n volkome wetenskaplik-vergelykbare grondslag geëvalueer kan word nie, sal die afsonderlike verskynsels wat waargeneem word, juis betroubare data blyk te wees. Onder hierdie nie-gedwonge omstandighede sal 'n spreker ongeïnhibeerd voel en sodoende geen "wag voor sy mond" plaas om sy taalgebruik meer aanvaarbaar te laat klink nie. Dit is mos juis die wesenlike, egte taaldata waarna ons soek!

Sodra die ondersoeker egter oor meer as een spreekstyl van die sprekers binne een ondersoek navorsing wil doen, sal onmiddellik 'n persentasie van die egtheid, natuurlikheid en sodoende ook die betroubaarheid van die data ingeboet word. Dit lyk egter asof dit die prys is wat betaal moet word om die spesifieke spreekstyle deurgaans op 'n vergelykbare grondslag by ál die sprekers te ontlok. Die gesprekstategie moet telkens deur die veldwerker gewysig word, sodat 'n ander styl by die respondent se taalgebruik ontlok word.⁹⁾

Omdat die verskillende spreekstyle maklik kan oorvleuel, sou dit nie funksioneel wees om tē haarfyn te wil onderskei tussen bv. 'n 20%-, 40%-, 60%-, 80%- of 100%-formele styl nie. Binne 'n steekproef van sprekers wie se woordeskat nie buitengewoon groot is nie, sou so 'n verdeling ook hareklowery beteken.

Na bestudering van vorige ondersoeke waar 'n onderskeid t.o.v. die

verskillende style gemaak is, blyk die volgende onderskeidings (wat Van de Rhee op p.60 van sy verhandeling, 1983, aandui) die mees funksionele te wees:

- 3.3.2.2.1 Onderhoudstyl: Hier word die gesprek geopen met die ophaal van die tema van die navorsing (wat natuurlik nie op hierdie stadium as 'n taalondersoek voorgelê word nie). Die respondent sal nog in 'n mate ongemaklik voel en in so 'n verduidelikende spreekstyl baie nou let op wat hy sê. Hierdie styl is taamlik formeel en sou bv. nié as omgangstaal nie, maar eerder as matig geïnhibeerde taalgebruik bestempel kan word.
- 3.3.2.2.2 Informele styl: Soos wat die gesprek vorder, kan die respondent heel moontlik vanself verstrik raak in 'n emosiebelaaide vertelling van 'n spesifieke insident of ontbering. Andersins kan die onderhoudvoerder die respondent (op 'n stadium wat 'n vertrouensverhouding reeds in 'n mate opgebou is) aanpor om bv. 'n storie uit sy kinderjare te vertel. Die gespreksonderwerp het dus baie te doen met die spreekstyl wat op daardie stadium gebesig word. So kan 'n jonger respondent bv. gevra word om 'n "storie te maak" rondom 'n komiese prent wat aan hom gewys word. Dit bly deurgaans belangrik dat die spesifieke fases waarbinne die verskillende style ontlok word, nié noodwendig rigiede grense hoef te hê nie. Die gesprek kan heeltemal natuurlike ontwikkel tot op 'n informele vlak waar die respondent ontspanne is en sonder inhibisies gesels.
- 3.3.2.2.3 Styl by die lees van 'n prosastuk: Sodra genoeg natuurlike spraak opgeneem is ('n minimum van 3 minute, maar ook langer tot ongeveer 10 minute in elke spreekstyl behoort genoeg te wees - weer eens moet egter gewaak word teen die rigiede navolging van sulke riglyne, aangesien dit net die onderhoudsituasie kan skaad, en sodoende ook die waarde van die data), kan die veldwerker 'n prosa-leesstuk tevoorskyn haal en vra dat die alfabeet dit voorlees. Sodoende word 'n leesstyl (wat gewoonlik formeel is) ontlok.

Die verkryging van hierdie tipe data skep 'n probleem in onderhoude met analfabete. Om spesifieke morfologiese, sintaktiese

of selfs klempatrone wat in bg. leesstuk voorkom, na te gaan, kan aan die analfabete telkens 'n keuse tussen twee tipes gegee word. Hy kan bv. gevra word: "Watter een van die volgende sinne klink vir u/jou soos wat u/jy dit graag sou wou sê?

'Sal jy asseblief die deur toemaak?' of

'Sal jy asseblief die deur toemaak?'"

Onmiddellik is die analfabeet (net soos die alfabeet wat die leesstuk lees) meer op sy hoede vir wat "reg" is en praat hy in 'n formeler styl. Dit is egter jammer dat die respondent in dié geval geneig kan wees om die veldwerker (wat voorsê) na te praat.

'n Ander moontlike oplossing is die opsê van rympies. As die veldwerker die analfabeet sover kan kry om 'n rympie op te sê, sal die respondent ook meer aandag gee aan sy eie spraak (m.a.w. 'n formeler styl), wat die data in 'n mate vergelykbaar maak met dié van die alfabeet. Hier moet egter ook in gedagte gehou word dat die opsê van so 'n rympie weens oorbekendheid geyk kan raak en nie meer 'n weergawe van 'n respondent se eie taalgebruik kan behels nie. Dit sal dus altyd moeilik bly om die data van alfabete en analfabete t.o.v. hierdie styl vergelykbaar te maak op 'n empiriese grondslag.

Die leesstuk wat in dié afdeling gebruik word, moet verkieslik verband hou met die ondersoektema wat voorgehou word, anders wek dit agterdog by die respondente. Dit kan maar op 'n meer formele trant wees, aangesien hier juis met die formeler spreekstyl gewerk word.

3.3.2.2.4 Styl by die lees van 'n woordelys: In vorige ondersoek oor Kaapse Afrikaans is sekere taalverskynsels reeds uitgelig as tipiese merkers van hierdie variant. Om hierdie tendense te bevestig en ander onsekerhede uit die weg te ruim, kan 'n woordelys in die ondersoek ingesluit word. Alfabete sou dus bv. onder andere die woord muis moet lees om die graad van ronding van die betrokke spreker se [æi]-klanke in hierdie klankomgewing te bepaal. Woordpare wat teenoor mekaar gestel word, kan ook funksioneel in die lys gebruik word om die verskil in die uitspraak

daarvan vas te stel. So kan bv. 'n vergelyking getref word tussen die woorde vuil en feil.

Hierdie woorde kan aan die analfabeet voorgesê word, sodat hy dit op sý manier kan agterna sê, maar die ondersoeker sal nooit seker kan wees of hy nie bloot nagepraat word nie. Hierdie styl kan as die mees formele styl beskou word, omdat die sprekers hier doelbewus móët aandag gee aan hoe hulle praat. Die kontroleerbaarheid van die data binne hierdie spreekstyl is tot groot voordeel vandie navorser, hoewel dit slegs 'n deel van die spraakspektrum dek.

3.3.2.2.5 Om spesifieke morfologiese en sintaktiese konstruksies na te gaan, kan 'n verdere lys (soos bg. woordelys) van hierdie aspekte bygevoeg word. Die resultate sal egter altyd onbetroubaar wees, omdat die sprekers intens bewus gaan wees van die manier waarop die konstruksies opgebou word. Na my mening moet veral die sintaksis van 'n variant soos Kleurling-Afrikaans eerder binne die eerste twee tipes spreekstyle (waar vertellings en redenasies betrokke is) nagegaan word. Dit maak onmiddellik weer die vergelykbaarheid van die data minder, maar die onderhoudvoerder kan desnoods die gesprek stimuleer om die antwoord op so 'n probleem-aspek te kry. Hy kan bv. vra: "Wat noem julle nou weer daardie masjien wat 'n mens se stem opneem as jy praat?" Weer eens bly dit belangrik dat die respondent t.w.v. die egtheid van sy spraak nie bewus behoort te wees van die doel agter die stimulerende vrae nie. Die veldwerker kan bv. vir die segsman A afvra, terwyl eintlik na B geluister word.

Opsommenderwys kan die riglyne (let daarop dat hierdie geen rigiede model is wat vir elke variasie-ondersoek die ware Jakob sal wees nie!) so neergelê word: (Vgl. Diagram 4.)

DIAGRAM 4STRUKTURERING VAN ONDERHOUD

- Die ophaal van die doel van die ondersoek om sodoende 'n onderhoudstyl te ontlok.
- Die vra van enige toepaslike vrae om 'n informele styl te ontlok - laat die spreker bv. 'n verhaaltjie vertel.
- 'n Prosastuk word aan die spreker voorgelê om 'n leesstyl te ontlok. (Variasiekeuses kan aan analfabete voorgehou word.)
- 'n Woordelys word aan die spreker voorgelê om op 'n formele wyse sy keuse van variante te ondersoek. (Variasiekeuses kan weer vir analfabete gebruik word.)
- Lyste van woord- en sinskonstruksies kan ook aan die spreker voorgelê word om die morfologie en sintaksis van die betrokke variant na te gaan.
- 'n Lys vrae oor die spreker se agtergrond word gevra om 'n volledige beeld van die persoon binne die konteks van sy omgewing te kry.

Die eerste kontak wat met die toekomstige respondente gemaak word, behels dus veel meer as net 'n ontmoeting en 'n geselsie. Die volgende samevatting behoort die rigting aan te wys wanneer 'n navorser met sy voorlopige ondersoek begin en die nodige vraelyste opstel: (Vgl. diagram 5)

DIAGRAM 5

VOORLOPIGE ONDERSOEK

BEKENDSTELLINGSBRIEF	VRAELYS
<ol style="list-style-type: none"> 1. Oordra van inligting belangrik t.w.v. same-werking. 2. Tipe inligting bepaal houding van respon-dente. 3. Inligting beïnvloed taalgebruik indirek. 4. Verdoesel ware doel van taalondersoek aanvank-lik (indien nodig vind). 5. Onderwerp van bespre-king moet respondente na aan hart lê t.w.v. ongeïnhibeerde taal-gebruik. 6. Elke afsonderlike studie sal gepaste gesprekstema bepaal. 7. Leesstuk en woordpare moet binne tema ge-akkommodeer word (waar van toepassing). 8. Anonimiteit van respon-dente moet gewaarborg word (indien nodig vind). 9. Lig sprekers na onder-houd in i.v.m. ware doel van ondersoek. 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Ongestruktureerde onderhoud indien algemene oorsig van verskynsels verlang. 2. Gestruktureerde onderhoud indien vergelykbare data belangrik is. 3. Neem alfabete én analfabete in ag. 4. Versamel inligting m.b.t. sosiologiese veranderlikes wat taalgebruik beïnvloed (nadat onderhoud afgehandel is en voor ware doel van ondersoek bekend gemaak word). 5. Onderskei 5 spreekstyle: <ul style="list-style-type: none"> - Onderhoudstyl - Informele styl - Styl by die lees van 'n prosastuk - Styl by die lees van 'n woordelys/woordpare - Styl waar morfologiese- en sintaktiese strukture weergegee word.

3.3.2.3 DIE ROL VAN DIE VELDWERKER EN DIE ONDERHOUDSITUASIE

Die algemene indruk wat die ondersoeker kry as nagegaan word watter rol die veldwerker in ander soortgelyke navorsingsprojekte gespeel het, is dat die geweldige invloed wat van hom/haar as persoon uitstraal, in 'n mate onderskat word. Ek wil so ver gaan om te sê dat die voorbereiding en optrede van die veldwerker voor en tydens die onderhoude dié belangrikste (indirekte) faktor is wat die ondersoek sal laat slaag t.o.v. betroubare resultate en gevolgtrekkings.^{h)} Dit is hý/sý wat die hele situasie beheer en daarvoor moet sorg dat die respondente ontspanne is en dienooreenkomstig die behoeftes van die spesifieke projek reageer.

Swanepoel (1982, p.10-13) meld in die verslag oor sy studiereis in die V.S.A. dat die voorvereistes vir studente wat as veldwerkers opgelei wil word in die V.S.A., gevorderde kursusse in fonetiek, fonologie, morfologie, sintaksis, semantiek en grammatiese ontleding insluit. Daar is die wetenskaplike opleiding en toerusting van veldwerkers dus 'n voorvereiste. In Suid-Afrika is daar 'n groot behoefte aan hierdie tipe opleiding, onder andere omdat daar nog geen sterk tradisie van veldwerk by taaldepartemente bestaan nie. Swanepoel stel dan ook die volgende vereistes aan so 'n kursus waardeur veldwerkers opleiding kan ontvang:

VEREISTES VIR KURSUS IN VELDWERK

- Gevorderde studie van fonetiek en fonologie
- Gevorderde studie van grammatiese ontleding
- Metodiek van veldwerk in die beskrywende linguistiek, sociolinguistiek, dialektologie, etnolinguistiek en psigolinguistiek
- Elementêre statistiek

So 'n amptelike kursus kan m.a.w. in Suid-Afrika die begin van 'n veldwerkers-tradisie word, wat die ratte van die taalnavorsingswiele kan olie.

Binne hierdie taalnavorsingsprojek is 'n algemene, objektiewe houding by die veldwerker een van die primêre voorvereistes om te onthou. Indien die navorser die veldwerk met vooropgestelde opvattinge aanpak, is die navorsingsresultate van die begin af minder wetenskaplik betroubaar en universeel geldig. Hoewel daar geen "ideale" veldwerker kan bestaan of opgelei kan word nie, is dit van groot belang dat so 'n persoon oor 'n deeglike agtergrondskennis rondom die studieveld beskik. Dit sal hom/haar in staat stel om probleemsituasies soos wat hulle opduik, te kan hanteer. Tog moet die veldwerker vatbaar vir oortuiging wees - die optrede en taalgebruik is jûis in die navorsingsprojek so belangrik omdat dit 'n hipotetiese stelling moet bewys of weerlê. As die navorser self opgelei is as veldwerker, of vertrouwd is met die beginsels van onderhoudvoering en veldwerk, sou dit die beste wees dat hy/sy self ál die onderhoude voer. Sodoende bly die gespreksituasie telkens relatief konstant en kan waarneming deurgaans op dieselfde vlak en volgens dieselfde verwysingsraamwerk gedoen word.⁴

Die essensie van die veldwerker se rol lê daarin dat hy/sy die segsmanne moet stimuleer en so gemaklik laat voel, dat die data wat tydens die onderhoude verkry word, so eg, natuurlik en lewensgetrou as moontlik kan wees. Daarom is dit in die geval van 'n variasie-ondersoek onder Kleurlingsprekers belangrik om die hele situasie so informeel en ontspanne as moontlik te hou. Selfs die fynste besonderhede kan hier 'n rol speel. Die veldwerker moet bv. verkieslik informeel geklee wees as hy met die "gemiddelde" segsman te doen kry. Dit kan natuurlik aangepas word n.a.v. die relatiewe sosiale klas van die sprekers waarby hy op daardie tydstip betrokke is. Die enigste vereiste is dat sy/haar kleredrag geensins opvallend moet wees (t.o.v. uitspattigheid, deftigheid, formeelheid òf slonserigheid) om sodoende die respondente ongemaklik, oorformeel of minderwaardig

4. Labov stem saam dat die navorser self verkieslik die veldwerker moet wees - Swanepoel, 1984, p.17.

te laat voel nie. Die veldwerker moet bowenal vertroue inboesem en respek afdwing, sonder om dominerend te wil wees. Dit is dus logies dat die veldwerker verkieslik tot dieselfde bevolkingsgroep as die respondente moet behoort. So word verdere onnodige agterdog en formeelheid uitgeskakel. (Vgl. Van Schalkwyk, 1983.)

Net so belangrik is die plek/ruimte waar die onderhoude gevoer word. Dit sal ook sekerlik wissel na gelang van die fasiliteite wat by elke huis beskikbaar is. As die bandopnemer nie elektrisiteit nodig het nie (wat 'n aanbeveling is, soos onder punt 3.2.1 beskryf), kan 'n heerlike, informele gesprek aan die kombuistafel, onder 'n boom, of op 'n stoep gevoer word.

Verskillende navorsers is dit nie altyd eens of ander aanwesiges naas die segsman self gewens is of nie. Klopper (Klopper, 1983, p.58) het bv. gevind dat sulke aanwesiges eerder die gesprek kataliseer as inhibeer. Labov (Van de Rheede, 1983, p.36) meen dat die veldwerker juis groepinteraksie moet stimuleer om gesprekke wat nie tot die navorser gerig word nie, vas te lê. Na my mening moet die gewenstheid van ander aanwesiges aan die objektiewe oordeel van die veldwerker self oorgelaat word. Hy moet dus onder alle omstandighede in beheer van die situasie bly. Ander volwassenes kan wel uitbrei op 'n onderwerp en sodoende bv. die segsman stimuleer om sonder inhibisies sy standpunt te verdedig. 'n Dominerende eggenoot wat telkens tussenin 'n stuiwer in die armbeurs gooi en wil verbeter op wat die respondent sê, moet eerder aangemoedig word om bv. 'n koppie koffie te gaan maak(!) Ter wille van die kwaliteit van die opnames en die konsentrasie van beide die segsman én die veldwerker, sou dit wenslik wees om luidrugtige kinders, blaffende honde en kekkelende hoenders in die omgewing te vermy. Weer eens - as die uitskakeling van sulke steurnisse moontlik die atmosfeer te gespanne kan maak, weeg die natuurlikheid van die optredes in die algemeen die swaarste. Die mikrofoon moet dan eerder ongemerk nader aan die respondent gehou word.

Die essensie dus: hoewel die fisiese ruimte vir elke respondent kan verskil, moet die ruimte wat die veldwerker as't ware skep,

so konstant en gemaklik moontlik gehou word. Tensy ingewikkelde klankwaarnemings (bv. ten opsigte van prosodiese kenmerke) gemaak moet word, moet opnames verkieslik by die respondente se huise gemaak word (en nie in die kunsmatige, formeler atmosfeer van bv. 'n musiekluisterkamer van 'n biblioteek, soos wat in Van Schalkwyk - 1969, p.43 - se ondersoek gebeur het nie).

Die dialek wat die veldwerker praat, kan ook van belang wees. As dié persoon geneig is om (miskien onbewustelik) hoogdrawend te klink en baie nou op sy diksie let, kan dit die spreker van 'n variant heeltemal verwar en afskrik om sy eie variasie van Afrikaans te besig. In sy antwoorde kan die respondent bv. bloot die veldwerker napraat, sonder om ooit sý variasie van Afrikaans te gebruik. Die ideaal sou in die meeste gevalle wees dat die veldwerker dieselfde dialek as die respondente in die algemeen praat, maar dit is nie altyd moontlik nie, omdat (soos reeds gesê) die veldwerker oor 'n basiese kennis van die projek moet beskik.

'n Uitweg vir die navorser self, is om 'n persoon uit die omgewing op te lei as veldwerker en om dan as 'n "vriend" van die betrokke veldwerker saam te "kuier" by al die mense (soos wat Kotzé saam met 'n Maleier rondgegaan het - 1983, p.24). Tog kan die vertrouensverhouding wat net ontstaan tussen twee persone wat waarlik kontak maak, nie versmaai word nie. In die geval van Moslems sou dit goed wees om 'n persoon wat hulle gewoontes (rondom hulle godsdienste) ken, saam te neem, maar indien die veldwerker se dialek nie radikaal van dié van die respondente verskil nie, hoef die projek nie by hierdie struikelblok te staan of val nie. Solank die konteks van die onderhoudsituasie net relatief konstant bly, kan ander faktore minder belangrik word.

Net so belangrik as wat die dialek van die veldwerker is, is die stemtoon waarin hy praat. 'n Stotterende, oorhaastige, gespanne geselsel, wat met 'n hoë, skril stem praat, sal onmiddellik 'n gespanne atmosfeer skep. 'n Goeie maatstaf sal wees of die veldwerker self natuurlik optree en of hierdie natuurlike optrede en geaardheid van hom/haar inpas by die algemene lewenstyl van die mense waarmee hy/sy werk. 'n Rustige persoon sal altyd

vertroue inboesem, veral onder proefpersone wat die onderhoud vol agterdog ingaan. Die respondente moet altyd aanklank kan vind by die veldwerker (hoewel hy nie 'n super-wese hoef te wees nie!).

As die instelling van die veldwerker reg is, behoort die praktiese afhandeling van die onderhoud nie kardinale probleme op te lewer nie. Die veldwerker rig die gesprek volgens die vooraf opgestelde vraelys (onder 3.2.2 uiteengesit) en stimuleer spontane taalreaksies deur enige gepaste gesprekstrategie. (Vir gesprekstrategieë, vergelyk Van der Riet, 1984.) So kan 'n stelling van 'n respondent in 'n ander vorm aan hom teruggekaats word, indien die situasie gepas sou wees.

Nida (Swanepoel, 1984, p.21) beklemtoon die feit dat die veldwerker tydens die onderhoud self moet oordeel wat gepas is binne die prosedure en dat die respondent se intelligensievlak ook in ag geneem moet word. Deur hierdie optrede van hom bou die veldwerker vir hom 'n beeld van geloofwaardigheid op, wat nou betrokke is by die response wat hy van die segsmanne kan verwag. Johnson (Johnson, 1972, p.80) meen selfs dat die geloofwaardigheid van die spreker/sender een van die belangrikste elemente is in so 'n kommunikasie-situasie. Hy onderskei onder andere 6 dimensies wat 'n spreker (in dié geval die veldwerker) se geloofwaardigheid beïnvloed (vgl. Diagram 6):

DIAGRAM 6GELOOFWAARDIGHEID VAN DIE VELDWERKER

- betroubaarheid (die veldwerker moet konstant wees in sy optrede en die inligting wat hy aan die segsmanne deurgee)
- bedoeling/motief (die respondent moenie verwar word nie)
- uitdrukking van warmte/vriendelikheid (sodoende word 'n ontspanne atmosfeer van vertrouwe geskep)
- mening van ander mense t.o.v. die spreker (indien die navorsingspan teenwoordig opsien na die veldwerker, sal dit die respondent ook beïnvloed)
- kennis/ingeligtheid van spreker (indien die veldwerker met gesag kan praat - sonder om dominerend te wees - sal die segsman ook meer gerus voel in sy teenwoordigheid)
- dinamiek van spreker (aggressiwiteit/empatie/passiwiteit beïnvloed die respondent se persepsie van die veldwerker)

Ook Kotzé (Kotzé, 1983, p.72) beklemtoon die geloofwaardigheid van die veldwerker. Die agterdog jeens mense wat die privaatheid van die respondente se huise betree, kan uiteindelik 'n invloed hê op die sukses van die onderhoud.

Die verskillende spreekstyle word ontlok, maar nié volgens 'n rigiede sisteem wat die natuurlike verloop van die gesprek kan inhibeer nie. As die respondent bv. tydens die lees van 'n prosastuk afdwaal en begin vertel hoe stout sy kinders is, hoef dit nie 'n krisis te wees nie. Solank die onderhoud nie heeltemal ontwrig word nie, is die struktuur daarvan aanpasbaar. Die mees natuurlike en vlot-verlopende onderhoude sal natuurlik verkry word in ondersoeke waar die verskillende spreekstyle nie van belang is nie. Dan kan die spreker vrye teuels kry en 'n hele kassetbandjie (of so lank as wat vir die ondersoek benodig word) vul met sy natuurlike vertellings (soos wat grootliks by die onlangs afgehandelde projek oor Griekwa-Afrikaans die geval was - Van Rensburg, e.a., 1984).

Dit bly belangrik dat die veldwerker deurgaans hoflik sal bly in sy kontak met die segsmanne. Hoewel nie alle ondersoekers dit mag nodig vind nie, moet hy onthou om aan die einde van elke onderhoud die respondent in te lig omtrent die ware aard van die ondersoek. Indien dit nodig blyk te wees (soos onder punt 3.2.2 bespreek) moet hy die spreker se toestemming ook kry om die betrokke bandmateriaal vir die taalondersoek te gebruik. Laastens is dit ook belangrik om die respondent se anonimiteit te waarborg (indien dit so verkies word) en die positiewe gesindheid van die navorsingspan te beklemtoon.

Die vereistes wat dus aan die veldwerker binne die onderhoudsituasie gestel word, kan so saamgevat word (vgl. Diagram 7):

DIAGRAM 7

DIE VELDWERKER BINNE DIE ONDERHOUDSITUASIE	
EIENSKAPPE VAN DIE IDEALE VELDWERKER	DIE IDEALE ONDERHOUDSITUASIE
1. Opleiding belangrik	1. Ruimte/plek vir onderhoud wissel n.a.v. fasiliteite beskikbaar
2. Objektiviteit	2. Veldwerker stimuleer gesprek en stel respondente gerus
3. Kennis van studieveld	3. Ander teenwoordiges slegs toegelaat indien gesprek gekataliseer word
4. Navorser self as veldwerker hou voordele in	4. Konteks en ruimte moet relatief konstant gehou word deur die veldwerker
5. Moet vertrouwe (respek) inboesem	5. Rig gesprek volgens vooraf opgestelde vraelys
6. Moenie dominerend wees nie	6. Maak gebruik van gesprekstrategieë
7. Hoflikheid	7. Ontlok spreekstyle (waar nodig)
8. Verkieslik van dieselfde bevolkingsgroep as die respondente	8. Maak ware doel van ondersoek bekend na onderhoud (indien gepas)
9. Verkieslik dieselfde dialek as die respondente	9. Verkry toestemming van respondente vir gebruik van data (indien nodig)
10. Stemtoon natuurlik om by algemene lewenstyl van respondente in te pas	10. Waarborg respondente se anonimiteit (waar van toepassing)
11. Kleredrag informeel (aangepas by sosiale klas van respondente)	

3.3.3 IDENTIFISERING VAN VARIANTE EN LINGUISTIESE VERANDERLIKES

Die verantwoordelikheid ten opsigte van die verkryging van die mees betroubare en geldige data, is op hierdie stadium afgehandel. Die verwerking wat nou voorlê, is egter net

so belangrik omdat dit aanspraak maak op 'n objektiewe beoordeling van die data op die grondslag wat met die aanvanklike beplanning van die projek neergelê is. Die navorser self is nou verantwoordelik vir die suksesvolle afhandeling van die projek. Hy/sy moet hom/haar daarvoor beywer om met 'n konstante benadering al die data volgens dieselfde norme te evalueer.

3.3.3.1 TRANSKRIPSIE VAN DIE BANDMATERIAAL

Die eerste stap in die praktiese verwerking van die rou data, behels die noukeurige transkripsie van die taalgebruiksmateriaal wat op band vasgelê is. Die transkribeerder(s) moet verkieslik ervare wees en vertrouwd wees met die tipiese taalverskynsels in die betrokke variante van Afrikaans. Dit is belangrik dat so min as moontlik verskillende transkribeerders betrokke is, sodat die beoordeling deurgaans vanuit ongeveer dieselfde verwysingsraamwerk gedoen kan word. Indien die werk te veel is en verdeel moet word, sou dit wenslik wees dat die transkripsiespan gereelde groepbesprekings hou om probleemareas te bespreek en saam riglyne op te stel waarvolgens die verskillende taalbousels neergepen kan word. Die projekteier moet altyd geraadpleeg word indien enig-een twyfel.

Die bandmateriaal sal nie noodwendig rigied volgens die vraelys gestruktureer word nie (soos onder 3.2.5 bespreek). Die navorser moet dus self die gepaste onderafdelings binne die onderhoude wat vasgelê is, uithaal. Verder moet 'n goeie tipe bandopnemer vir die transkripsie gebruik word - onthou dat die navorser ure lank na hierdie bande sal moet luister! 'n Goeie stel kopfone (minder irriterend en vermoeiend as oorfone) sal die klank die duidelikste oorbring. Die taak sal verder vergemaklik word deur 'n diktafoon wat ook deur die voet gereguleer kan word. Sodoende kan die transkribeerder aanhou skryf sonder om sy/haar konsentrasie en hande na die bandopnemer se knoppies hoef te verskuif. As die revolusies waarteen die band loop, sonder klankdistorsie stadiger gedraai kan word, vergemaklik dit ook die onderskeiding en herkenning van daardie moeilike, vinnig-uitgespreekte klanke.

Indien die ondersoek ook die musiese laag van die betrokke taalvariant dek, moet meer elektroniese klankinstrumentegebruik word om die veranderlikes te identifiseer en te vergelyk. Van Schalkwyk (Van Schalkwyk, 1969, p.36-38) gebruik o.a. 'n toonhoogtemeter en 'n osilloport in sy ondersoek, maar hy beklemtoon dat die balans tussen die instrumentele hulpmiddels en die perseptuele metodes bewaar moet word - die een hand was die ander hier skoon, want albei metodes is tē eensydig om prosodiese kenmerke akkuraat te evalueer.

Die akkuraatheid van die transkripsieproses moet voorrang geniet. Met Kotzé se projek (Kotzé, 1983, p.71) is die opnames ten minste 3 keer beluister om die fonologiese, morfologiese en sintaktiese veranderlikes te selekteer. 'n Bruikbare norm vir die beluistering van die materiaal, is die manier waarop Van Schalkwyk (1983, p.108) se transkripsies gedoen is. Die transkribeerder beluister die stukkie materiaal waarmee hy besig is totdat hy tevrede is dat hy self 'n perfekte weergawe daarvan agterna kan sê en dan eers word die data neergeskryf. Vir elke transkribeerder sal die greep materiaal wat hy op 'n slag kan hanteer, verskil. Solank hy/sy sy/haar konsentrasie t.o.v. elke afsonderlike klank kan behou, sal die "presiese" reproduksie daarvan op papier moontlik bly.

Indien 'n span saamwerk, sou dit wenslik wees dat die projekteleier die transkripsies kontroleer (terwyl hy/sy ook die bande beluister), sodat 'n eenvormige norm gehandhaaf kan word.

3.3.3.2 IDENTIFISERING VAN VARIANTE

Die navorser kan hierna die toepaslike variante en linguistiese veranderlikes uit die materiaal haal vir verdere verwerking. Indien die doel van die ondersoek 'n inventaris van taalverskynsels behels, moet die transkripsies noukeurig deurgegaan word vir enige tipiese klank, morfologiese en sintaktiese variante wat mag voorkom. Indien aan die begin van die ondersoek reeds geïdentifiseer is met watter verskynsels gewerk gaan word, kan daarby gebly word. Dit bly egter belangrik om te onthou dat

die baba nie saam met die badwater uitgegooi moet word nie (soos onder punt 2 bespreek). Enige interessante vonds is vir die taal-ondersoeker van belang om neer te stip - dit kan van hulp wees in 'n ander ondersoek, of juis 'n ander ondersoek inisieer!

Die neerpen van die variante en veranderlikes kom dus op die volgende neer (vgl. Diagram 8):

DIAGRAM 8

IDENTIFISERING VAN VARIANTE EN VERANDERLIKES	
TRANSKRIPSIES	IDENTIFISERING VAN VARIANTE
1. Erfare transkribeerders nodig	1. Navorser identifiseer veranderlikes:
2. Agtergrondskennis oor studieveld nodig	- bly by verskynsels waarop vooraf besluit is
3. Verkieslik min transkribeerders - groepsbesprekings 'n vereiste indien 'n span saamwerk	- identifiseer enige tipiese verskynsels indien inventaris ten doel gestel word
4. Transkribeerder moet bandmateriaal self analiseer	
5. Goeie tipe bandopnemer (verkieslik diktafoon met voetkontrole)	
6. Draaispoed van bandopnemer verkieslik verstelbaar	
7. Elektroniese apparaat nodig indien prosodiese belangrik is	
8. Akkuraatheid van beluistering en transkripsie belangrik	
9. Projekleier kontroleer groepwerk	

3.3.4 VERWERKING VAN DIE GEGEWENS

3.3.4.1 DIE WENSLIKHEID VAN OMVATTENDE STATISTIESE VERWERKINGSⁱ⁾

Voordat besonderhede rondom die statistiese analise van die data gegee word, sou dit funksioneel wees om eers die wesenlike waarde daarvan te bespreek.

Dat dit essensieel is om die data in 'n vergelykbare vorm (in terme van 'n numeriese waarde) te kan hanteer, kan nie weggeredeneer word nie. Daarom is die gebruiksfrekwensie (en tabelle en grafieke wat daarop gegrond is) van 'n spesifieke taalverskynsel vir die navorser van groot belang. Hierdie getal gee egter bloot 'n aanduiding van die hoeveelheid kere wat 'n verskynsel deur 'n steekproef (hōe verteenwoordigend ookal) uit 'n universum gebruik word op 'n sekere stadium binne die betrokke taal se bestaan.

Die hele begrip "taalvariasie" impliseer jūfs dat verskillende variante deur verskillende gebruiksgroepe van 'n taal, maar ook deur individuele sprekers afsonderlik gebruik word. Hierdie variëteite van die betrokke taal (in diē geval Afrikaans) wissel verder ook oor die jare heen, m.a.w. vandag se taalondersoekresultate geld nie noodwendig oor tien of twintig jaar binne dieselfde universum sprekers nie. Verder: op dieselfde tydstip wissel die taalgebruiksvariante tussen verskillende spraakgroepe en individue. 'n Taalvorm in sy geheel kan dus niē as 'n konstante beskou word nie, hoewel die semantiese komponent deurgaans dieselfde bly. (Dit kom ooreen met mondelingse mededelings van A. Jenkinson, U.O.V.S., 1984.) Hierdie vorm van statistiek dui dus bloot die mate van variasie teen die agtergrond van 'n bepaalde konstansie aan.

Statistiese berekeninge kan net algemeen geldend vir die hede en die toekoms wees, wanneer dit die uitdrukking van 'n ewigdurend geldende konstante behels. Die feit dat die betrokke steekproef 'n sekere tendens t.o.v. 'n spesifieke taalverskynsel toon, kan dus nooit voorveronderstel dat die ander lede van die universum

se taalgebruik dieselfde tendens sou toon nie. Binne vyf jaar sou presies dieselfde ondersoek ook moontlik heeltemal ander verklarings tot gevolg kan hê.

Bogenoemde wisselinge is egter nie so beduidend as wat die gevolgtrekkings, wat van 'n klein steekproef se data op 'n spesifieke stadium gemaak word, geweldig oorveralgemend kan wees nie. Hoe verder die data verwerk word as byvoorbeeld 'n standaardafwyking waarvan verklarings deurgaans vir die toekoms geldig beskou sal word, hoe meer word die bal misgeslaan indien daar aanvanklik 'n foutiewe waarneminkie ingesluis het. Dit kom prakties daarop neer dat 'n respondent wat toevallig die dag verkoue is, interessante (maar ongeldige) resultate en gevolgtrekkings kan ontlok. (Die spreker kan woorde wat nasale klanke bevat, doelbewus vermy omdat sy neus toe is en so die morfologiese resultate omvergooi. Verder kan sekere klanke op dié dag heeltemal ongewoon uitgespreek word - en die fonologiese data beïnvloed.)

Omdat taalgebruik in so 'n groot mate afhanklik is van die heersende omstandighede, die konteks van die situasie, die onderlinge sosiale verhouding tussen sprekers wat teenwoordig is en daarby ook willekeurig beheerbaar is, kan intensiewe statistiese toetsing en die daaropvolgende bevindinge nie oorwegend akkuraat wees nie. In hierdie lig gesien, is dit te betwyfel of die ondersoeker regtig so diep moet delf in sy/haar syfers. Die basiese verwerking van die gegewens behoort 'n voldoende aanduiding te gee van die variasie wat binne die betrokke ondersoek voorkom. Indien dieselfde tendens in herhaaldelike steekproewe en ondersoeke voorkom, behoort die verdere omsetting van data in statistiek meer funksioneel te wees.

3.3.4.2 DIE DATA WORD STATISTIEK

Omdat statistiek vandag 'n hoogs gespesialiseerde faset van datahantering is, is dit uiters belangrik dat die navorser op hoogte kom van die moontlikhede wat dit bied. Daar is hierbo gesê dat die fyner statistiese bewerkings nié so relevant is waar taalgebruik ondersoek word nie; nogtans moet die ondersoeker sorg dat

van die hulpmiddele wat beskikbaar is, gebruik gemaak kan word.

'n Rekenaar wat as databank dien, kan 'n oorkoepelende evaluering van die resultate van verskillende ondersoeke vinnig moontlik maak. Indien die taalondersoeker self nie oor die nodige kennis beskik nie, is professionele advies van 'n statistikus van die uiterste belang.

Eerstens moet die gebruiksfrekwensie van die geïdentifiseerde taalverskynsels bereken word, sodat vergelykings maklik getref kan word. Aan elke variant van die betrokke verskynsel wat voorkom, word 'n numeriese waarde toegeken. Waar Klopper (Klopper, 1976, p.48-49) byvoorbeeld die voorkoms van /r/ en /œi/ nagaan, word die waardes so toegeken:

- | | | | |
|------|---|----|-----------------------------|
| /r/ | - | 0: | glad nie geartikuleer nie |
| | | 1: | swak geartikuleer |
| | | 2: | duidelik geartikuleer |
| /œi/ | - | 0: | ontronde [əi] word gebruik |
| | | 1: | halfronde [œi] word gebruik |
| | | 2: | ten volle gerond |

Nou word die gebruiksfrekwensie/indekssyfer so bereken:


$$\text{Gebruiksfrekwensie} = \frac{\text{Somtotaal van aantal nulle, eens en twees}}{\text{Totale aantal kere wat die verskynsel voorkom}} \times \frac{100}{I}$$

Die antwoord hiervan druk dan die voorkomssyfer van 'n verskynsel in 'n vergelykbare persentasievorm uit.

Gebruiksfrekwensietabelle word nou getrek om die gebruiksfrekwensie van die verskynsels te kan visualiseer en vergelyk. Op grond van hierdie syfers, kan nou gebruiksfrekwensiegrafieke getrek word. Die gebruiksfrekwensie kan op die assestelsel bv. teenoor die spesifieke stylsoort wat betrokke is, gestel word (met die stylsoort as konstante veranderlike). In werklikheid kan nog 'n sosio-logiese veranderlike ingebou word deurdat byvoorbeeld meer as een sosiale klas se blotpunte op dieselfde assestelsel voorgestel

word. Die grafiek kan ongeveer so lyk (Klopper, 1976, p.46: Labov se voorstelling van die klassestratifikasie van /r/. Vgl. Diagram 9).

DIAGRAM 9



Op dié manier kan bykans enige veranderlikes wat taalgebruik beïnvloed, op 'n visuele, statistiese wyse met mekaar in verband gebring word. So kan byvoorbeeld bevind word dat 'n geletterde vrou uit die middelklas 'n sekere klank meer kere gerond uitspreek as wat 'n ongeletterde vrou uit die hoë klas doen. Hier moet egter weer gewaak word teen nie-funksionele oorveralgemenings en onnodige fyn onderskeidings.

'n Lys van moontlike sosiologiese veranderlikes wat taalgebruik kan beïnvloed, word in Hoofstuk 4 vervat. Vir elke ondersoek met sy eiesoortige geografiese afbakening en universum, behoort die relevansie van verskillende sosiologiese faktore te verskil. Die tabel gee bloot riglyne, maar die onus rus op die navorser om soortgelyke relevante invloede te identifiseer en te kwantifiseer.

Nadat die basiese rekenkundige gemiddeldes bereken is, kan verskillende statistiese toetse aangewend word ter verfyning (en soms oorveralgemening?) van die resultate.

Die standaardafwyking kan o.a. bereken word:

$$\text{Variansie } s^2 = \frac{\sum(x-\bar{x})^2}{n-1}$$

waar \sum = som van alle waarnemings

x = waardes van elke individuele waarneming

\bar{x} = rekenkundige gemiddelde

en n = aantal waarnemings

Die variasie-analise kan verder gevoer word deur toetse soos die F-toets (veral waar meer as twee groepe vergelyk moet word), die t-toets, die chi-kwadraattoets en ander toetse wat die beduidendheid van die resultate bepaal. Hier word egter van die standpunt uitgegaan dat die vergelykbaarheid van data en die vermoë om veranderlikes wat betrokke is, in verband te bring met mekaar, voldoende aanduiding gee van die taalvariasie wat betrokke is. Die kragte wat op die spesifieke variant van Afrikaans inwerk, is geïdentifiseer en spesifieke tendense (wat mag wissel tussen sprekers en oor die tyd heen) is aangedui.

Die verwerking van die data kan m.a.w. soos volg uiteengesit word (vgl. Diagram 10):

DIAGRAM 10

STATISTIESE VERWERKING

1. Navorser moet op hoogte wees van statistiese hulpmiddele-opleiding indien nodig
2. Rekenaar as databank (maak studies vergelykbaar)
3. Bereken gebruiksfrekwensie van verskynsels:

$$\text{Gebruiksfrekwensie} = \frac{\text{Somtotaal van aantal nulle, eens en twees}}{\text{Totale aantal kere wat die verskynsel voorkom}} \times \frac{100}{1}$$

4. Trek gebruiksfrekwensietabelle
5. Trek gebruiksfrekwensiegrafieke (bring veranderlikes met mekaar in verband)

6. Bereken standaardafwyking = $s^2 = \frac{\sum(x-\bar{x})^2}{n-1}$

7. Bereken beduidendheid van resultate d.m.v.

- F-toets
- t-toets
- chi-kwadraattoets

Indien fynere statistiek benodig word

3.3.5 INTERPRETASIE VAN DIE RESULTATE

Die aard van die gevolgtrekkings wat op grond van die totale navorsingsprosedure gemaak word, sal van projek tot projek verskil.

Deurentyd is 'n spesifieke verwysingsraamwerk deur die projekleier in die oog gehou, en nou het die resultate nuwe inligting verskaf, bestaande inligting weerlê, of bestaande opvattinge bewys. Dit is baie belangrik om te beklemtoon dat die gevolgtrekkings nou nie meer op 'n eie opinie, of 'n kompulsie van opinies van verskillende meningvormers berus nie. Die praktyk het nou op 'n nugtere manier oorgeneem om vooropgestelde idees te evalueer.

Die navorser kan sy interpretasie van die resultate in terme van teorievorming weergee. In werklikheid word op dié stadium besin oor die geldigheid van die aanvanklike hipotese (hetsy 'n induktiewe óf deduktiewe prosedure gevolg is). Dit is ook hier wat leemtes in die bestaande kennis en opvattinge geïdentifiseer kan word. Dit inisieer dan noodwendig 'n volgende ... en 'n volgende ondersoek.

Aan die volgende punte moet dus aandag gegee word by die interpretasie van die resultate (vgl. Diagram 11):

DIAGRAM 11

INTERPRETASIE VAN RESULTATE
1. Praktyk evalueer op dié wyse vooropgestelde idees
2. Teorievorming
3. Bewys/weerlê van aanvanklike hipotese
4. Identifisering van verdere leemtes binne bestaande kennis
5. Inisiëring van verdere ondersoeke

3.4 SAMEVATTING VAN NAVORSINGSMODEL


In die beplanning en uitvoering van taalnavorsing binne 'n variasieraamwerk, kan nou 'n breë model as riglyn geraadpleeg word. Uit ondervinding, ervaring en bestudering van ander soortgelyke projekte (vergelyk Hfst. 2) is hierdie diagram saamgestel wat in die hand van elke toekomstige navorser van Kleurling-Afrikaans as variëteit van Afrikaans rigting en struktuur kan gee. Sonder om 'n strak voorskrif te wees, kan 'n aangepaste vorm van hierdie model geld as 'n verwysingsraamwerk.

Dit is belangrik dat die diagram as 'n voorstelling van 'n (navorsings)proses gesien moet word. Die pyle dui aan dat die navorsingsproses spesifieke elemente stapsgewys (van bo na onder) inkorporeer. Die proses verloop van links na regs - van die vroegste beplanningstadium tot by die finale teorievorming (vgl. Diagram 12).

3.5 'N NOTA BY DIE GEBRUIK VAN HIERDIE MODEL

Dit is jammer dat kontak met die praktyk nie 'n groter rol gespeel het in die samestelling van hierdie model nie. Hoe dit ookal sy - dit bly 'n blote riglyn wat variasiestudies in die toekoms kan vergemaklik. Die resultate van verskeie studies wat op dieselfde grondslag uitgevoer is, behoort ook 'n vergelyking van data makliker en meer relevant te maak. Nou rus die onus op die skouers van elke projekteier van die toekoms om sý probleemarea volgens die breë riglyne in te pas in die raamwerk van taalvariasiestudies in die algemeen.

NAVORSINGSPROJEK



VOETNOTAS

- a) 'n Inventaris van die moontlike variante en variëteite van Afrikaans is die minimum vereiste wat aan taalvariasiestudies gestel kan word (vgl. ook Inleiding) met die oog op 'n sinvolle voortsetting van sulke studies.

Deelinventaris van fragmente van 'n taal sal nooit tot 'n volledige beskrywing van die betrokke taal kan lei nie. ('n Volledige beskrywing omvat al die variëteite van 'n taal.) Die einddoel van taalvariasiestudies is om 'n inventaris van die moontlike variëteite en variante van 'n taal te interpreteer in 'n omvattende beskrywing (grammatika) van die betrokke taal.

- b) Vir mēer oor die onderskeiding standaard/nie-standaard tale, vgl. o.a. Coetzee, 1948; Van Rensburg, 1983, p.15 e.v.; Ferguson & DeBose, 1977, p.105; Goossens, 1977, p.179; Coetzee, 1948, Daan e.a., 1985, p. 48 e.v.; Veith, 1972, p.154 e.v.
- c) Wanneer die variëteite van 'n taal bestudeer word, kan dit alleenlik geskied in kontras met 'n konstante gegewe. In die praktyk van variasiestudies word daar van die standaardvariëteit van 'n taal af uitgegaan waarteen die verskillende variëteite dan gekontrasteer word. Dit impliseer nie dat die standaardvariëteit (waar dit wel bestaan) in enige opsig gunstiger oorweeg word as die nie-standaardvariëteite nie. So 'n reëling is bloot 'n gerieflikheidssooreenkoms, veral omdat die standaardvariëteit die beste bekend is. Vir variasiestudies is dit uiters belangrik om steeds in gedagte te hou dat taalvariante in beginsel gelyk is - veral normatiewe uitsprake kan onder geen omstandighede ten gunste van die een of ander vorm gemaak word nie.
- d) 'n Inventaris van die moontlike variëteite en variante wat in Afrikaans voorkom, gee op geen manier 'n aanduiding van enige vorm van taalevolusie wat kon plaasgevind het nie. Talle van die items wat hipoteties uit 'n ouer taallaag kon stam, kom

in 'n inventaris naas mekaar te staan. Daaruit kan geen evolusie-gevolgtrekking gemaak word nie: hoogstens gevolgtrekkings op grond van die gebruiksfrekwensie van die items, en gevolgtrekkings wat berus op 'n interpretasie van die sosiale en ander faktore wat in die voorkoms van die variante 'n rol speel.

- e) Scherer en Giles (red.) 1979 bespreek 'n aantal sosiale veranderlikes en hulle relevansie vir sosiolinguistiese studies in besonderhede. Ook Pride (Van Schalkwyk, 1983, p. 67-68) onderskei verskillende tipes veranderlikes wat taalgebruik beïnvloed.
- f) Vir 'n oorsig oor veldwerkmodes, vgl. ook Platt en Platt, 1975, p. 165 e.v.
- g) Dit is belangrik om daarop te let dat die wysigings in spreekstyl deur middel van gerigte vrae op 'n beplande manier ontlok kan word. Wanneer sulke wysigings opgeneem word, en dit is die resultaat van 'n goedbeplande strategie, is die gegewens baie makliker bestudeerbaar as wat dit op 'n lukraak wyse ontlok word.
- h) Dit is nie moontlik om aan navorsingsinstansies in Suid-Afrika voor te skryf wat die voorwaardes moet wees waaraan nagraadse studies oor taalvariasie moet voldoen nie.

Dit is egter duidelik uit die materiaal wat hier bestudeer is, dat die voorbereiding van die navorsers wat 'n studie van die Afrikaans van die Kleurlinge onderneem het, nie almal op dieselfde peil was nie.

'n Sinvolle aanbeveling in die verband sou bv. aan die RGN wees om, wanneer daar navorsingsbeurse oor dié onderwerp toegeken word, hom eers te vergewis van die gehalte van die voorstudie wat vir die betrokke projek uitgevoer is.

- i) In verband met die statistiese verwerking van gegewens wat vir sosiolinguistiese ondersoeke versamel is, vgl. o.a. Fasold en Shuy (red.), 1973; Labov, 1980 (red.); Goyvaerts en Velders, 1975, p. 15 e.v.

4. KLEURLING-AFRIKAANS - 'N WEERGAWE VAN EIE EN VERWANTE NAVORSINGSRESULTATE

4.1 Versamelde databasis

4.1.1 Inleidend

4.1.2 Transkripsies en ontsluiting van die bandmateriaal

4.2 Sistematisering en klassifisering van die data

4.2.1 Inleidend

4.2.2 Oorsig oor die hoofkategorieë van verskynsels wat voorkom

4.2.2.1 Klankpatrone

4.2.2.2 Morfologiese verskynsels

4.2.2.3 Sintaktiese verskynsels

4.2.3 Die subkategorieë

4.2.3.1 Klankpatrone

4.2.3.1.1 Vokale

4.2.3.1.2 Konsonante

4.2.3.2 Morfologiese verskynsels

4.2.3.3 Sintaktiese verskynsels

4.2.4 'n Inventaris van verskynsels in Kleurling-Afrikaans

4.2.4.1 Klankpatrone

4.2.4.1.1 Vokale

4.2.4.1.2 Konsonante

4.2.4.2 Morfologiese verskynsels

4.2.4.3 Sintaktiese verskynsels

4.3 Sosiologiese veranderlikes as determinante vir taal-
gebruik

4.3.1 Determinante by die voorkoms van variasie

4.3.2 Sociolinguistiese veranderlikes

4. KLEURLING-AFRIKAANS - 'N WEERGAWE VAN EIE EN VERWANTE NAVORSINGSRESULTATE

4.1 VERSAMELDE DATABASIS

4.1.1 INLEIDEND

Met 'n breë agtergrond van die verloop van vorige ondersoeke in hierdie verband en met die basiese navorsingsmodel as riglyn, kan nou oorgegaan word tot die sistematisering van die materiaal wat vir hierdie studie byeengebring is. In hierdie afdeling volg dus nou die transkripsies van die bandmateriaal, die ontsluiting daarvan en daarna 'n kategorisering van die geïdentifiseerde verskynsels en ook dié wat reeds in vorige ondersoeke geïdentifiseer is.

Eerstens is dit nodig om 'n volledige beeld te kry van die korpus wat ondersoek word. Sodoende kan die ondersoekterrein realisties afgebaken word. Daarna volg die transkripsies van die bandmateriaal van die taalgebruik van 96 Kleurlingsprekers uit die Kaapse Skiereiland. (RGN - ondersoek - Landstale). Dit is belangrik om daarop te wys dat die transkripsies met 'n bepaalde doelwit voor oë gedoen is. Omdat in hierdie ondersoek slegs gekonsentreer word op algemene opvallende verskynsels wat in Kleurling-Afrikaans voorkom, sou dit onnodig wees om bv. woordelyste en leesstukke wat tydens die onderhoude voorgelê is, by te sleep. Hier word geen verdere statistiese verwerking van die data (wat by die interpretasiefase tuishoort) beoog nie - slegs die daarstelling van so 'n volledig as moontlike datakorpus. Dit beteken noodwendig dat natuurlike, spontane taalgebruik die beste keuse van rou materiaal sou uitmaak en daarom word uit elke onderhoud (op band) slegs dié dele gehaal waar van 'n relatiewe spontane verteltrant sprake is. Op dié wyse word gepoog om die data so algemeen geldig en betroubaar as moontlik te hou (as van die beginsel uitgegaan word dat die spreker se bewustheid van sy eie taalgebruik lg. wel beïnvloed).

Elke volgende respondent se taalgebruik word aangedui d.m.v. die kodenommer wat die RGN aan dié betrokke spreker toegeken het (bv. 070701). Daarby word telkens tussen hakies aangedui waar 'n verandering in die onderhoudsituasie ingetree het (bv. waar die veldwerker 'n prent aan die respondent toon). Die veldwerker se taal-


gebruik word nie foneties getranskribeer nie, omdat dit hier geen doel dien nie.

Na elke spreker se transkripsie volg 'n ontsluiting van die data wat in sy/haar taalgebruik voorkom. Dit word drieledig uiteengesit - in terme van Klankpatrone, Morfologiese verskynsels en Sintaktiese verskynsels. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat hierdie ontsluitings nie werklik volledig alle tipiese verskynsels wat voorkom, kan weergee nie. 'n Ander ondersoeker (met 'n ander norm van wat standaard is en ander insigte oor die onderliggende sistematiek) sou miskien heeltemal ander/meer verskynsels kon raaksien in so 'n sistematiseringsstadium.

Dit word hier beklemtoon dat die teoretiese uitgangspunt deurgaans rondom taalvariasie sentreer. Verskynsels word m.a.w. nie as 'n proses van verandering nie, maar wel as gelykwaardige variante uitgedruk soos hulle naas mekaar in 'n inventaris voorkom. In hierdie ondersoek word gepoog om 'n groot korpus van moontlike data (tipiese verskynsels in Kleurling-Afrikaans) as basis vir verdere ondersoeke daar te stel. Uit hierdie databank kan dan verdere steekproewe en nuwe ondersoeke voortvloei, wat d.m.v. statistiese verwerking van bv. die gebruiksfrekwensie van die verskynsels, kan verifieer of weerlê wat nou eintlik tipiese Kleurling-Afrikaans is, ensovoorts.

Om die interpretasie van die transkripsies en ontsluitings te vergemaklik - slegs 'n paar besonderhede ter verduideliking. Die variante word telkens beskryf as "standaard x variant" (wat as gelyke variasies beskou word).

Op klankvlak word die meerderheid vokaalverskynsels in terme van "laag x hoog x laag" en "voor x agter x voor" beskryf. As basis vir die plasing van die vokale t.o.v. bg. kriteria, kan die volgende vokaalkaart byderhand gehou word:



Omdat die sprekers wat in hierdie ondersoek betrek is, feitlik deurgaans die [a] effens oop uitspreek, word die a - klank nié as variant getranskribeer nie. Breking word as verskynsel by die "kort x lank" - variante geïnkorporeer, aangesien dit feitlik deurgaans daarmee saam voorkom. Wat die lengte van vokale betref, word onderskei tussen half lang-(V·), lang-(V:) en baie lang-(V:) vokale.

Konsonantvariasie word beskryf deur na klusters te verwys. Die variasie kom dus voor waar een konsonantkluster met 'n ander varieer - hier word \emptyset -konsonant-, eenkonsonant-, tweekonsonant-, driekonsonant- en vierkonsonantklusters onderskei. Om die beeld van die variasie soos dit in die taalgebruik voorkom, volledig weer te gee, word vokale ook soms by die beskrywing van die konsonantklusters ingesluit (hoewel dit steeds as konsonantklusters bekend staan). Daar word ook onderskei tussen woordgrense (\neq) en sillabegrense (\neq) en waar 'n klank nie duidelik uitgespreek word nie, maar wel half hoorbaar is, word dit ook aangedui (K).

Daar bestaan verder 'n indelingsprobleem t.o.v. die morfologiese en sintaktiese verskynsels. Dit is nie altyd duidelik of 'n verskynsel op woordvlak of op sinsvlak voorkom nie. 'n Herkategorisering van sulke verskynsels sal dus moontlik bly. Binne dié kategorieë word o.a. melding gemaak van die Subjek (S), Objek (O), Verbum (V), Direkte Objek (DO), Indirekte Objek (IO), Naamwoordstuk (NS) en Werkwoordstuk (WS) by die beskrywing van die patrone. Die simbool "X" word gebruik om die oorblywende gedeelte van 'n sin/sinsdeel aan te dui.

SIMBOLE WAT BY DIE UITEENSETTING VAN DIE INVENTARIS GEBRUIK WORD

SIMBOOL	VERKLARING
≠ /	Woordgrens
°	Sillabegrens
	Klank half hoorbaar
S	Subjek
O	Objek
V	Verbum
DO	Dirkte Objek
IO	Indirekte Objek
NS	Naamwoordstuk
WS	Werkwoordstuk
X	Oorblywende gedeelte van sin(sdeel)

4.1.2 TRANSKRIPSIES EN ONTSLUITING VAN DIE BANDMATERIAAL

Soos in die uiteensetting van die navorsingsmodel (sien Hfst. 3) en die voorafgaande inleiding beskryf, sou dit vir die doel van hierdie ondersoek nie funksioneel wees om met data uit die hele spektrum van spraakstyle te werk nie. Hier word gepoog om so 'n volledige inventaris as moontlik van fonetiese, morfologiese en sintaktiese verskynsels in Kleurling-Afrikaans op te stel. Die klem val m.a.w. op die omgangstaal van die groep sprekers - die tipiese taalverskynsels moet die natuurlike, spontane taalgebruik verteenwoordig. Om hierdie rede is dit belangrik dat slegs die vertel- en gespreksdele van die bandmateriaal (deur die RGN beskikbaar gestel) by dié ondersoek betrek word. Die vraelys met demografiese gegewens, die leesstukke en woordelyste (asook die Engelse ekwivalente) word dus nie getranskribeer nie.

Elke nuwe transkripsie word aangedui met die RGN-kodenommer wat daaraan toegeken is. Asteriske toon aan dat 'n stuk bandmateriaal uitgelaat word, omdat dit nie die Kleurlinge se omgangstaal verteenwoordig nie. By dele waar die veldwerker en respondent afwisselend aan die woord is, word die sprekers aangedui met 'n V (veldwerker) en 'n R (respondent). Waar die klankkwaliteit en

spraak 'n akkurate transkripsie onmoontlik maak, word dit aangedui met die woord "(onduidelik)". Enige verdere besonderhede van belang word ook in hakies aangedui. Dit is belangrik om te spesifiseer dat die transkripsies slegs foneties is waar die variasie-items wat ondersoek word, voorkom, of waar dit verwarring kan uit-skakel.

Sien Bylae A vir die uiteensetting van die versamelde databasis - n lys van die transkripsies van die bandmateriaal en die ont-sluiting van die gegewens wat sodoende verkry word.

4.2 SISTEMATISERING EN KLASSIFISERING VAN DIE DATA

4.2.1 INLEIDEND

Met die verskeidenheid variante wat nou binne die transkripsies geïdentifiseer is, kan verskillende kategorieë van verskynsels onder die subhoofde klank, morfologiese en sintaktiese verskynsels opgestel word.

Om 'n oorkoepelende beeld te gee van watter breë kategorieë onderskei kan word, word aanvanklik 'n gekonsentreerde weergawe daarvan in tabelvorm gegee. Met dié tabelle as uitgangspunt word die inventaris van verskynsels wat voorkom, verbreed tot 'n volledige indeling en weergee van die voorkoms van die betrokke verskynsels binne die materiaal wat bestudeer is. Behalwe die ondersoek wat binne dié projek geloods is, word ook 'n beeld gegee van die ander verteenwoordigende ondersoeke m.b.t. Kleurling-Afrikaans. Aan elke ondersoeker/werk wat bestudeer is, word 'n lettersimbool toegeken om die uiteensetting te vergemaklik:

- A. 1984-85: ondersoek wat in dié studie ter sprake is
- B. Klopper, R. (1976)
- C. Klopper, R. (1983)
- D. Van de Rheede, I. (1983)
- E. Kotzé, E.F. (1983)
- F. Boonzaier, W.J.C. (1982)
- G. Links, T.H. (1983)
- H. Bothma, S.J. (1962)
- I. Van Schalkwyk, D.J. (1983)
- J. Van Rensburg, M.C.J. (1984)

Dit is belangrik om daarop te wys dat ondersoeke F tot J slegs as

kontrolestudies ingesluit word, aangesien hierdie ondersoeke nie direk op die Kleurling-Afrikaans van die Wes-Kaap betrekking het nie. Tóg kan bv. die taalverskynsels van die Griekwa-projek (Van Rensburg, 1984) as verwysing en nuttige kontrole dien.

Die werkswyse is sō bepaal dat onderskeidelik die klankpatrone, morfologiese en sintaktiese verskynsels wat in elke ondersoek geïdentifiseer is, hier geïnkorporeer kan word. Waar ondersoek A ter sprake is, word die spesifieke spreker wat betrokke is d.m.v. die RGN-kodenummer (bv. 070701) aangedui. By die ander ondersoeke gee die bladverwysings telkens 'n aanduiding waar die data vandaan kom vir kontroledoeleindes. Om praktiese redes kan nie alle moontlike voorbeelde weergegee word nie. Daarom is besluit om (meestal net) een verteenwoordigende voorbeeld van elke verskynsel neer te pen. Daar is gepoog om die weergawes van die ander ondersoekers (ook met beperkte voorbeelde) so getrou as moontlik te hou. Daarom sal dié beskrywings (vanaf B tot J) nie noodwendig in variasieterme wees nie. Die hoofskrif by elke nuwe verskynsel sal egter 'n poging wees om al hierdie taalverskynsels in taalvariasieterme te beskryf. Dit mag dus ook vreemd lyk, maar elke tradisionele "proses" word as variasie gesien en as sulks beskryf. So gebeur dit ook dat 'n verskynsel binne dié ondersoek in 'n ander kategorie geplaas word as wat dit oorspronklik deur die ander betrokke ondersoekers gedoen is.

Laastens kan net gewys word op die moontlikhede wat met die opstelling van hierdie inventaris ontstaan. Die identifisering en klassifisering van verskynsels in die tweede fase gee nou aanleiding tot die derde en laaste fase. Verdere ondersoek lê nou op die interpretasievlak. Hoewel die doelwit van hierdie ondersoek bloot by sistemativering bly, maak die inventaris dit vir toekomstige ondersoekers moontlik om dieper in te gaan op die agtergrond van die voorkoms en die herkoms van die gelyste verskynsels. Moontlike verdere statistiese verwerkings t.o.v. die beskikbare data (en die resultate van ander, nuwe ondersoeke) kan interessantheide rondom die gebruiksfrekwensie van verskynsels in Kleurling-Afrikaans na vore bring. Die voorkoms van die data kan ook in verband gebring word met verskeie sosiologiese determinante wat taalgebruik beïnvloed (soos in Hoofstuk 1 uiteengesit word). Met die inventaris

as basis bly dus legio moontlikhede oop vir verdere studies in dié veld.

4.2.2 OORSIG OOR DIE HOOFKATEGORIEË VAN VERSKYNSELS WAT VOORKOM

4.2.2.1 KLANKPATRONE

KLANKPATRONE	
VOKALE ¹	KONSONANTE ²
1. Lae en hoë variante 2. Hoë en lae. variante 3. Voor en agtervariante 4. Agter en voorvariante 5. Ongenasaleerde vokale x gena- saleerde vokale 6. Variante t.o.v. die graad van rondding 7. V x ___	1. ø-konsonantpatrone 2. Enkelkonsonantpatrone 3. Dubbelkonsonantpatrone 4. Driekonsonantpatrone 5. Vierkonsonantpatrone

-
1. Vir 'n verdere (geteleskopeerde) uiteensetting van die subkategorieë in hierdie afdeling, vergelyk p. 121 en 140.
 2. Vir 'n verdere uiteensetting van die subkategorieë in hierdie afdeling, vergelyk p. 124 en 156.

4.2.2.2 MORFOLOGIESE VERSKYNSELSMORFOLOGIESE VERSKYNSELS³

1. Woordsoorte
2. Morfologiese konstruksies
3. Seleksie
4. Funksievariante
5. Leksikon
6. Sillabiese variante

3. Vir 'n verdere (geteleskopeerde) uiteensetting van die subkategorieë in hierdie afdeling, vergelyk p. 126 en 174.

4.2.2.3 SINTAKTIESE VERSKYNSELSSINTAKTIESE VERSKYNSELS⁴

1. Seleksie
2. Herhaling
3. Idiomatiese omskrywingsvariante
4. Sinsorde en struktuur
5. Anaforiek
6. Deels-genetief
7. Hendiadis-konstruksie
8. Infinitief-konstruksie
9. kom/gaan-konstruksie
10. met ... saam-konstruksie
11. Negatief-konstruksie
12. Variante met nou
13. Passief-konstruksie

4. Vir 'n verdere uiteensetting van die subkategorieë in hierdie afdeling, vergelyk p. 131 en 200.

4.2.3 DIE SUBKATEGORIEë4.2.3.1 KLANKPATRONE4.2.3.1.1 VOKALE

1. Lae en hoë variante	2. Hoë en lae variante	3. Voor en agtervariante
1.1 lank x kort	2.1 kort x lank	3.1 hoog/voor x hoog/agter
1.2 laag x middellaag	2.2 hoog x middelhoog	3.2 hoog/voor x middelhoog/ agter
1.3 laag x hoog	2.3 hoog(rond) x middelhoog(nie-rond)	3.3 hoog/voor x middellaag/ agter
1.4 middellaag x middelhoog	2.4 hoog x middellaag	3.4 hoog/voor x laag/agter
1.5 middellaag(rond) x middelhoog(nie-rond)	2.5 hoog(rond) x middellaag(nie-rond)	3.5 middelhoog/voor x middellaag/agter
1.6 middellaag x hoog	2.6 middelhoog x middel- laag	3.6 middelhoog/voor x laag/agter
1.7 middellaag(rond) x hoog(nie-rond)	2.7 middelhoog(rond) x middellaag(nie-rond)	3.7 middellaag/voor x hoog/agter
1.8 middelhoog x hoog	2.8 middelhoog(nie-rond) x middellaag (rond)	3.8 middellaag/voor x middellaag/agter
1.9 middelhoog(rond) x hoog(nie-rond)	2.9 middelhoog x laag	3.9 middellaag/voor x laag/agter
1.10 laer as neutraal x neutraal	2.10 middellaag x laag	3.10 laag/voor x laag/ agter
1.11 neutraal x hoër as neutraal	2.11 hoër as neutraal x neutraal	
1.12 vokaal x hoër diftong	2.12 neutraal x laer as neutraal	
1.13 diftong x hoër vokaal	2.13 vokaal x laer dif- tong	
1.14 diftong x hoër diftong	2.14 diftong x laer vokaal	
	2.15 diftong x laer diftong	

VOKALE(vervolg)

4. Agter en voorvariante	5. Ongenasaleerde vokale x genasaleerde vokale	6. Variante t.o.v. die graad van ronding
4.1 hoog/agter x middellaag/voor 4.2 middelhoog/agter x middellaag/voor 4.3 middellaag/agter x middellaag/voor 4.4 laag/agter x hoog/voor 4.5 laag/agter x middellaag/ voor	5.1 VK x \tilde{V}	6.1 rond en ontrond (vokale) 6.2 ontrond x rond (vokale) 6.3 rond x ontrond (diftonge) 6.4 ontrond x rond (diftonge) 6.5 rond x oorrond (vokale) 6.6 rond x oorrond (diftonge)

VOKALE(vervolg)

7. V x _

7.1 ≠V x ≠
_7.2 V≠ x ≠
_

4.2.3.1.2 KONSONANTE

1. \emptyset -konsonantpatrone	2. Enkelkonsonantpatrone	3. Dubbelkonsonantpatrone	
<p>1.1 <u> </u> x K</p> <p>- <u> </u> x <u> </u> K</p> <p>- <u> </u> x K <u> </u></p> <p>1.2 <u>V</u> x <u>V</u>KV</p> <p>- V x V <u> </u> KV</p> <p>1.3 <u>VV</u> x <u>V</u>KV</p> <p>- diftong <u> </u> V x diftong <u> </u> KV</p>	<p>2.1 K x <u> </u></p> <p>- <u> </u> K x <u> </u></p> <p>- K <u> </u> x <u> </u></p> <p>- K <u> </u> x <u> </u></p> <p>2.2 <u>K</u> x <u>K</u></p> <p>- <u> </u> K x <u> </u> K</p> <p>2.3 <u>K</u> x <u>KK</u></p> <p>- <u> </u> K x <u> </u> KK</p> <p>- K <u> </u> x <u> </u> KK</p> <p>- K <u> </u> x <u> </u> K <u> </u></p> <p>- <u> </u> K x <u> </u> K <u> </u></p> <p>- <u> </u> K x <u> </u> K <u> </u></p> <p>2.4 <u>K</u> x <u>KKK</u></p> <p>- K <u> </u> x <u> </u> KKK</p> <p>2.5 <u>K</u> x <u>affrikaat</u></p> <p>- <u> </u> K x <u> </u> affrikaat</p> <p>- <u> </u> K x <u> </u> affrikaat</p> <p>2.6 <u>VKV</u> x <u>VV/diftong</u></p> <p>- V <u> </u> KV x V <u> </u> V</p> <p>- V <u> </u> KV x diftong</p> <p>2.7 <u>VK</u> x <u>VKK</u></p> <p>- V <u> </u> K x V K <u> </u> K</p> <p>2.8 <u>KV</u> x <u>KKV</u></p> <p>- <u> </u> KV x K <u> </u> KV</p>	<p>3.1 <u>KK</u> x <u> </u></p> <p>- <u> </u> KK <u> </u> x <u> </u></p> <p>3.2 <u>KK</u> x <u> </u></p> <p>- <u> </u> KK x <u> </u> K</p> <p>- <u> </u> KK x <u> </u> K <u> </u></p> <p>- <u> </u> KK x <u> </u> K <u> </u></p> <p>- <u> </u> K <u> </u> K x <u> </u> K <u> </u></p> <p>- <u> </u> K <u> </u> K x <u> </u> K <u> </u></p> <p>- <u> </u> K <u> </u> K x <u> </u> K <u> </u></p> <p>- <u> </u> K <u> </u> K x <u> </u> K <u> </u></p> <p>3.3 <u>KK</u> x <u>KK</u></p> <p>- <u> </u> KK x <u> </u> KK⁵</p> <p>- <u> </u> KK x <u> </u> KK</p> <p>- <u> </u> KK <u> </u> x <u> </u> KK <u> </u></p> <p>- <u> </u> K <u> </u> K x <u> </u> K <u> </u> K</p> <p>- <u> </u> K <u> </u> K x <u> </u> K <u> </u> K</p> <p>- <u> </u> K <u> </u> K x <u> </u> K <u> </u> K</p> <p>3.4 <u>KK</u> x <u>KKK</u></p> <p>- <u> </u> KK x <u> </u> KKK</p> <p>- <u> </u> K <u> </u> K x <u> </u> KKK</p> <p>- <u> </u> K <u> </u> K x <u> </u> K <u> </u> K</p> <p>- <u> </u> K <u> </u> K x <u> </u> K <u> </u> K</p> <p>3.5 <u>Affrikaat/</u><u>KK</u> <u>x affrikaat</u></p> <p>- <u> </u> KK x <u> </u> affrikaat</p> <p>- affrikaat <u> </u> x affrikaat <u> </u></p>	<p>3.6 <u>KK</u> x <u>KV</u></p> <p>- <u> </u> KK <u> </u> x <u> </u> KV <u> </u></p> <p>3.7 <u>KK</u> x <u>KVK</u></p> <p>- <u> </u> KK x <u> </u> KVK</p> <p>- <u> </u> K <u> </u> K x <u> </u> KVK</p> <p>- <u> </u> K <u> </u> K x <u> </u> K <u> </u> V <u> </u> K</p> <p>3.8 <u>KK</u> x <u>KKV(K)</u></p> <p>- <u> </u> KK x <u> </u> K <u> </u> V (K)</p> <p>3.9 <u>KKV</u> x <u>KK</u></p> <p>- K <u> </u> <u> </u> V x K <u> </u></p> <p>3.10 <u>KKV</u> x <u>KVK</u></p> <p>- <u> </u> K <u> </u> V x <u> </u> K <u> </u> V</p> <p>- <u> </u> K <u> </u> V x <u> </u> K <u> </u> V</p> <p>3.11 <u>VKK</u> x <u>VK</u></p> <p>- V <u> </u> K <u> </u> x V <u> </u> K</p>

5. Waar 'n konsonant-simbool (K) onderstreep word by albei die betrokke variante, dít aan dat die K in dié betrokke posisie met 'n ander K varieer (bv. KK x KK = [nk] x [ng], bv. dng (dng)).

KONSONANTE (vervolg)

4. Driekonsonantpatrone	5. Vierkonsonantpatrone
<p>4.1 <u>KKK x K</u> -KKK[≠] x K₋[≠] -KK[≠]K x K₋[≠]</p> <p>4.2 <u>KKK x KK</u> -KKK[≠] x KK₋[≠] -KKK[≠] x K₋K[≠] -KKK[≠] x ₋KK[≠] -K[≠]KK x ₋[≠]KK -KK[≠]K x ₋K[≠]K -KK[≠]K x K₋[≠]K -K[≠]KK x K[≠]₋K -KK[≠]K x KK[≠]₋ -KK[≠] K x KK[≠]₋</p> <p>4.3 <u>KKK x KKK</u> -[≠]KKK x [≠]KKK</p> <p>4.4 <u>KKK x KKKK</u> -K[≠]KK x KK[≠]KK</p> <p>4.5 <u>KKK x KKVK</u> -[≠]KKK x [≠]KKVK</p>	<p>5.1 <u>KKKK x KKK</u> -K[≠]KKK x ₋[≠]KKK -KK[≠]KK x K₋[≠]KK -KKK[≠]K x ₋KK[≠]K</p>

4.2.3.2 MORFOLOGIESE VERSKYNSELS

1. Woordsoorte

1.1 Adjektief

-adjektief + s.nw. x adjektief + -e
+ s.nw.

1.2 Adjunk

-adjunk x adjunk + adjektiefmorfeem
-voorsetsel + -dat x dat

1.3 Selfstandige naamwoord

-volle naam x verkorte naam
-"doop"naam x bynaam
-aanspreekvorme wissel
-algemene samestellings/samekoppelings
x tipiese vorme
-verbindingsklank -s- x _
- _ x verbindingsklank -s-
- -e x -s x -te x -se x -ens x -ers x
'n klomp ... (as meervoudsmorfeme)
-meervoud met markeringsvorm x
meervoud sonder markeringsvorm
-enkelvoud x meervoud
-element + -element + -meervouds-
morfeem x element + -meervoudsmorfeem
+ -element + -meervoudsmorfeem
- -ci x -ici (as verkleiningsmorfeme)

1.4 Telwoord

- -de x -ste (as morfeme by rangtel-
woorde)
- -ste x -de (as morfeme by rangtel-
woorde)

1.5 Voegwoord

- uitgebreide aantal voegwoorde in taal-
gebruik x beperkte aantal voegwoorde

1.6 Voornaamwoord en tipes setsels

-manlike vorm van vnw. x vroulike vorm
-besitlike vnw. x besitlike vnw. + -e

(Voornaamwoord vervolg:)

-daar + -voorsetsel x voorsetsel +
vnw.

-daar + -voorsetsel x dit

-daar + -voorsetsel x _ + voorsetsel

1.7 Werkwoord

-ww. x ww. + -morfeem

-medewerkwoord + infinitief x mede-
medewerkwoord + verboë vorm van die ww.

-medewerkwoord + infinitief x
medewerkwoord + _

-medewerkwoord + infinitief x
_ + infinitief

laat lê __ die skille net so ..."1.2 SVO x S__O

A. 010419: bv. "Ma Namakwa'nd __ 'n baie aangename plêk!"

070701: bv. "ən jy __ hom flek ..."

F. p. 223: Verlies van sinselemente kom voor, bv. "Oostewind
bring droogte, Noordwes __ onweer."1.3 SVO x SV__

A. 140204: bv. "die kləp sti:r __ af ... "

1.4 SVO x __V__(X)

A. 010415: bv. ".. ən nou lat kry __ __məs-ie my maandsiekte nie."

1.5 Die onderwerps-dit kom soms voor en soms nie

A. 010112: bv. "__ is baie fəil ən anta:idi ..."

1.6 Die voorwerps-dit kom soms voor en soms nie

A. 010112: bv. "... dan ɟi hy __ vi my ..."

1.7 NS + byvoeglike bysin x __ + byvoeglike bysin

A. 020223: bv. "... vyftag is-ie __ wat ək weggegan hət"

1.8 S + V + X + S + V + IO + XA. 010218: bv. "... die ane ene het my deer my sakke gegaan ..."1.9 Sin A + sin B (onafhanklik en identifiseerbaar) x Sin CJ. p. 205: Soms word twee identifiseerbare sinne aan mekaar gevoeg,
bv. "Ons het almal ons kiste is reg." ("Ons het almal
kiste" en "Ons kiste is reg.")1.10 S + sê + X (voorwerpsin) x S + sê + ja + XA. 110303: bv. "Toe sê həlle ja həlle gan ..."1.11 (As +) bysin van tyd/voorwaarde + hoofsin x (As +) bysin
van tyd/voorwaarde + dan + hoofsinA. 110604: bv. "Ons doRp toe gan, dan's-ət al hie op-ie end van-ie
ja:Rə."010241: bv. "... as almal probeer ..., dan səl dit baie mooi
lyk."1.12 Relatiewe vnw. + res van relatiewe bysin x __ + relatiewe
bysinA. 010108: bv. "... baie mense __ nou met pəblieke voetəiə ..." (wat)E. p. 160: Verbetrekliging vind soms plaas, bv. "Ek is 'n man, ek
laat nie op my trap nie."

- 1.13 Dat + res van onderwerpsin + ___ + res van onderwerpsin
 A. 010107: " ... is God se wil ___ ek sal trou ..."
- 1.14 S + is + adjektief + X x S + is + ___ + X
 A. 070308: bv. "... 'kə my səstər ɔk nou mar ___ oor dans."
- 1.15 adjunk van graad + adjektief x ___ + adjektief
 A. 010242: bv. "... hälle ɔnersoek-ie eens ___ rex-ie vrou is-ie .."
- 1.16 Tydsaanduiding + V + X x ___ + V + X
 A. 010420: bv. "___ Is ek al wee van plan om ət te trek ..." (dan)
 010418: bv. "___ Kom sy in-ie Kaap ..." (toe)
- 1.17 lidwoord (die/'n) + s.nw. x ___ + s.nw.
 A. 010106: bv. "... en nog ___ paar ane mense."
 110604: bv. "___ Plase lê fɛ:R ətmekaaR ət."
 F. p. 223: Verlies van sinselemente kom voor, bv. "Iemand vir ___ gek hou."
 J. p. 46; 122; 127; 129: Lidwoordweglating, bv. "ek moet ___ tiekie gee vir die meid"
- 1.18 ___ + onbepaalde vnw. x lidwoord + onbepaalde vnw.
 A. 010106: bv. "... 'n iets sus dit ..."
- 1.19 ___ + s.nw. (meervoud) x lidwoord + s.nw. (meervoud)
 A. 140204: bv. "'n əndivijele borge"
- 1.20 voorsetsel + ___ + Eienaam x voorsetsel + lidwoord + Eienaam
 A. 010314: bv. "ek woon ɔrait in-ie Mənəbəg ..."
 E. p. 165: Redundante gebruik van die voor plekname, bv. "in die Pretoria"
- 1.21 aanwysende vnw. + s.nw. x aanwysende vnw. + ___
 E. p. 157: anwysende voornaamwoorde diē en daardie word ook selfstandig gebruik, bv. "daai's kwaai"
- 1.22 Die voegwoord kom soms voor en soms nie
 A. 140201: bv. "... asof ek iets hi:'t , su an."
 F. p. 223: Verlies van sinselemente kom voor, bv. "Hy kom by my ___ vra of ek geld het."
 H. p. 40 : Voegwoorde word weggelaat, bv. "Die mens weet Jan sal kom , kan hy nie anders nie."
- 1.23 persoonlike vnw. + wederkerende vnw. x persoonlike vnw. + ___
 A. 010219: bv. "... da moe ji ma vi ___ ene kry ..."
- 1.24 voorsetsel + NS(IO) x ___ + NS(IO)
 A. 140204: bv. "...ek lat-ie my kənəs ___ səkə gemors kyk-ie." (na)
 010228: bv. "... kry ons ook ___ baie goedkoop prys." (teen)

- 140203: bv. "... alma ___ ons familie is ma kort mense." (van/in)
- 140202: bv. "... h lle bring ___ dʒæu gou mul xh it." (vir)
- J. p. 46; 122; 127; 129: Voorsetselweglating, bv. "toe ek ___ my mense verlang"
- p. 383: Soms word die vir voor die indirekte objek weggelaat en soms nie, afh ngende van die posisie van die indirekte objek, bv. "Ons kan ___ hom nou-nou sy van vra ..."
- 1.25 voorsetsel + NS + voorsetsel x voorsetsel + NS + ___
- A. 010239: bv. "... toe kom 'n ane klonkie in-ie pad ___. (in ... af)
- 010221: bv. "... en dan gan sy na haa familie ___. (na ... toe)
- 020223: bv. "... wat gekom h t van Duitsland ___. (van ... af)
- 1.26 S + V + nie-menslike O x S + V + voorsetsel + nie-menslikhei
- C. p. 142: Vir word voor nie-menslike objekte gebruik, bv. "vir dit" naas daarvoor.
- 1.27 S + V + DO x S + V + voorsetsel + DO
- E. p. 161: vir word soms saam met die direkte voorwerp gebruik, bv. "Het jy gesien vir hulle?"
- J. p. 385; 386: Soms word dit voor die DO van die sin ingevoeg slegs om te benadruk of duidelikheid te verkry, bv. "Nou ja, toe het hy vir my gehuur."
- 1.28 NS + betreklike vnw. x NS + betreklike vnw. + voorsetsel
- A. 010231: bv. " n saak waa-oor ek nou al beginne moeg voor raak ..."
- 1.29 medewerkwoord + verlede deelwoord x medewerkwoord + ___
(waar van die verlede sprake is)
- A. 140202: bv. "toe't  k my eeste bab tʃi net ___."
- 1.30 sal + wil + infinitief x sal + ___ + verbo  vorm van die ww.
- A. 010111: bv. " k sal graag die ... beste vi my k n s ___ het ..."
2. Herhaling
- 2.1 Enkele voorkoms van S x S kom meer kere (in gevarieerde vorm) voor
- A. 070308: bv. "Jy moet net jy die felle gooi."
"... dit was maar knap gewl:s die  eld."
- 2.2 S + V + O x O + S + V + O
- A. 020138: bv. "... die  nerwysers, jy jy kan h lle nie kwalik neem nie ..."
- 2.3 Enkele voorkoms van sin(sdeel) x herhaling van sin(sdeel) (soms met gevarieerde volgorde)
- A. 010218: bv. " n ek het baie jare het ek gespeel ..."
- 140204: bv. "... ons het nou v dag het ons ..."

- 010106: bv. "... ons is op-ie oomlik is ɔs hie in-ie Kaap besig .."
 010415: bv. "... ons petaal vi Hanli petaal ons ..."
 140203: Naas die bevestigende "ja" - antwoord, word die laaste deel van die vorige spreker herhaal en dan volg ja,
 bv. V: "... by die tafel kom sit."
 R: "Ta:vəl kom sit, ja."

F. p. 224: Herhaling van sin/frase in omgekeerde woordorde,
 bv. "Toe het ek vir hom gesê hy moet kom, het ek vir hom gesê."

J. p. 108; 202; 203: Ter wille van nadruk (om semantiese rolle uit te lig) word koreferensiële voornaamwoordstukke en betreklike voornaamwoorde herhaal, bv. "Die bladvleis wat daar gegooi ... dis die blad vleis wat ..."

2.4 Enkele voorkoms van 'n sinsdeel x herhalingsomskrywing van die sinsdeel

A. 010127: bv. "... toe ek by die ouderdom van twintig jaa oud was ..."

010415: bv. "... petaal ek ongeveer sê ma vyftien rand ..."

G. p. 156: Herhaling en opstapeling van o.a. die NS kom voor,
 bv. "Dis my oudste, my heel oudste."

J. p. 203: Herhaling en substitusie en woordordewysiging kom voor,
 bv. "Die ou bly in die Kleurlinggebied, daar bly die ou Baas."

2.5 Vraag + antwoord x vraag + herhaling van vraag + antwoord

J. p. 201; 202: Die veldwerker se vraag word soms (gedeeltelik) herhaal vir beklemtoning en om die inisiatief te behou,
 bv. "En wat doen julle toe?"

"En wat doen ons toe? Ons skiet hulle."

2.6 Enkele voorkoms van adjunk x herhaling van adjunk

A. 010106: al, bv. "... ɔ:s al hele paar keer al weggega."

110301: eintlik, bv. "Eintlik is TV-prugramme ... eintlik maar swak."

010314: hier, bv. "... hie's-ət ɔrait om hie te ... woon ..."

010407: maar, bv. "... su't ək ma altyd ma su bitʃi ..."

140202: nog, bv. "... toe was ek nog mos nog nie ..."

E. p. 163: Adjunk-herhaling, bv. "Ek het dit al opgelet al."

F. p. 218: Bywoorde van tyd en plek word herhaal, bv. "Toe ons nou ..., toe ..."

H. p. 70 : saam ondergaan dikwels reduplikasie,
 bv. "Hy eet saam met hom saam."

J. p. 203: Verskillende sinstukke (bv. die adjunk) word herhaal om 'n semantiese rol uit te lig, bv. "Voorlat hy nie, voorlat hy nie ..."

2.7 Redegewende adjunk + res van bysin van rede + hoofsin x redegewende adjunk + res van bysin van rede + redegewende adjunk + hoofsin

A. 010409: bv. "... deudat ek kortskiet, dan ly ek daaoner."

2.8 Tydsaanduiding x tydsaanduiding + ander tydsaanduiding

A. 010418: bv. "Də:nera:s da stI: ek ..."

140202: bv. "In daai tyd toe was ..."

080104: bv. "... naderan toe't sy nou 'n baba vewag"

2.9 Enkele adjunk x verskillende adjunkte kom saam voor

A. 140204: bv. "Al sport wat nou wel ek min uk nou daa is ..."

020138: bv. "Wel, e ... ja, soos ek nou sē, kyk, nou ..."

E. p. 161: want hoekom; because why soms as verbindingsadjunkte gebruik sonder om die strukture van die twee sinne te verander, bv. "Ek het maar net nie weggebly nie, want hoekom, anderste sit ek vir hulle in die lurch."

p. 164: Oorbodige gebruik van graadbepalings, bv. "dis mos baie verskriklik"

2.10 Enkele voorkoms van voorsetsetel x herhaling van voorsetsetel

A. 010409: aan, bv. "ən su: gan dit an die heelda an."

in, bv. "... ons bly in haise in ..."

uit, bv. "... eit 'n gesin eit van ... vyf kənəs."

C. p. 141: Herhaling van voorsetsetels, bv. "hy bly in Soutrivier in"

E. p. 163: Voorsetsetelherhaling, bv. "As jy land in Jedda in"

H. P. 70 : Kern dikwels omring deur partikels, bv. "Hy is in die huis in."

J. p. 127: 'n Voorsetsetel-agtersetsetel-konstruksie kom voor, bv. "in die dorp in"

2.11 Enkele voorsetsetel x verskillende voorsetsetels kom saam voor

E. p. 164: Voorsetsetelopstapeling, bv. "Ek het gery tot na in Eshowe."

2.12 Enkele voorkoms van 'n (mede) werkwoord x herhaling van (mede) werkwoord

A. 010418: bv. "... ən gan die græuzəris gan kup."

110604: bv. "... wat hət ons gemaak hət."

010201: bv. "... dan mag nie 'n haar of niks mag eitsteek nie."

010209: bv. "Toe praat ons nog 'n hele par vræuns praat ..."

140201: bv. "... da wil jy altyd wil kla."

E. p. 162: Werkwoord-herhaling, bv. "Daar word niks gesê word nie."

F. p. 216: gaan/kom word herhaal, bv. "Hy gaan Dinsdae eers gaan maal"

"Hier kom ou Lang-Koos nou kom heuning uithaal."

2.13 Enkele medewerkwoord x verskillende medewerkwoorde kom saam voor

F. p. 220: Stuur word soms in 'n skynbare werkwoordelike funksie gebruik, bv. "Uitspantyd sal ek Floors die perde help stuur water gee."

3. (Idiomatiese) omskrywingsvariante

3.1 Volle begrip/sinsdeel x deel van begrip/sinsdeel (terwyl betekenis konstant bly)

A. 010112: bv. "... halle vat net sekere plekke by Groot Skee an." (naas "hulle neem net sekere plekke se inwoners/mense in by ...")

3.2 aanduiding van tydsduur + se + handeling x aanduiding van tydsduur + se + tyd

A. 010227: bv. "... dis vi ons twalf ure se tyd om hais toe te gan."

3.3 baie keer x baie tyd

A. 010218: bv. "Baie tyd da gan'le ..."

3.4 'n bestaan maak x 'n lewe uitvoer

A. 010420: bv. "'n lewe uitvoer"

3.5 by 'n persoon opkom x by 'n persoon kom

A. 010127: bv. "... dit het by my gekom dat daa ..."

3.6 die vrou van die huis x die vrou van haar huis

A. 010219: bv. "... die vrou van haa hais wil haa kombais pravaat hê."

3.7 dit is nodig x jy het nodig

A. 010241: bv. "Dan het djy nie norig om ..."

3.8 doen (+ tipe werk) x gaan vir (+ tipe werk)

A. 010407: bv. "... toe gat ek ok ma vir neni."

3.9 en so aan/ensovoorts x en almal die x en alles daar nou

A. 010306: bv. "Makliker skoonmaak en amal die."

010404: bv. "... toekap en toemak en alles da nu."

3.10 en so aan x so aan

A. 010239: bv. "... twi slaapkames su an."

3.11 gaan + NS + toe x gaan + NS +

A. 010404: bv. "... toe gat os ... pulisstasie ____."

- 3.12 gee (iets) publisiteit x maak publisiteit van (iets)
 A. 010119: bv. "... is die koerante geneig om-æt publæsiteit davan te maak."
- 3.13 getal + jaar + oud x getal + jaar + _____
 A. 140203: bv. "Hy's ag jaa , ..."
- 3.14 herinner aan x aandagtig maak
 A. 010219: bv. "də maag mi ... andagtag toe ek in-ie ..."
- 3.15 huishou x die huis hou
 A. 110603: bv. "Toe moet ək vi my pa die huis hou ..."
- 3.16 (iets) aanbeveel x (iets) aan iemand beveel
 A. 010127: bv. "En ek kan die Here an enige een beveel ..."
- 3.17 iets kaal steel x iets kaal maak
 A. 010239: bv. "... ən sy sak kaal gemak ..."
- 3.18 iets soos 'n + ... x -ding
 A. 140201: bv. "Is dit nie 'n grafding nie?"
- 3.19 iets van die aard x iets soos die aard
 A. 010240: bv. "... werk kom of iets sus-ie aard nie."
- 3.20 (in aanmerking) neem x (onder aandag) vat
 A. 140204: bv. "as jy nou ... ənə aandag nou vat."
- 3.21 in die middel van x mid deur
 A. 010218: bv. "... toe ek mid deer-ie sapwəi ..."
- 3.22 in die werk steek x in die werk sit
 A. 010217: bv. "... həl moet in-ie werk gesit vəd ..."
- 3.23 in 'n beroep staan x in 'n beroep volstaan
 A. 100312: bv. "... in hulle beroepe te kan volstaan."
- 3.24 kwaad doen/skade aanrig x kwaad aandoen
 A. 010217: bv. "... sodat həlle nie ... kwaad aandoen nie."
- 3.25 laat dink x kom dink
 A. 010302: bv. "En sy het my nou kom dink an ..."
- 3.26 'n mens se gedagtes laat gaan x 'n mens se gedagte laat gaan
 A. 100312: bv. "... dan laat dit 'n mens se gedagte gaan"
- 3.27 met die gevolg dat x met die gevolg is
 A. 020138: bv. "... mε-die gevolg is: die mense ..."
- 3.28 met opset x met 'n set
 A. 010307: bv. "... ka jou nie met 'n set seermak nie."
- 3.29 na mekaar toe x bymekaar
 A. 010226: bv. "... ons gan bymekaar ..."
- 3.30 mekaar x een die ander
 A. 010140: bv. "... hoe om te praat mit in-ie aner."

- 3.31 nog minder x nog te minder
 A. 020138: bv. "... Afrikaans nog te mənər."
- 3.32 nog nie eers/skaars (+ ouderdom) x ingegaan vir (+ ouderdom)
 A. 010407: bv. "Toe was ək mar ingegan vi tien ..."
- 3.33 ('n) plek om heen te gaan x ('n) plek om te gaan
 A. 010203: bv. "... daardie mē:se het geen plek om te gan nie."
- 3.34 rondswerf x van hoek tot kant swerf
 A. 010155: bv. "... lat sy nou moet swerf van hoek tot kant vi ha kiners."
- 3.35 sien uit na x kyk vorentoe vir
 A. 010112: bv. "En hy kyk baie vorentoe vir 'n boi."
- 3.36 (skors) uit die skool uit x (skors) van die skool af
 A. 010224: bv. "... da wil hy ə:s skors van-ie skool af ..."
- 3.37 soos byvoorbeeld x soos nou
 A. 010209: bv. "Sus nou my oudste sinqi is vier."
- 3.38 te doen hē x te doen wees
 A. 010140: bv. "... niks mət haa wil te doen wis nie."
- 3.39 tuinmaak x tuine maak
 A. 010241: bv. "... as almal prubeer təine maak ..."
- 3.40 van die werk af x uit die werk uit
 A. 010240: bv. "... as-ie kənəs al almal by-rie hēis is əit die wə:k əit."
- 3.41 van kop tot tone x van kop tot toon
 A. 010201: bv. "... moet jy gekleed wees van kop tot toon ..."
- 3.42 van toe af x van daar af x daarvandaan
 A. 010224: bv. "... van da: af het hy gesē ..."
 010155: bv. "ən daavənan toe sē ek vi haa: ..."
- 3.43 verdwaal in + plek x verdwaal uit + plek + uit
 A. 010404: bv. "Həlle sal siker nou verdwaal əit die pa:kwut əit."
- 3.44 vir wie x wat saam met
 A. 010407: bv. "Baie witmē:se hət kines gehad wət saam mət bəibisit gedoen."
- 3.45 vroeër jare x vroe jare
 bv. 010218: bv. "Daa was 'n pulisman vroe jare ..."
4. Sinsorde en struktuur
- 4.1 Enkelvoudige sinstruktuur x sinne met parentetiese dele
 A. 140204: bv. "As jou kind die regte opvoeding of-ie regte leiding van skoolvlak af, waa hy kan kompeteer met verskillende rasse-groepe, dan gan hy uk die ... die wil kry om te presteer teen mede ... e ... deelnemers in-ie spōrte."

- 020138: bv. "... toe weet h lle nie waayan praat  k nie en ons — die afgelope drie jaar al in-ie Kaap — is ons al bewus van 'n ..."
- F. p. 212: Parentese kom in groot verskeidenheid voor, bv.
"Ons het di  oggend (gewoonlik staan ons ploegtyd eerste-hoenderkraai op) omtrent hier so teen drie-uur se stryk di  perde voer gegee."
- G. p. 174: Parentetiese sinne is volop en versteur die sinsbou, bv. "En toe  k op die grond kom - dis gelyk grond, ... — en  k loop sit."
- 4.2 Enkelvoudige sinstruktuur x sinne met perifrastiese dele
- A. 140204: bv. "... sport is nou maa ek meen deel van ons lewe ka mens nou maar s ."
- F. p. 210: Perifrase vind plaas, bv. "As  k die dag daar nie meer is nie en die dag onder die grond l  ..."
- 4.3 Vraag + antwoord (aparte sinne) x vraag + antwoord (in een sin)
- F. p. 213: Frase en sinkontaminasie vind plaas waar vraag en antwoord in dieselfde sin voorkom, bv. "Hoe is dit dan nes die vleis na dip smaak."
- 4.4 Tradisioneel gestruktureerde sinne (SVO) x minder geordende sinne
- A. 140204: bv. "Wat nou bietjie weet baie's s   k nou s  finansieel."
- 4.5 SOV x SVO (in bysinne, by die verlede- en toekomstende tyd en by sinne met skeibare werkwoorde)
- A. 010112: bv. "Sus hy sny byvoorbeeld die werk, ..."
- 010216: bv. "... en hou  k ... gewoonlik dop die kindes ..."
- 010214: bv. "... h lle't gan sit daa."
- C. p. 139: SOV x SVO in sinne met medewerkwoorde, bv. "ons glo dat Allah help vir sy kinders"
- E. p. 85;
159 : Eindrelevering van die direkte voorwerp; ook plasingsvariasie waar van 'n voegwoord sprake is, bv.
"Ek het geleen 'n honderd rand."
- F. p. 211: Sprekers vermy 'n omgekeerde woordorde, bv. "Dit re n, hoewel hy loop buite siek rond."
- H. p. 39 : Deur misplasing van woorde verskil die Kleurlinge se sinskonstruksies dikwels van AB, bv. "Dit het aangegryp Gatiepie."

J. p. 177;

178 : Naas bysinne waar die spilwerkwoord uit die tweede sinsposisie verskuif word, kom bysinne met modale hulpwerkwoorde as spilwerkwoorde ook in die volgorde SVO voor, bv. "lat die kind kan jou ok ere."

4.6 S + V + O x Dit/die/wat + V + O + S (vir tematiese prominensie)

F. p. 215;

219 : Presisering van die onderwerp deur herhaling aan die einde van die sin in gespesifiseerde vorm, bv. "Dië is hier baie, molle en kruipmolle."

J. p. 186: dit- en wat-splitsing kom voor, bv.

"dit is annerdag wat hy hier gewas het"

"wat hy baie gestraf het, was die Kaalkaffers"

4.7 S + V + DO x DO + V + S

A. 140201: bv. "... alles moet jy betaal ..."

F. p. 214: Die direkte voorwerp word soms voorop in die sin geplaas, bv. "Koring saai ons net op die Karoogrand."

4.8 S + V + O x V (in die vorm van 'n voorwerpsin) + V + S + O

F. p. 215: Geobjektiveerde vooropstelling van die gesegde, bv. "Sondae kerk toe gaan, gaan hy darem nog gereeld."

4.9 S + V + O x S + V + dit/die + O

G. p. 155: Agteropplasing van belangrike deel van sin, bv. "Het jy dit al gekoop, die lampolie?"

4.10 S + O + V x O + S + V (in bysinne)

A. 020109: bv. "... hoe die dinge ons doen ..."

4.11 Afsonderlik gestruktureerde sinne x sinne neweskikkend verbind d.m.v. en

A. 010216: bv. "... en ek hou nog gewoonlik dop die kindes ... en ek voel baie bly, want ek sien halle's ... vrolik. En ek dink ..."

4.12 S + byvoeglike bysin + V + X x S + V + X + byvoeglike bysin

A. 020138: bv. "... die omgewing tel tog waarin jy bələi ..."

010242: bv. "En-ie geld is su min wat die mans voo werk."

4.13 As + S + X + V (bysin van omstandigheid) + V + S + X (hoofsin) x As + S + V + X (bysin van omstandigheid) + S + V + X (hoofsin)

A. 010415: bv. "... as ek moet hēis petaal ek petaal sestien rand ..."

- 4.14 Bywoordelike bysin + hoofsin (V + S + X) x bywoordelike bysin + hoofsin (S + V + X)
 A. 010119: bv. "... wanne jy tr^aou, jy maak 'n belofte ..."
- 4.15 Bywoordelike bysin + V + S + X x S + bywoordelike bysin + V + X
 A. 010134: bv. "... kiners wannə həlle groter word, is genəig ..."
- 4.16 S + V + adjunk + X x S + V + X + adjunk
 A. 140203: al, bv. "... hy sit op skool al."
 020109: eintlik, bv. "... ek ... sal nie so einlik sē nie ..."
 110604: meer, bv. "ons het nou niks gewerk meer-ie ..."
 140202: mos, bv. "Is-ie inəxstə ləθər fækteri mos in Kaap."
 010106: nou, bv. "En meeste van-ie mense raak ontslae van hierie groot karre nou."
 070308: seker, bv. "Darom is ek su sieklik sI:ker ..."
 010218: vroe jare, bv. "Daa was 'n pulisman vroe jare gewees ..."
- 4.17 S + O + adjunk + V x adjunk + S + O + V (in bysinne)
 A. 010108: bv. "... waa voorheen həlle nie dit gedoen het nie."
- 4.18 S + V + adjunk + X x adjunk + S + V + X
 A. 010239: bv. "Nou die plek is məs klein ..."
- 4.19 Verbindingswoord + S + V + adjunk + X x verbindingswoord + adjunk + S + V + X
 A. 020138: bv. "Ma nou die aner ding is ..."
- 4.20 het + adjunk van beperking + X + verlede deelwoord x het + X + adjunk van beperking + verlede deelwoord
 A. 010415: bv. "Toe'd-əi eers vi agtien rand ma gewerk."
- 4.21 is + adjunk van beperking + kopulapredikaat x is + kopulapredikaat + adjunk
 A. 010140: bv. "... dis die beste maa dat ons ..."
- 4.22 relatiewe vnw. + adjunk + bywoordelike bepaling + ww. x relatiewe vnw. + bywoordelike bepaling + adjunk + ww.
 A. 020109: "... wat əit die skool nog kom ..."
- 4.23 ww. + adjunk + negatief x ww. + negatief + adjunk
 A. 010240: bv. "... ek wit nie nog wat gan gebee nie."
- 4.24 om + O + adjunk (stopper) + X + te + infinitief x om + O + X + adjunk (stopper) + te + infinitief
 A. 010119: bv. "... om əgskeidings net op drie basisse nou te aanvaar."

- 4.25 Adjunk van teenstelling + S + X + V x adjunk van teenstelling + S + V + X
 A. 070701: bv. "... waar aner jare het ek in-ie kombæis gewerk."
 010242: bv. "... waar-ie klere maak-æd-ie saak-ie ..."
- 4.26 Adjunk van tyd/plek + V + S + X x Adjunk van tyd/plek + S + V + X
 A. 010112: bv. "... somtye die kastømæ het ..."
 010217: bv. "... in ons omgewing daa's baie mense wat ..."
- 4.27 S + V (het) + tydsaanduiding + 0 x S + V (het) + 0 + tydsaanduiding
 A. 010415: bv. "... dan het ek mar 'n tien rand perty wI:ke v:r."
- 4.28 S + 0 + adjunk van tyd + V x S + 0 + V + adjunk van tyd (in bysinne)
 A. 010219: bv. "... dat die man-æt kan eendag kup ..."
- 4.29 om + tydsaanduiding + te + infinitief x om + te + infinitief + tydsaanduiding
 A. 010240: bv. "... om wærk te kry nou."
- 4.30 Tydsaanduiding + V + S + X x V + S + tydsaanduiding + X
 A. 020223: bv. "Het ons toe vir 'n ..."
- 4.31 Adjunk van voorwaarde + S + adjunk + 0 + V x adjunk van voorwaarde + S + V + adjunk + 0
 A. 010219: bv. "... as jy dan wil so grag 'n ... hê ..."
- 4.32 Adjunk van voorwaarde + S + V + X x S + adjunk van voorwaarde + S + V + X (in bysinne)
 A. 110604: bv. "Die mæ:nse as hëlle bymekaaR kom ..."
- 4.33 sal + 0 + wil + infinitief x sal + wil + 0 + infinitief
 A. 010238: bv. "ek sæl graag wil 'n boek skryf ..."
- 4.34 om + 0 + te + infinitief x om + te + infinitief + 0
 A. 020223: bv. "... vi hëlle ... uk te mak h'n groot fabriek."
- 4.35 voorsetsel + NS x NS + voorsetsel
 A. 070308: bv. "Da loop ons-ie kèpøk so dvarsdeer ..."
- 4.36 ww. + voorsetsel + NS + voorsetsel x ww. + voorsetsel + voorsetsel + NS
 A. 010214: bv. "... ek hæt op in-ie læg gegan."
- 4.37 Dele van deeltjiewerkwoord naby mekaar x dele van deeltjiewerkwoord kom gedistansieerd voor
 F. p. 216: Distansiëring van die dele van die deeltjiewerkwoord, bv. "... spoel ou Jan Louw se hele patatoes vir die jaar nou al vir die laaste week uit."

4.38 medewerkwoord + X + verlede deelwoord/infinities x mede-
werkwoord + verlede deelwoord/infinities + X

A. 140204: bv. "hølle vø:t angemoedig op skoolvlak!"

010302: bv. "... moet jy hoor die geraas ..."

4.39 S + medewerkwoord + (X) + 0 + infinitief x S + medewerk-
woord + loop/kom + 0 + infinitief

A. 070308: bv. "... moe jy nou eers loop die lammers voorsien ..."
"... moet ons kom baie goeters doen!"

5. Anaforiek

5.1 anafoor x (herhaaldelike) voorkoms van antesedent

A. 010418: bv. "... as my kind moe daa gan bly, gan my kind dood ..."

110603: bv. "En ð:s vervø is groot vervø."

J. p. 106: Antesedenteherhaling kom voor, bv. "Hy wil hē die
blankes hier bly, dan moet die blankes uittrek ..."

5.2 antesedent + kongruerende anafoor x antesedent + nie-
kongruerende anafoor (t.o.v. geslag)

G. p. 167: Geslag/die ketting word by anaforiek opgehef, bv.
"My vrou; hy is ..."

J. p. 104;

119: hy verdring dit as anaforiese voornaamwoorde, bv.
"droogte ... hy"

p. 105: Die anafoor hy word gebruik om na 'n vroulike referent
te verwys, bv. "my ma .. toe sē hy ..."

5.3 Tyds-/ruimte-aanduiding x bywoordelike anaforiek

J. p. 109: Bywoordelike anaforiek word gebruik vir tyd- en
ruimteverplasing asook 'n nadruksmiddel, bv. "maak ek
nou hier klaar, dan ..."

6. Deels-geneties

6.1 iets + adjektief + -s x iets + adjektief + ___

A. 010311: bv. "Is iets goed."

7. Hendiadis-konstruksie

7.1 sit/lê/staan/loop + en + infinitief x sit/lê/staan/loop +
___ + infinitief

A. 010404: "... toe lup hølle twi nog altit mekaa se hane ___
høvas ..."

F. p. 217: Hendiadis-konstruksie gevorm d.m.v. sit, lê, staan
met ôf sonder en, bv. "sit slaap"

G. p. 161: staan/sit/loop/lê dikwels saam met die ww. gebruik, maar
die en van die hendiadis val dikwels weg, bv.
"... loop oopgemaak"

J. p. 132;

134; 136 : Die en-lose skakelwerkwoordkonstruksie kom voor en so word die onderskeid tussen direkte en indirekte skakelwerkwoorde opgehef, bv. "sit gesels"

7.2 lê/sit/staan/loop + en + infinitief x lê/sit/staan/loop +
lê/sit/staan/loop + + infinitief

F. p. 217: Petrifikasie vind plaas t.o.v. lê, sit, staan, bv.
"Ek staan nog so staan kyk."

7.3 Afrikaanse hendiadis x Nederlandse vorm

E. p. 162: Verbale hendiadis kom soms soos in Nederlands voor,
bv. "Daar staat hy my aan te kyk."

7.4 ww. (selfstandig/losstaande) x hendiadis

J. p. 39 : Invoeging van die konstruksie staan en voor die ww.,
bv. "Wat staan en soek jy hier?"

8. Infinitief-konstruksie

8.1 om + te + infinitief x om + + infinitief

J. p. 161: Te-weglating kom voor by die infinitief, bv. "hy traai
om jou dood skiet."

8.2 om + te + infinitief x + te + infinitief

A. 140201: bv. "ek lêik altêi vi myself nu kos te ma'k."

8.3 om + te + infinitief x om + te + te + infinitief

A. 010415: bv. "... om te in-ie II:we də bly."

H. p. 40 : Ekstra te word by die infinitief-konstruksie gevoeg
i.p.v. om die om te te skei, bv. "om te uit te gaan"

J. p. 159;

160 : te word verdubbel by die infinitief, bv. "ytgekom om
te die regte deng te kry"

8.4 om + te + infinitief x om + te + verboë vorm van die ww.

H. p. 67 : om te het as infinitief naas om te hê

8.5 om + te + infinitief x om + te + infinitief + -e

J. p. 234: Die infinitief na die om te-konstruksie toon dikwels
'n oorblyfsel van die infinitiefsuitgang, bv.
"... te werk soeke nie"

8.6 om + te + verlede deelwoord + het x om + te + infinitief
+ het

A. 010312: "... om ... my ma te help hət ..."

8.7 om + (adjunk) + te + infinitief x om + te + infinitief +
(adjunk)

A. 010112: bv. "... ek hət gegan om in te boek wee by ..."

010202: bv. "Om te II:we vəndag is baie swaar ..."

- 8.8 om + X + te + infinitief x om + te + X + infinitief
 H. p. 40 : Konstruksie om te nie geskei waar dit gedoen behoort te word nie, bv. "om te die exam pass"
- J. p. 159: om en te word naas mekaar geplaas by die infinitief, bv. "om te kan saam met God wees"
- 8.9 om + voorsetsel + X + te + infinitief x om + ___ + X + te + infinitief
 A. 010415: "... is hier nou niks om eers ___ kos te ku:k nie."
- 8.10 om + te + infinitief x van + s.nw.
 A. 010119: bv. "... as jy beslëit van troue neem ..."
- 8.11 voel + om + te + infinitief x voel + vir + 'n + s.nw.
 A. 010209: bv. "As jy voel vir 'n skei ..."
- 8.12 hou daarvan + om + te + infinitief x hou + (van) + (om te) + infinitief
 A. 010408: bv. "... hy hau vreeslik ___ om te skilder."
 010307: bv. "... 'k hou van om by ESKOM te werk ..."
- 8.13 om + darem + te + moet + infinitief x om + mens moet darem + infinitief
 A. 010155: bv. "... die beste is om me:s moet da:m di:n da is .."
9. kom/gaan-konstruksie
 9.1 (Dit) + gaan + infinitief x (dit) + kom + infinitief
 F. p. 222: Die unku-m-konstruksie kom soms voor, bv. "dit kom reën"
- 9.2 gaan + ww. x gaan + kom + ww.
 A. 010231: bv. "... vir die week daa by hëlle bietjie gan kom eitrus."
- 9.3 gaan + infinitief x loop + infinitief
 A. 070308: bv. "... da'mme wat ons moet loop toedrai ..."
- 9.4 gaan + aan't + infinitief x raak + aan't + infinitief
 A. 070308: "... as't an't reën geraak hət."
10. met ... saam-konstruksie
 10.1 saam met x met ... saam
 F. p. 222: met ... saam -konstruksie, bv. "Ek praat nie met jou sam nie."
- 10.2 met x saam met
 A. 010302: "... sit ən gesels saam mət 'n dame ..."
- 10.3 saam met x saam
 A. 030114: bv. "Ek hət saam ___ my vrou gekom."
11. Negatief-konstruksie
 11.1 nie ... + nie x nie ... + ___
 A. 010415: bv. "... dit gan nie lekker ___."


- G. p. 151: Tweede nie van dubbele ontkenning weggelaat, bv.
"... so seer dat jy nie kan trap ___."
- J. p. 46 : Ontkenningskop + ontkenningstert x ontkenningkop + \emptyset ,
bv. "is okkie my kind ___."
- 11.2 nie ... + nie x negatief/nie ... + nie ... + nie
A. 080104: bv. "ek h et nou nog-ie gesien nie su iets gebee nie."
F. p. 218: Negatief dubbeld, aangedui, bv. "Ek het dit g'n nie
gedoen nie."
- 11.3 S + V + adjunk + nie + O + nie x S + V + nie + adjunk + O
+ nie
E. p. 160: Negatief-verskuiwing vind plaas waar sinsadjunkte
amper/nog met die negatief nie omruil, bv. "Ek wil nie
amper weer kom nie."
- 11.4 niks ... nie x ... nie + iets ... nie
A. 020138: bv. "... h elle gan jou nie iets leer nie."
12. Variante met nou
12.1 S + V + nou + X x S + V + X + nou
A. 010106: bv. "En meeste van-ie mense raak ontslae van hierie
groot karre nou."
- 12.2 S + V + O x Nou + S + V + O
A. 010112: bv. "Nou ek was ma nog-ie 'n maan getrou-ie ..."
- 12.3 Enkele voorkoms van nou x nou kom meer kere voor in die-
selfde sin
A. 010415: "Nou van daai dertig rand moet ons nou ..."
J. p. 164;
170; 171: nou/toe word dikwels in informele omgangstaal gebruik,
bv. "Nou daar ingespat het, nou haal jy ..."
13. Passief-konstruksie¹³
13.1 is/word + verlede deelwoord x ___ + verlede deelwoord
A. 140203: bv. "Omtrent al my goed ___ by ialerius gekup."

13. Hoewel hier onder die Sintaktiese afdeling min variasie aangetoon word t.o.v. die Passief-konstruksie, word die Passief ook betrek by die Morfologiese verskynsels onder die subkategorie Woordsoorte-Werkwoord (vgl. 1.7, p. 176).

4.3 SOSIOLOGIESE VERANDERLIKES AS DETERMINANTE VIR TAAL- GEBRUIK

4.3.1 DETERMINANTE BY DIE VOORKOMS VAN VARIASIE

Soos in die Inleiding (Hoofstuk 1) uiteengesit, is dit in 'n taalvariasiestudie belangrik om te onderskei tussen die grammatiese strukture van taalvariante en taalvariëteite (vgl. die Inventaris onder 4.2), en die eksterne faktore wat verantwoordelik is vir die voorkoms van daardie variante en variëteite.



Hierdie nie-grammatiese faktore dek 'n breë veld en kom, net soos die grammatiese faktore, sistematies voor. Om die voorkoms van spesifieke variante en variëteite dus te verklaar, sou die ondersoeker na 'n breë spektrum van determinante moet kyk, o.a. neurologiese, sielkundige en sosiologiese faktore.

In hierdie studie word nie intensief ingegaan op die verklaring en interpretasie van die gesistematiseerde variasie-data nie. 'n Illustrasie van die sistematiek van hierdie faktore wat taalgebruik beïnvloed, kan egter die weg berei vir verdere, intensiewer studie binne hierdie interessante veld.

4.3.2 SOSIOLOGIESE VERANDERLIKES

Een van die mees ooglopende en interessante determinante wat taalgebruik beïnvloed, behels die sosiologiese onderskeidings wat die voorkoms van variasie kan verklaar. Naas die bestudering van taalvariasie, word die bestudering van die sosiolinguïstiek hier ook essensieel. Die tabelle wat

direk hierna volg, gee 'n aanduiding van die aard van die sosiolinguistiese faktore wat betrokke is by die voorkoms van variante en variëteite (en waaraan in die toekoms heelwat aandag geskenk kan word). Dit bly egter belangrik om in gedagte te hou dat hierdie determinante wat geïdentifiseer is, maar 'n klein gedeelte uitmaak van die totale spektrum van faktore wat betrokke is by die verklaring van taalvariasie.

<p>A. AFRIKAANS VAN DIE WES-KAAP (EIE STUDIE)</p> <p>1. <u>Sosiale klas</u> - hoë - middel - arbeiders</p>	<p>B. KLOPPER, R. (1976)</p> <p>Klas - hoë - middel - lae</p>	<p>C. KLOPPER, R. (1983)</p> <p>Klas - hoë - middel - werkers</p>	<p>D. VAN DE RHEEDE, I. (1983)</p> <p>Sosiale struktuur - hoë - middel - arbeiders</p>	<p>E. KOTZÉ, E.F. (1983)</p> <p>Sosio-ekonomiese en sosiale groepe - hoë - middel - lae - n.a.v. beroep, woongebied, opvoeding en oordeel van veldwerker</p>	<p>I. VAN SCHALKWYK, D.J. (1983)</p>
<p>2. <u>Geloof</u> - Moslems - Christene - Kleurlinge en Blankes</p>	<p><u>Geloof</u> - Christene - Moslems</p>	<p><u>Geloofsverband</u> - Christen - Moslem - Maleier</p>			
<p>3. <u>Ouderdom</u> 0-20j. 0-20j. 21-25 21-40 26-35 OF 41-60 36-50 61→ 51-60 61→</p>	<p><u>Ouderdom</u> - jonk - middeljarig</p>	<p><u>Ouderdom</u> - jong vroue (24-34j.) - ouer vroue (45-55j.)</p>	<p><u>Ouderdom</u> - volwassenes - adolessente - pre-adolessente</p>	<p><u>Ouderdom</u> 10-19j. 20-29 30-39 40-49 50-59 60-69 70→</p>	<p><u>Ouderdom</u> 1-20j. 21-40 41-60 61-80 81-100</p>
<p>4. <u>Geslag</u> - manlik - vroulik</p>	<p><u>Geslag</u> - manlik - vroulik</p>		<p><u>Geslag</u> - manlik - vroulik</p>	<p><u>Geslag</u> - manlik - vroulik</p>	<p><u>Geslag</u> - manlik - vroulik</p>
<p>5. <u>Agtergrond</u> - beroep - behuising - opvoeding</p>	<p><u>Agtergrond</u> - beroep - behuising</p>				

<p>6. <u>Sosiale netwerk</u></p> <ul style="list-style-type: none"> - Blankes - Christen-Kleurlinge - Moslem-Kleurlinge 		<p><u>Sosiale netwerk</u></p> <ul style="list-style-type: none"> - Blankes - Christen-Kleurlinge - Moslem-Kleurlinge 			
<p>7. <u>Spraaklandskaps-herkoms</u></p> <ul style="list-style-type: none"> - Spesifieke ondersoek bepaal hier die determinante 		<p><u>Spraaklandskaps-herkoms</u></p> <ul style="list-style-type: none"> - 6 streke in Suid-Afrika: Transvaal O.V.S. Kaapse Weskus Boland Karoo Noord Natal 			
<p>8. <u>Taalgebruikstyle</u></p> <ul style="list-style-type: none"> - onderhouid - informeel - prosa - woordelys - morfologiese en sintaktiese lyste 	<p><u>Taalgebruikstyle</u></p> <ul style="list-style-type: none"> - verduidelikend - beskrywend - informeel - prosa-leesstyl - woordelys - spontane styl op versoek 		<p><u>Stylvariasie</u></p> <ul style="list-style-type: none"> - onderhouid - informeel - leesstuk - woordelys 	<p><u>Strukturering van onderhouid</u></p> <ul style="list-style-type: none"> - informeel - formeler - woordelys - leesstuk - spontane styl 	

<p>9. <u>Kwalifikasies</u></p> <ul style="list-style-type: none"> - geen - laerskool of deel daarvan - hoërskool of deel daarvan - tersiër 					<p><u>Kwalifikasies</u></p> <ul style="list-style-type: none"> - geen - sub A - st. 5 - st. 6 - st. 10 - tersiër
<p>10. <u>Tale magtig</u></p> <p>Hang van spesifieke ondersoek af, bv.</p> <ul style="list-style-type: none"> - Engels - Afrikaans - Maleis - Arabies 	G E E N G E G E W E N S	G E E N G E G E W E N S	G E E N G E G E W E N S	G E E N G E G E W E N S	<p><u>Tale magtig</u></p> <ul style="list-style-type: none"> - slegs Afrikaans - Afrikaans en Engels - Afrikaans en Nama - Afrikaans en Duits - Afrikaans, Engels en Duits - Afrikaans, Duits en Nama - Afrikaans, Engels en Nama - Afrikaans, Engels en Ovambo - Afrikaans, Nama en Herero - Afrikaans, Engels, Duits en Nama - Afrikaans, Engels, Herero, Ovambo - Afrikaans, Engels, Nama, Herero, Ovambo - Afrikaans, Engels, Duits, Nama, Herero, Ovambo
<p>11. <u>Woongebied</u></p> <p>Hang van spesifieke ondersoek af</p>				<p><u>Woonplek</u></p> <ul style="list-style-type: none"> - Rehobothgebied - Rehobothdorp - Khomasdal in Windhoek 	
<p>12. <u>Inkomste</u></p> <p>R0 - 500 R501 - 1000 R1001 - 3000 R3000 →</p>				<p><u>Inkomste</u></p> <p>R0 - 1000 R1001 - 3000 R3000 +</p>	
<p>13. <u>Etnisiteit van vader</u></p> <p>Hang van spesifieke ondersoek af</p>				<p><u>Etnisiteit van pa</u></p> <ul style="list-style-type: none"> - Baster - Blank - Maleier - Kleurling - Nama 	

<p>14. <u>Etnisiteit van moeder</u> Hang van spesifieke ondersoek af</p>		<p><u>Etnisiteit van ma</u> - Baster - Blank - Maleier - Kleurling - Nama</p>	
<p>15. <u>Besit van 'n radio</u> - Ja - Nee</p>		<p><u>Besit van 'n radio</u> - Ja - Nee</p>	
<p>16. <u>Keuse van variëteit van Afrikaans</u> Hang van spesifieke ondersoek af</p>		<p><u>Variasiekeuse</u> - geen antwoord - soos jong Basters - soos ou Basters - soos Blanke Afrikaanssprekendes</p>	
<p>17. <u>Lewensfeer</u> - laerskool - hoërskool - tersiër - naskool nie-tersiër</p>		<p><u>Lewensfeer</u> - laerskool - hoërskool - naskool</p>	
<p>18. <u>Informantgroep</u> - analfabete - laerskoolleerling - hoërskoolleerling - tersiër/naskool tot 40 jr. - bo 40 jr.</p>		<p><u>Informantgroep</u> - analfabete - laerskoolleerlinge - hoërskoolleerlinge - naskool tot 40 - naskool na 40</p>	
<p>19. <u>Geletterdheid</u> - alfabeet - analfabete</p>		<p><u>Geletterdheid</u> - analfabete - alfabeet</p>	
<p>20. <u>Diglossie</u> - "hoër" variant - formeel - "laer" variant - informeel</p>			

21. <u>Kodes</u> - groepskode - persoonlike kode (n.a.v. situasie)						
22. <u>Register</u> - spesifieke geleentheids- taalgebruik - persoonlike variant						

VOORBEELDE VAN VERBANDE TUSSEN TWEE SOSIOLINGUISTIESE VERANDERLIKES IN STUDIES OOR KLEURLING-AFRIKAANS

A. AFRIKAANS VAN DIE WES-KAAP (EIE STUDIE)	B. KLOPPER, R. (1976)	C. KLOPPER, R. (1983)	I. VAN SCHALKWYK, D.J. (1983)
1. geloof x klas	1. geloof x klas	1. geloof x klas	
2. geloof x ouderdom	2. geloof x ouderdom		
3. geslag x kwalifikasie			3. geslag x kwalifikasie
4. geslag x ouderdom			
5. geslag x inkomste			
6. klas x sosiale netwerk			
7. ouderdom x taalgebruikstyl			
8. klas x taalgebruikstyl			
9. geslag x taalgebruikstyl			
10. sosiale netwerk x taalgebruikstyl			
11. geloof x taalgebruikstyl			
12. besit van radio x taalgebruikstyl			
13. geletterdheid x taalgebruikstyl			
14. ouderdom x klas			
15. ouderdom x geslag			
16. ouderdom x kwalifikasie			

5. SLOTBESKOUING

5. SLOTBESKOUING

In hierdie studie is verskeie algemene doelwitte, maar ook spesifieke doelwitte voorop gestel. As nou oorsigtelik teruggekyk word na die resultaat van die studie, kan die mate waartoe die aanvanklike doelwitte bereik is, as maatstaf geneem word.

Soos aanvanklik uiteengesit, is dit belangrik om Kleurling-Afrikaans as variëteit van Afrikaans na waarde te skat - die groot sprekerstal van hierdie variëteit se positiewe gesindheid en lojaliteit teenoor Afrikaans is essensieel vir die bestaan en voortbestaan daarvan. In hierdie studie is oor die algemeen gepoog om d.m.v. die beskrywing van en bespreking rondom Kleurling-Afrikaans (as onderdeel van Kaapse Afrikaans) erkenning van hierdie variëteit te bevestig. Behalwe die poging om die regmatige bestaan en toekoms van Kleurling-Afrikaans te bevorder, word ook die gelykwaardigheid van dié variëteit naas enige ander variëteit van Afrikaans (ook Standard-Afrikaans) bevestig. Op dié wyse word daarby die duidelike sistematiek in die voorkoms van die betrokke variante in Kleurling-Afrikaans beklemtoon.

Waar daar vroeër 'n behoefte was aan 'n algemene beskrywing van Kleurling-Afrikaans om 'n geheelbeeld van die sistematiek binne hierdie variëteit te kry, is daar nou 'n breë korpus van gegewens beskikbaar. 'n Samevatting van studie- en navorsingsresultate tot dusver, en daarby die daarstelling van 'n navorsingsmodel met daarna die verwerking van 'n groot korpus gegewens volgens hierdie beginsels, vlek hierdie veld oop. Die sistematiesering van al die data wat op dié wyse bekom is, sorg verder vir die beskikbaarstelling van genoeg inligting oor die onderwerp, sodat 'n nadere beskouing van dié variëteit nou moontlik is. Hierdie opvolg-beskouings sal in die toekoms ook minder idiosinkraties wees, a.g.v. die nuwe, eenvormige basis van inligting waarvanaf uitgegaan kan word.

Naas die algemene bevordering van Kleurling-Afrikaans en die voorsiening in die behoeftes wat binne dié studiegebied bestaan het, is ook gepoog om drie spesifieke doelwitte te bereik.

Eerstens is die bestaande kennis rondom Kleurling-Afrikaans (en verwante variëteite van Afrikaans) saamgetrek tot 'n kort, kritiese uiteensetting/samevatting van wat reeds op dié gebied gedoen is. Ook navorsingsprosedures wat tot dusver in variasieondersoeke gebruik is, kom onder die vergrootglas. Die betekenis van hierdie konsentrasie van inligting lê daarin dat daar nou 'n breë, maar bondige basis as agtergrond beskikbaar is vir enige ondersoeker wat hom in die toekoms op hierdie gebied wil waag. 'n Vergelykende evaluering van hierdie gegewens het ook die opstel van 'n eenvormige model vir variasie-navorsing vergemaklik.

Die tweede doelwit, nl. die daarstelling van so 'n navorsingsmodel waarvolgens taalvariasie-navorsing (en meer spesifiek navorsing oor Kleurling-Afrikaans) gerig kan word, is in die tweede afdeling bereik. Hoewel bloot as riglyn, kan hierdie model toekomstige projekte op dié gebied tot heelwat voordeel wees. Nie net die beplanning en strukturering van dergelike ondersoeke nie, maar ook die detail van die praktiese uitvoer daarvan kan hierby baat. Die kontrolyste aan die einde van elke onderafdeling gee direk riglyne waarvolgens die navorser kan handel. Dit is egter belangrik om deurgaans in gedagte te hou dat elke projek unieke behoeftes en omstandighede sal meebring, en dat so 'n model m.a.w. geensins as voorskriftelik beskou mag word nie. Die doel bly m.a.w. eerder om afsonderlike studies in die toekoms met hierdie basis meer eenvormig, vergelykbaar en kontroleerbaar te maak. Op dié wyse sal die studie van taalvariëteite en -variante (en spesifiek ook Kleurling-Afrikaans) vinniger vorder en die bespreking rondom die onderwerp meer diepte verkry.

Om die terreinafbakening te doen vir so 'n navorsingsprojek is daar eintlik 'n breë databasis nodig (waaruit uittreksels gemaak kan word), wat as materiaal vir verdere ondersoek kan dien. Hierdie materiaal moet vir variasie-analise geskik wees, sodat die variasionele sistematiek voorrang kan geniet in die projek. In die bereiking van die derde doelwit word gepoog om aan hierdie behoefte te voldoen. Met die inskakeling by die RGN se breë projek oor die landstale van Suid-Afrika, is 'n groot korpus data

versamel met die transkripsie en ontsluiting van die opnames van Kleurling-taalgebuik wat beskikbaar gestel is. Sodoende word die breë geheelbeeld verkry, wat verlang word. Dié data is daarna op 'n variasie-basis gesistematiseer in kategorieë op klank, morfologiese en sintaktiese vlak. So kom dan 'n inventaris van tipiese verskynsels in Kleurling-Afrikaans tot stand.

Dit is hier as belangrik beskou om doelbewus te poog om die voorkoms van variasie in Kleurling-Afrikaans d.m.v. variasionele terminologie te beskryf. Op dié wyse word die basis gelê vir die wegbeweeg van die beskrywing van taalgebruiksverskynsels as 'n proses (van verandering). Taalgebruiksvariasie word m.a.w. gesien as die voorkoms van gelykwaardige variante naas mekaar binne 'n bepaalde variëteit of oor variëteite heen.

Die veld lê nou oop vir ander ondersoekers om die voorkoms van die variante wat geïdentifiseer is, te kontroleer. Daarby kan met die nadere ondersoek van die gesistematiseerde data gevind word dat alternatiewe/verdere kategorieë/indellings na vore kom. Die intensiewe bestudering van 'n seleksie van die geïdentifiseerde data kan ook verdere diepte binne die studieterrein meebring.

In hierdie ondersoek word gekonsentreer op die beskouing van Kleurling-Afrikaans vanuit drie gesigshoeke, nl. op 'n klankvlak (wat ook die meeste aandag gekry het in studies oor Kleurling-Afrikaans tot dusver), 'n morfologiese- en 'n sintaktiese vlak. Hierdie terreine is natuurlik nie die enigste vlakke waarvolgens die data bekyk kan word nie. Ook variasie op bv. die prosodiese- en die semantiese vlak behoort in die toekoms aandag te kry.

Binne die studieveld van taalvariasie speel die sosiolinguistiek 'n belangrike rol omdat hier aanvaar word dat taalgebruik (onder andere) sosiologies gedetermineer word. Hoewel 'n bondige uiteensetting van die sosiolinguistiese veranderlikes (bv. die inkomste van die spreker en die tipe behuising waarin hy bly) in hierdie studie as voorbeeld gegee word, behoort dit bloot as vertrekpunt te dien vir die verdere bestudering van die voorkoms van eksterne fak-

tore wat bydra tot die voorkoms van 'n bepaalde taalvariant of variëteit. So 'n studie kan dus meehelp om die voorkoms van variante binne 'n variëteit te interpreteer en te verklaar. In hierdie studie was dit nie 'n oogmerk om te vorder tot op die interpretasievlak nie - die resultate van die sistematiseringsfase behoort juis te dien as stimulasie om in die toekoms dieper in te gaan op die herkoms van en die redes vir die voorkoms van taalvariante. Ook ander veranderlikes kan dan betrek word in die verklaring van die voorkoms van spesifieke taalgebruiksvariante en -style by afsonderlike sprekers. In die toekoms kan die rol van bv. die neurolinguis-tiek, taalverwerwing, sprekersintensies en gemoedstoestande en selfs sielkundige faktore in diepte nagevors word.

Oor die algemeen gesien, lê die waarde van dié studie dus daarin dat deure oopgemaak word op twee vlakke. Eerstens is 'n basis gelê vir groter en intensiewer ondersoek rondom Kleurling-Afrikaans as 'n onderdeel/variëteit van (Kaapse) Afrikaans. In die tweede plek word die saak van taalvariasie as taal-studierigting bevorder deurdat vertrekpunte en rig-lyne in die algemeen hier uitgelig en beklemtoon word. Die hoop word uitgespreek dat hierdie verhandeling in die hand van enige taalvariasiekundige of -belangstellende 'n bydrae kan maak tot meer kennis van dié vakgebied.

BYLAE A

Transkripsies en ontsluiting van die bandmateriaal

(Vergelyk Hoofstuk 4, paragraaf 4.1.2)

TRANSKRIPSIES EN ONTSLUITING VAN DIE BANDMATERIAAL010106KANT B

ek-æt begin met mysiek ... (onduidelik) en em ... toe gan ...
 Ons as ons reis dan reis ɔs amal saam en ons em ... ɔs het al 'n
 paar plate gemaak soos 'n solo sewe en 'n paar langspelers en
 ons ... ons hoop om binnekort nog te maak. Em ... ons is op-ie
 oomlik is ɔs hie in-ie Kaap besig ən as ɔs hie klaa 's sal ɔs
 weer op 'n toer gaan met ... (onduidelik) ... en s ... en nog
 paar ane mense.

Ja:, sus ək gesē hət dan ... ons almal toer saam, en li ... ons
 ry saam en ɔ:s al hele paar keer al weggega. Ons gan ən
 ons kom ... da speel ons ...(onduidelik) ... dis sus-æt is.

V: Neem u deel aan so 'n ding ... aan die petrolsituasie?

R: Em ... ek neem-ie einlik deel nie, ma die styging van petrəl
 was sus-æt anga·n, is-æt 'n knou vi meeste van-ie mense
 hiesɔ ... hie in die rondte. Spɛʃiaal-ie mense mɛ-die ...
 met die meer grotere kar. Sus 'n jaar of twee gelede was-æt
 as jy jou ... jou tenk ook volmak dan ... dan wI:t jy hoe
 lank kan jy ry, mar ma sus vədag en sus-æt nog al ie tyd
 opgan dan kan jy nie, bikɔ:s ("because") jy moe nou meerder
 betaal om om jou ... om-ie petrəl in-ie kar te sit.

En meeste van-ie mense raak ontslae van hierie groot karre
 nou. Meeste gan nou vir kleiner soot. Ma ek ... ek kan ...
 Ja:, as-æt su is moet mɛ...mens mət ma 'n ... kleine een kry
 sus a...a...a fiets of 'n ... 'n iets sus dit om vi jou in-ie
 rondte te help, want as ... wan-as ... (onduidelik) ... nog
 'n keer moet opgan an opgan dan sal die ... die ... (ondui-
 delik) hy sal-ie mee kan byhou nie en ən al-ie ane dinge wat
 su te di:r is.

ONTSLUITING VAN 010106

I. KLANKPATRONE

1. [æ] x [ɛ], bv. ɛk; wɛggega
2. [k[≠]h] x [k[≠]_], bv. ɛk-ət
3. [ɛ] x [ə], bv. ɛk-ət; ən; hət; mət
4. [œ] x [y], bv. mysiek
5. [ns[≠]] x [_s[≠]], bv. ɔs (ons)
6. [l[≠]m] x [_t[≠]m], bv. almal
7. [p[≠]d] x [p[≠]_], bv. op-ie
8. [m[≠]bl] x [m[≠]l], bv. oomlik
9. [r[≠]] x [_[≠]], bv. hie_; klaa_; ane_(ander); ma_; vi_; kleine_;
mee_;
10. [r[≠]s] x [_t[≠]s], bv. hies
11. [rt[≠]] x [_t[≠]], bv. soot
12. [n[≠]d] x [n[≠]_], bv. in-ie; van-ie
13. [n[≠]d] x [n[≠]_], bv. ane (ander)
14. [a(:)] x [a:/a:], bv. Ja:
15. [o] x [u;u], bv. sus; sus; su; su
16. [æ] x [ə], bv. ək
17. [ɔ:(n)] x [ɔ:], bv. ɔ:s
18. [n[≠]] x [_[≠]], bv. wɛggega_; da_
19. [n[≠]d] x [_t[≠]d], bv. vədag
20. [a:] x [a(·)], bv. gan; anga.n; volmak; mar
21. [s[≠]d] x [s[≠]_], bv. sus-ət; was-ət; as-ət
22. [m[≠]n] x [m[≠]_], bv. neem-ie
23. [nt[≠]l] x [nt[≠]l], bv. einlik
24. [ɔ] x [ə], bv. petrəl
25. [l[≠]d] x [l[≠]_], bv. speʃiaal-ie; al-ie
26. [t[≠]] x [_[≠]], bv. moe_
27. [t[≠]d] x [t[≠]_], bv. mɛ-die
28. [e] x [i; I(:)], bv. wi:t
29. [a] x [ə], bv. vədag (vandag)
30. [m[≠]d] x [m[≠]_], bv. om-ie
31. [rt[≠]d] x [rt[≠]_], bv. hierie
32. [l[≠]n] x [l[≠]_], bv. sal-ie
33. [y:] x [i:], bv. di:r
34. [nt[≠]] x [n[≠]_], v. wan (want)

II. MORFOLOGIESE VERSKYNSELS

1. meer + adj. x meer + adj. + er (by die vergelykende trap van vergelyking), bv. "meer grotere kar."
2. adj. + s.nw. x adj. + -e + s.nw., bv. "grotere kar"
3. mv. x ekv., bv. "... -ie mense me-die ... met die meer grotere kar."
4. Naas Afrikaanse vorme kom ook Engelse vorme voor, bv. biko:s ("because")
5. gooi x sit, bv. "... petrəl in-ie kar te sit."
6. motor x kar, bv. "... petrəl in-ie kar te sit."
7. Naas die volle begrip/woordvorm, kom soms net 'n deel daarvan, wat steeds dieselfde betekenis verteenwoordig, voor, bv. "... die styging van petrəl " (naas petrolpryse).
8. rond x in die rondte, bv. "... vi meeste van-ie mense hieso ... hie in-ie rondte."
"... om vi jou in-ie rondte te help, ..."

III. SINTAKTIESE VERSKYNSELS

1. Bywoordelike bysin van omstandigheid (as + S + V) + hoofsin (V + S + X) x S + Bywoordelike bysin van omstandigheid (as + S + V) + hoofsin (dan + V + S + X), bv. "Ons as ons reis dan reis os almal saam ..."
2. Naas die enkele voorkoms van 'n sinsdeel, kom dit meer kere binne dieselfde sin voor (soms met 'n gewysigde woordorde), bv. "... ons is op-ie oomlik is os hie in-ie Kaap besig ..."
3. die/'n + s.nw. x + s.nw., bv. "... en nog paar ane mense", "... ō:s al hele paar keer ...", "... vir kleiner soot."
4. Naas die enkele voorkoms van al as adjunk, kom al soms meer kere binne dieselfde sin voor, bv. "... ō:s al hele paar keer al weggega."
5. S + V+adjunk + X x S + V + X + adjunk, bv. "En meeste van-ie mense raak ontslae van hierie groot karre nou."
6. + iets x 'n + iets, bv. "... 'n iets sus dit ..."

010108KANT B

